Gepubliseer op:

Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

www.enigstetroos.org

G.A. Hadjiantoniou, Ph.D., LL.B.

Die Pos uit Patmos

Treffende boodskappe oor die briewe aan die sewe gemeentes van die Openbaring

Kopiereg

Die boek is oorspronklik uitgegee deur NG Kerk-Uitgewers. Dit word elektronies beskikbaar gestel met die vriendelike toestemming van Lux Verbi.

Inhoud

Op die Stofomslag 4
Ter Verduideliking 5
Die Koninklike Pos 6
1. Die Brief aan Die Gemeente in Efese (I) 11
2. Die brief aan Die Gemeente in Efese (II) 15
3. Die Brief aan Die Gemeente in Smirna (I) 19
4. Die Brief aan Die Gemeente in Smirna (II) 24
5. Die Brief aan Die Gemeente in Pergamus (I) 29
6. Die Brief aan Die Gemeente in Pergamus (II) 34
7. Die Brief aan Die Gemeente in Thiatire (I) 39
8. Die Brief aan Die Gemeente in Thiatire (II) 44
9. Die Brief aan Die Gemeente in Sardis (I) 49
10. Die Brief aan Die Gemeente in Sardis (II) 54
11. Die Brief aan Die Gemeente in Filadelfia (I) 58
12. Die Brief aan Die Gemeente in Filadelfia (II) 64
13. Die Brief aan Die Gemeente in Laodicea (I) 69
14. Die Brief aan Die Gemeente in Laodicea (II) 74
EPILOOG 80

Op die Stofomslag

Voor

"In die stilte van die nag, in die jaar 95 of 96 n.C, het 'n vissersboot van die eiland Patmos anker gelig en na die kus van Klein-Asië vertrek . . . Dit het die koninklike pos aan boord gehad – sewe briewe van die opgestane Heiland aan sewe van Sy gemeentes in die Romeinse provinsie Asië."

So begin dr. Hadjiantoniou hierdie heldere werk oor die briewe aan die sewe gemeentes van die Openbaring.

Die skrywer is 'n Griek van geboorte, afkomstig uit Smirna, die stad waarheen die tweede van die sewe briewe gestuur was. Hy skryf met 'n besondere insig in die plaaslike omstandighede, 'n diepte van aanvoeling en groot eenvoud, sodat die leser 'n besef kry van die betekenis wat die briewe vir die Christene van die vroeë kerk moet gehad het en nog het vir die Christen van vandag.

Agter

Dr. Hadjiantoniou het in Athene 'n regspraktyk gehad, totdat één hofsaak aan sy lewe 'n heeltemal nuwe wending gegee het. Hy het die verdediging waargeneem van 'n groepie Christene van 'n evangeliese rigting, wat vanweë hul optrede en die verkoop van Bybels deur hul kerkowerheid in die hof aangekla is. Hulle standvastigheid en nederigheid het so 'n indruk op hom gemaak dat hy sy regspraktyk laat vaar het om leraar van die Griekse Evangeliese Kerk te word. Ná sy opleiding aan die Universiteit van Cambridge het hy sy doktorsgraad aan die Universiteit van Edinburgh behaal en vir die duur van die Tweede Wêreldoorlog as predikant van die Presbiteriaanse Kerk gewerk, totdat hy na Griekeland teruggekeer het, waar hy 'n tyd lank leraar van 'n gemeente in Athene was.

Ter Verduideliking

Die Griekse woord *ekklesia* word in die Engelse vertaling van die Bybel met "church" weergegee, in die Afrikaanse vertaling met "gemeente". Die woord "gemeente" kan dan ook toegepas word op enige "kerk", na gelang van omstandighede.

DIE VERTALER

Die Koninklike Pos

IN DIE STILTE van die nag, in die jaar 95 of 96 n.C. het 'n vissersboot naby die kus van die eiland Patmos anker gelig en na die kus van Klein-Asië vertrek. Dit was 'n gedenkwaardige reis, want daardie vissersboot het letterik die koninklike pos aan boord gehad. Sorgvuldig in die ruim gebêre, was daar sewe briewe van die opgestane Here aan sewe van Sy gemeentes, wat in verskeie dele van die groot Romeinse provinsie Asië versprei was. Hierdie briewe kom voor aan die begin van die laaste boek van die Nuwe Testament en sal die onderwerp van ons studie wees.

Ons sal natuurlik in gedagte probeer hou dat ons hier met *briewe* te doen het. En ons sal hulle nie benader soos iemand museumstukke besigtig of ou manuskripte in 'n biblioteek bestudeer nie, maar eerder met die gretigheid waarmee iemand 'n brief van 'n geliefde persoon uit die hand van die briewebesteller neem, met ongeduld om die inhoud te wete te kom en 'n paar minute van hartlike, innige gemeenskap met die geliefde te hê. Daarom sal ons die briewe met eerbiedige hande oopmaak en met 'n verwagtende gees die woorde lees wat die Here van die kerk aan ons gerig het.

Maar voordat ons dit doen, kan ons gerus 'n oomblik kyk na die man deur wie hierdie briewe aan ons gebring is: Johannes of, soos hy beter aan ons bekend is: Johannes, die dissipel vir wie Jesus liefgehad het. Want Johannes is slegs die neerskrywer, nie die sender van die briewe nie. En daarin lê die verskil tussen hierdie sewe briewe en al die ander briewe wat in die Nuwe Testament opgeneem is. Die senders van daardie ander briewe dra almal menslike name: "Paulus, 'n dienskneg van Jesus Christus", "Simeon Petrus, 'n dienskneg en apostel van Jesus Christus". En hoewel hulle op 'n besondere wyse deur God geïnspireer was, was die senders van daardie briewe tog slegs menslik, terwyl die Sender van hierdie sewe briewe die opgestane Here is. In die meeste vertalings van die Bybel dra die laaste boek die titel: "Die Openbaring van Johannes". Dit is verkeerd! Hier het ons 'n geval waar die naam van die sender vervang is deur die naam van die briewebesteller. Die boek self begin met die woorde: "Die openbaring van Jesus Christus". Openbaring, dus, nie van Johannes nie, maar van Jesus Christus

Hoe het dit gekom dat hierdie briewe in die hande van die seun van Sebedeus was? En waarom is hy gekies om hulle neer te skrywe? Johannes gee ons die antwoord. Hy sê: "Ek was op die eiland wat Patmos genoem word, ter wille van die woord van God en om die getuienis van Jesus Christus." Ná 'n kort stilte wat op die vervolging deur Nero gevolg het, het 'n nuwe storm teen die jong kerk losgebreek onder die regering van Domitianus. Aan hierdie storm het die bejaarde, enigste oorlewende apostel nie ontkom nie. Daarom bevind Johannes hom as banneling op daardie klein rotsagtige eiland van die Egeïese See, afgesny van sy geliefde gemeente in Efese, waarvan hy 'n aantal jare die leraar was.

Daar is seker geen straf so neerdrukkend of moed ontnemend as die van verbanning nie. Johannes was ook maar 'n mens, en ons kan ons voorstel watter marteling die gedwonge afsondering van sy eilandgevangenis vir hom mψῆφον λευκὴν (Rev 2:17 SCR)oet gewees het. 'n Mens kan jou voorstel hoe hy langs die strand sou gewandel het, en oral waar hy kyk, net daardie uitgestrekte, onverbiddelike, spottende blou lyn van die see rondom hom gesien het. Daarom is dit ook nie vreemd nie dat hy in die visioen van die nuwe hemel en die nuwe aarde, wat hy op daardie eiland ontvang het, daardie klein besonderheid noem dat "die see daar nie meer (was) nie". Daardie altyd teenwoordige bewaarder sou uiteindelik van hom weggeneem word; daardie wrede element van skeiding sou vir altyd uit Gods wêreld verdwyn.

Terwyl sy verlangende oë met heimwee op die verre berge van Klein-Asië gevestig was, het iets skielik die stilte verbreek. Hy sê: "Ek het 'n groot stem gehoor, soos van 'n basuin." Toe God op die punt gestaan het om Hom op die berg Sinai te openbaar, is die stilte wat rondom die berg geheers het, deur die geluid van 'n baie sterk basuin verbreek. Wanneer die groot poort van die tempel vroeg in die môre vir die mense oopgemaak is, het die geskal van 'n basuin dit verkondig. Wanneer die sabbatjaar sou

begin, het die vrolike geskal van twee silwertrompette die blye gebeurtenis aan die volk bekend gemaak. En nou, toe die Here op die punt gestaan het om 'n belangrike gesig van "die laaste dae" aan Sy volk te gee, het 'n groot geluid, soos van 'n basuin, Sy stem aangekondig.

Is die stem van die basuin deur ander op daardie klein eiland gehoor? Het ander ballinge, of hulle bewaarders, die geluid gehoor? 'n Toneel uit die Ou Testament kan miskien die antwoord op hierdie vraag gee. 'n Groep verbanne Jode sit op die wal van 'n rivier in Babel en beween hul droewige lot: "By die riviere van Babel, daar het ons gesit, ook geween as ons aan Sion dink. Aan die wilgerbome wat daarin is, het ons ons siters opgehang." Instrumente van vrolikheid was nutteloos in die uur van hulle groot droefheid. Laer af, op die wal van daardie selfde rivier, sit 'n man, ook 'n Joodse balling, en so beskryf hy sy ervaring: "In die dertigste jaar, in die vierde maand .... toe ek onder die ballinge by die Kebarrivier was, is die hemele geopen en het ek gesigte van God gesien." Wat 'n kontras! Een groep ballinge op die oewer van die rivier kon slegs sien hoe hulle skoonste drome op die vol rivier weggevoer word. Bokant daardie selfde rivier het die hemele egter oopgeskeur, en die jong priester Esegiël kon opkyk en gesigte van God sien!

Iets soortgelyks het ongetwyfeld op die eiland Patmos gebeur. Daardie verhewe, hemelse stem het van die een kant van die klein eiland na die ander weergalm, maar niemand behalwe die dissipel van Christus het dit gehoor nie. Die stem van Christus is net vir Sy eie dissipel hoorbaar. Die lug bokant die jong kerk was donker en vol dreigende wolke in die onrustige dae van Domitianus se regering. Maar juis hierdie wolke het skielik bokant 'n bepaalde plek in die Egeïese See oopgegaan, en 'n ou man het sy dowwe oë opgeslaan en gesigte van God gesien.

So het ons dan deur die poskantoor van Patmos hierdie briewe ontvang. Dit was die poskantoor van 'n groot verdrukking, wat 'n belangrike boodskap uit die hemel aan die kerk besorg het. Vir die keiser was daardie klein, rotsagtige eiland in die middel van die see maar net 'n plek van verbanning; vir die kerk was dit 'n geopende venster waardeur hy 'n unieke gesig van God en Sy wêreld ontvang het. En dwarsdeur die lang geskiedenis van die kerk was dit so gewees: sommige van die heerlikste boodskappe van God is in sulke omstandighede aan die kerk gestuur. Dit was aan die vervolgde kerk dat die skoonste gesigte van die geestelike lewe geskenk is. In die donkerste ure van sy geskiedenis het die kerk sy belangrikste lesse geleer.

Vandag nog lê daar pos vir die kerk by die poskantoor op Patmos. In hierdie angsvolle dae het die Here besondere boodskappe van liefde en bestraffing vir Sy kerk. En ook in die lewe van die individuele gelowige gebruik God die poskantoor op Patmos om 'n bevredigende verbinding met hom daar te stel. Wanneer die lug oor die lewe van 'n Christen skielik donker word, wanneer die storm losbars, wanneer die onheil toesak en sommige van sy beste planne in duie stort, dán is dit dat God Sy heerlikste boodskappe van troos en lewe stuur. Maar hoe baie van hierdie boodskappe word onafgelewer na die hemel teruggestuur!

Laat ons nou na die inhoud van die briewebesteller se sak kyk. Daar is net sewe briewe in die possak. Waarom dan sewe? En waarom sou die briewe juis aan daardie besondere gemeentes gerig wees? Daar was tog seker in daardie tyd ander gemeentes wat ouer en belangriker was as die van Smirna, Sardis en Pergamus. Waarom sou hierdie gemeentes dan tussen al die ander uitgesonder gewees het om briewe van Christus te ontvang?

Verskillende en teenstrydige teorieë is voorgehou as antwoorde op hierdie vrae. Ons sal ons nie nou in 'n doolhof van verklaringe begewe nie. Maar een van hierdie teorieë verdien tog spesiale vermelding. Daarvolgens het die sewe briewe, en die gemeentes wat hulle ontvang het, 'n profetiese betekenis gehad. Hierdie sewe gemeentes dui om die beurt — so word beweer — die opeenvolgende tydperke in die geskiedenis van die kerk aan, van die tyd toe die briewe afgelewer is tot aan die wederkoms van die Here. Die reeks begin met die gemeente in Efese, wat dan die kerk in die ná-apostoliese

tydperk voorstel, toe sy liefde vir sy Here reeds begin verflou het. Dan volg die gemeente in Smirna, simbool van die kerk in die tydperk van sware vervolginge. En so word die gang van die geskiedenis van die kerk voorgestel, dwarsdeur die Middeleeue en die Hervorming tot aan die kerk in ons dag, wat gepas verteenwoordig word deur die halfhartige gemeente in Laodicea.

Ondanks die beroemde name op die gebied van Bybelse wetenskap wat as ondersteuners van hierdie teorie genoem kan word, en met alle respek vir hulle, moet ek tog erken dat dit my koud laat. In die eerste plek is hierdie teorie nog 'n poging om uit Gods hand die geheim van "die tye en geleenthede" te steel wat Hy nie goed gedink het om aan ons te openbaar nie. Dit herinner my ook aan die verhaal van die rower Prokrustes in die ou Griekse mitologie, wat gewoond was om sy slagoffers op 'n baie eienaardige manier om die lewe te bring: hy het hulle op 'n bed neergelê en hulle hoof afgekap as hulle te lank daarvoor was, of hulle na bo en onder gerek as hulle te kort was! Dit lyk asof die geskiedenis deur die ontwerpers van bogenoemde teorie verplig word om op so 'n Prokrustesbed te lê. As 'n mens sien hoe die verskillende historiese tydperke wat dan deur die sewe gemeentes gesimboliseer sou wees, gekrimp of gerek word om aan die eise van hierdie teorie te voldoen, voel jy skepties daaroor.

Soos in die geval van ander moeilike Skrifgedeeltes, glo ek dat die regte verklaring langs eenvoudiger weë gesoek moet word. 'n Verklaring wat vir my natuurliker lyk en nader aan die waarheid, is die wat aanneem dat hierdie briewe met 'n tweeledige doel geskryf is. In die eerste plek het die briewe wat aan daardie bepaalde gemeentes gestuur is, spesifieke boodskappe vir elkeen van hulle bevat. Vanweë hulle besondere omstandighede in daardie tyd het elke gemeente dringend behoefte gehad aan die boodskap in die brief wat aan hom gerig was. Die tweede en breëre doel was dat die ewige waarhede wat in hierdie briewe geleer is, tuisgebring moes word aan die kerk as geheel, ongeag die tyd of plek. Omdat die getal sewe 'n simboliese betekenis het, is sewe gemeentes gekies. Hulle besondere omstandighede sou dien as kanale waardeur Gods seëninge aan 'n wyer en tydelose gemeenskap gebring word. Dwarsdeur die Skrif stel die getal sewe volmaaktheid en volkomenheid voor; en in die raamwerk van hierdie simboliese betekenis tree die plaaslike gemeentes op die agtergrond: hulle verdwyn in die een algemene kerk. "Net soos die sewe Geeste in die boek Openbaring niks anders as die een Heilige Gees in die volkomenheid van Sy werksaamheid is nie," sê Chysostomus, "so is die sewe gemeentes uit hierdie gesigspunt maar net die een kerk van Christus." En Augustinus sê: "Toe Hy aan die sewe gemeentes geskrywe het, het Hy aan die een kerk in sy volkomenheid geskrywe."

So sien ons daardie *sewe* gemeentes in die liggaam van die een kerk opgeneem en as verteenwoordigende tipes van die verskillende skakeringe van die kerklike lewe in alle eeue. Nog meer, ons vind in elke afsonderlike gemeente van Christus ál sewe gemeentes in verskillende grade verteenwoordig. So vind ons in elke gemeente Christene soos die van Efese: mense wat nougeset die ortodoksie van hulle leer bewaar het, maar wat hulle eerste liefde vir hulle Saligmaker verloor het. Ook is daar in elke gemeente Christene soos die van Smirna: mense wat veel om Christus wil gely het en wat maar 'n eenvoudige woord van aansporing nodig het om tot die einde toe te volhard. Christene van die lou Laodicese soort ontbreek ook nie. In die lig van hierdie eenvoudige verklaring is ons persoonlike belang in hierdie briewe baie groter, en wanneer ons hulle in ons hande neem, voel ons dat ons self die ontvangers daarvan is.

Laat ons nou, voordat ons ons aandag by die briewe self bepaal, eers kyk na die name van die ontvangers, soos hulle op die briewe geskryf is. Hulle is die "engele" van die gemeentes. En nou ontstaan die vraag: wie was daardie engele? Sommige het gemeen dat hulle hemelse engele was, dit wil sê, dienende geeste, wat elkeen deur God aan 'n bepaalde gemeente toegewys is as sy besondere dienaar. Maar hierdie teorie is heeltemal onhoudbaar. As dit hemelse engele was, sou die poskantoor op Patmos geheel en al oorbodig gewees het, want die Here het tog seker ander en meer regstreekse maniere tot Sy beskikking gehad om met hulle in verbinding te tree. Dit was aardse engele. Hulle was die leraars van die betrokke gemeentes. Hulle was "engele" in die

oorspronklike betekenis van die woord, "boodskappers" van God. Hulle was die persone aan wie die Here die bediening van die Woord in elkeen van Sy gemeentes toevertrou het.

Maar let op hoe die persoonlikheid van die leraar ten nouste ingeweef is met die persoonlikheid van die gemeente wat hy dien. In elke brief is dit tot die leraar dat die Here die woorde rig: "Ek ken jou werke", en dan gaan Hy voort om die werke op te noem van die gemeente in wie se geestelike behoeftes daardie leraar voorsien. Ons het hier nog 'n aanduiding van die geheimsinnige betrekking wat tussen hierdie twee partye bestaan, en van die diepe, ongemerkte invloed wat gemeente en leraar op mekaar uitoefen. As 'n gemeente nie in die genade groei nie, is die vernaamste rede waarskynlik dat die preekstoel van daardie gemeente nie hoog genoeg staan nie. As 'n gemeente koud en wêrelds is, is die rede waarskynlik dat die preekstoel lou geword het. Aan die ander kant hang die rykdom of armoede van die preekstoel grootliks daarvan af of dit die harte van edelmanne of van bedelaars bedien. Vanweë hierdie verborge strominge van wedersydse invloed moet die gemeente en sy leraar as die gesamentlike ontvangers van elke brief beskou word.

Daar is nog 'n interessante puntjie in verband met die opskrif op die briewe. Volgens die opskrif dra die ontvanger van elke brief 'n dubbele naam. "Engel" is sy een naam en "ster" die ander. "Die sewe sterre," het die Here gesê, "is die engele van die sewe gemeentes." Dit moet in gedagte gehou word dat die ster altyd simbool van leierskap was, nie alleen in die taal van die Skrif nie, maar ook in die van die simboliek in die Oudheid. En so weef God hierdie twee drade — die draad van diens en die draad van leierskap — in die persoonlikheid van die leraar van die gemeente in. Die leraar is die "engel" wat die gemeente bedien, maar ook die "ster", wat in die Naam van die Here die leier van die gemeente is. Dit is voorwaar 'n edele samestelling!

En tot elkeen van hierdie "engel-sterre" rig die Here van die kerk 'n uiters bemoedigende boodskap. "Hy wat die sewe sterre in Sy regterhand hou, wat wandel tussen die sewe goue kandelaars." Dit is 'n duidelike prentjie. Die Here staan in die middel, tussen. Sy gemeentes, en hou in Sy regterhand 'n sirkel van lig, 'n krans van sewe sterre. In daardie kring van lig is daar 'n plek afgesonder vir elkeen aan wie die Here van die kerk die heerlike, maar terselfdertyd moeilike en verantwoordelike werk toevertrou het om een van Sy gemeentes te bedien. Watter groter bemoediging kan daar vir die dienskneg van die Here wees om, terdeë bewus van sy eie onvermoë, te probeer om aan die strenge eise van sy werk te voldoen, as die versekering dat ook hy met al sy probleme en swakhede saam met die ander sterre, veilig in die Here se eie hand gehou word? Soos een van Gods getroue diensknegte dit so treffend gestel het: "Vir die uitvoering van Sy werksaamheid in die ander gebiede van die onbegrensde heelal, het die Here net Sy linkerhand tot Sy beskikking; Sy regterhand word deur die sewe sterre in beslag geneem!" 'n Boodskap van bemoediging, waarop elke dienskneg van die Here geregtig is.

En nou 'n kort slotwoord om ons studiemetode te verduidelik. Miskien is die grootste moeilikheid waarmee die uitlêer van hierdie briewe te kampe het, hulle verbasende rykdom. Wat moet in die verklaring ingesluit en wat moet uitgelaat word? Ons sal probeer om hierdie moeilikheid op te los deur die omvang van ons studie te beperk tot twee kenmerkende eienskappe wat ál sewe briewe gemeen het. Die eerste is dat die boodskappe wat tot al sewe gemeentes gerig is, sonder uitsondering met die woorde "Ek ken. . . ." begin. Die Here dra intieme kennis van die innerlike lewe van Sy gemeentes. Hy is die Een wat tussen die sewe kandelaars wandel. In die gesig wat Johannes van Hom gehad het, was Sy oë "soos 'n vuurvlam". Die oë van die Here dring tot in die kleinste en mees geheime besonderhede van die lewe van 'n gemeente deur, en eendag sal Hy op Sy regterstoel sit en aan elkeen van Sy diensknegte gee "volgens wat elkeen deur die liggaam verrig het". In hierdie briewe gee Hy in sekere opsig 'n voorafskaduwing van daardie groot oordeel. In ons studie sal ons dus probeer om die oog van die Here te volg waar dit die geheime van die gemeentes naspeur. En ons sal dit nie uit blote nuuskierigheid doen nie, maar met 'n opregte begeerte om die geheime van

ons eie hart en ons ware verhouding tot die Here te ontdek. Dit sal die een spil wees waarom ons studie sal gaan: die spil van waarskuwing.

Die ander sal 'n spil van hoop wees. Die tweede gemeenskaplike kenmerk van hierdie briewe is dat almal met 'n belofte afsluit. Elkeen van hierdie briewe, sonder uitsondering, het 'n naskrif wat met die bepaalde doel bygevoeg is om een of meer beloftes aan die ontvangende gemeente te gee. So handel God altyd met Sy volk. Nooit word 'n woord van waarskuwing of veroordeling tot 'n gemeente, hoe lou ook, of tot 'n afsonderlike Christen, hoe vleeslik gesind ook, gerig nie, sonder dat die Here nie ook 'n naskrif van belofte byvoeg nie.

Ons studie sal dus om hierdie twee instellingspunte wentel. En onderwyl ons ag gee op die parallelle lyne van waarskuwing en hoop, sal ons ons hart open vir Hom wat tussen Sy gemeentes wandel, sodat Hy ons met Sy seëninge kan vervul.

1. Die Brief aan Die Gemeente in Efese (I)

[Openb. 2:1-7]

1 Skryf aan die engel van die gemeente in Éfese: Dít sê Hy wat die sewe sterre in sy regterhand hou, wat wandel tussen die sewe goue kandelaars:
2 Ek ken jou werke en jou arbeid en jou lydsaamheid, en dat jy slegte mense nie kan verdra nie; en dat jy dié op die proef gestel het wat sê dat hulle apostels is en dit nie is nie, en hulle leuenaars bevind het;
3 en dat jy verdra het en lydsaamheid besit, en ter wille van my Naam gearbei en nie moeg geword het nie.
4 Maar Ek het teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het.
5 Onthou dan waarvandaan jy uitgeval het, en bekeer jou en doen die eerste werke. Anders kom Ek gou na jou toe en sal jou kandelaar van sy plek verwyder as jy jou nie bekeer nie.
6 Maar dit het jy, dat jy die werke van die Nikolaïete haat, wat Ek ook haat.
7 Wie ‘n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die boom van die lewe wat binne in die paradys van God is.

DIE SKUIT wat met die koninklike pos vir die gemeentes in die Romeinse provinsie Asië van 'n verlate plek aan die kus van die eiland Patmos weggevaar het, het heel waarskynlik anker gegooi in die hawe van Milete. Die stad Efese lê maar 'n paar myl verder die binneland in. Daarom was dit vanselfsprekend dat die briewebesteller eers by Efese sou aangaan; aan die leraar van die gemeente in daardie stad het hy die eerste van die briewe wat hy in sy possak gehad het, oorhandig.

Laat ons nou kyk na die inhoud van daardie brief. Wat het die Here te sê aan die "engel" van die gemeente in Efese? "Ek ken . . . ." skryf die Here. Die geheime van elke gemeente en die geheime van die hart van elke gemeentelid is wyd oop voor die oë van die Here. Wat weet die Here aangaande hierdie bepaalde gemeente? Hy weet twee dinge. Hy weet een ding wat 'n hartlike aanprysing van Sy lippe ontlok, en Hy weet van iets anders wat 'n strenge bestraffing vereis.

Laat ons eers die aanprysing bestudeer, wat inderdaad hoë lof aan daardie gemeente uit die mond van sy Here is. Dit is van so 'n besondere aard dat ons by die lees wel wonder of daar in so 'n gemeente enige kwaad kan wees. As ons die gemeente in Efese besoek het in die dae toe die brief daar aangekom het, sou ons seker gesê het dat dit verreweg die beste van al die gemeentes was wat ons tot dusver besoek het. Laat ons dus die woorde van lof wat die Goddelike besoeker die gemeente in Efese toegeswaai het, baie sorgvuldig beskou. Dit is 'n sewevoudige lofprysing. In die brief word sewe dinge genoem waarvoor die Here die gemeente in Efese lof toebring.

Ten eerste sê die Here: "Ek ken jou werke." Die gemeente in Efese was 'n bedrywige gemeente. Die kerk in daardie stad was nie 'n klub wat sy lede 'n rusplek vir die ure van verveeldheid aangebied het nie, maar 'n byekorf van groot bedrywigheid. Vir die Efesiese Christene wás die kerk nie 'n rusbank nie, maar 'n juk waaronder hulle geroep was om te arbei, om die saailand van die wêreld te ploeg en die saad van die evangelie te saai. Die Christene in Efese het die rede vir die bestaan van die kerk in hierdie wêreld besef, naamlik dat hy met sy hele hart en met alle kragte vir sy Meester moet werk. Daarom het die Meester met die eerste woord van aanprysing aan die gemeente in Efese nadruk gelê op die feit dat die gemeente hom ywerig op die werk toegelê het.

Daardie werk is egter nie maklik nie. Die juk is swaar. En nou kom ons by die tweede

woord van lof : "Ek ken jou arbeid." Daar is baie Christene wat graag hulle Saligmaker sou wil dien, mits hulle dit sonder inspanning kan doen. Hulle sou gewillig wees om iets aan hulle Here te offer, as dit maar nie enige opofferinge van hulle kant verg nie. Met die Christene in Efese was dit anders gesteld. Hulle het geleer dat hulle hul Meester nie sonder opoffering kon dien nie. Daarom is die "werk" waarvoor die Here Sy eerste woord van lof aan hulle gerig het, met arbeid en opoffering volbring.

Onthou u die omstandighede waarin die gemeente in Efese gestig is? In die verhaal van die stigting van daardie gemeente het 'n belangrike besonderheid, soos ons van geen ander gemeente uit die apostoliese tydperk meegedeel word nie, bewaar gebly. Toe Paulus die evangelie in daardie stad verkondig het, was daar baie wat geglo het, en 'n aantal van hulle het hulle boeke wat die geheime van die duiwelskunste geleer het, verbrand. Hierdie duiwelskunste het in verband gestaan met die verering van die godin Diana en was vir baie van hulle 'n bron van bestaan. Dit was waarskynlik uit nuuskierigheid dat iemand die waarde van die boeke wat verbrand is, bereken het; dit het op vyftigduisend silwerstukke te staan gekom (Hand. 19 : 19). 'n Fabelagtige som geld! 'n Hele fortuin wat in die vuur gegooi is as gevolg van die oortuiging van daardie wedergebore Efesiese Christene dat hulle verhouding tot Christus sekere offers van hulle geëis het. Hulle het voor die dilemma te staan gekom: "Of Christus òf die middele tot ons lewensonderhoud" — en sonder om 'n oomblik te aarsel, het hul hart uitgeroep: "Christus!" en vyftigduisend silwerstukke is in die vuur gegooi.

So was daardie eerste Christene in Efese; en so was hulle kinders. Want dit was die kinders van daardie eerste Christene wat die ontvangers van die Here se brief was. Ongeveer vyftig jaar het verloop sedert daardie vuur op 'n plein in die stad Efese aangesteek was, en teen daardie tyd het die meeste van die wat dit aangesteek het, hulle rus ingegaan. Dit lyk egter of die wat ná hulle gekom het, hulle oortuiging ten opsigte van die voorregte en verantwoordelikhede van die Christelike lewe gedeel het. So het dit gekom dat die kuns om offervure aan te steek, in die gemeente in Efese nooit heeltemal vergeet is nie. Die lede van daardie gemeente het nooit die besondere manier om hulle Here te eer, laat vaar nie. Hulle het geweet dat hulle hul Meester getrou kon dien slegs deur vir Hom te arbei en op te offer. En die Here het daarop gelet: "Ek ken jou arbeid." Ook dit moet onder die bates van die gemeente in Efese gereken word.

En die aanprysing gaan voort: "Ek ken jou lydsaamheid." "Nie alleen werk en arbei julle vir My nie; julle het ook lydsaamheid. Julle word nie maklik ontmoedig nie. Julle word nie maklik teleurgestel nie. Meer as vyftig jaar lank is die vure van julle toewyding aan julle Here en aan die waarheid brandende gehou; julle ywer is nie geblus nie." Wat 'n belangrike deel van die Here se lof vir die gemeente in Efese is dit, en wat 'n veroordeling hou dit vir ons in! Baie van ons het ywerig begin werk vir Hom wat ons gered het. Dit was 'n gelukkige en belowende begin. Ons het met al die ywer van ons hart aan die werk gespring. Ons het nie die arbeid probeer ontduik nie. Ons het ons nie gespaar wat opofferinge betref nie. Maar glad te gou het ons om die een of ander rede begin verflou, het ons ywer begin verkoel. Daar was geen brandstof vir die vuur nie; die geesdrif is geblus. Ons poging tot diens was soos 'n vuurwerkvertoning — pragtig, asemrowend, en van korte duur; nie genoeg om iemand met sy gloed te verwarm nie. En in die plek van die ywer vir die Here se werk, wat voorheen ons hart verwarm het, word slegs die koue as van ontnugtering en onverskilligheid gevind. Maar so is dit nie met die gemeente van Efese gesteld nie. Daar is nog groot hoeveelhede brandstof beskikbaar vir die vure van daardie gemeente. Daar is baie lydsaamheid in die hart van die gemeentelede. En die Here prys hulle daarvoor: "Ek ken jou lydsaamheid." Nog 'n bate wat hierdie gemeente toegereken kan word.

En die lofspraak gaan voort: "En dat jy slegte mense nie kan verdra nie." Nee! Die register van die gemeente in Efese was nie oop vir almal om aan te sluit nie. Die gemeente in Efese was streng wat die toelating van nuwe lede betref, en het nie sommer aan enigeen lidmaatskap toegestaan nie. Nuwe lede is alleen ná 'n strenge ondersoek toegelaat. En dieselfde strengheid het die preekstoel van die gemeente gekenmerk, waar daar nie van vleitaal gebruik gemaak is nie. Die taal wat daar gespreek is, was die taal

van waarheid en erns, die taal wat nie slegte mense verdra het nie. So prys die Here die gemeente in Efese, en by sy bates word nog een gevoeg.

Hierdie gemeente is versigtig, nie alleen wat betref die persone wat hy as lidmate toegelaat het nie, maar ewe-eens wat betref die persone wat hy op sy preekstoel verwelkom het. "Jy het die op die proef gestel wat sê dat hulle apostels is en dit nie is nie, en het hulle leuenaars bevind." Die gemeente het elke leerstuk aan noukeurige ondersoek onderwerp, om vas te stel of dit volgens die Woord van God was. En op die preekstoel was alleen daardie predikers welkom wat hulle getrouheid aan die leer van Gods Woord bewys het — 'n belangrike kenmerk van die gemeente in Efese, wat elke gemeente moet nastreef. Die preekstoel van die Christelike gemeente is nie 'n verhoog waarvandaan iemand sy geliefkoosde teorieë mag lug nie. Dit is die plek van waar slegs die Woord van God verkondig mag word. En daar is groot behoefte aan sulke strengheid as die gemeente die suiwerheid van sy leer wil handhaaf.

Dit is interessant om kennis te maak met 'n bepaalde groep predikers wat deur die gemeente in Efese van sy preekstoel geweer is. Dit was die Nikolaïete. "Dit het jy, dat jy die werke van die Nikolaïete haat, wat Ek ook haat." Dit is nie maklik om 'n duidelike en juiste idee te kry van wie hierdie Nikolaïete was nie. Baie menings oor hulle is al gelug en nie almal is bevredigend nie. Die meerderheid van Skrifverklaarders stem egter ooreen dat 'n leidraad tot die identiteit van hierdie dwaalleraars in die vroeë kerk gevind kan word in die brief aan die gemeente in Pergamus, waarin hulle met die leer van Bileam verbind word. Dit is die moeite werd om daarop te let dat die naam "Nikolaos" maar net die Griekse vertaling van die Hebreeuse naam "Bileam" is. "Nikolaïete" is dus heel waarskynlik die Griekse vorm van "Bileamiete".

Waaruit het die leer van Bileam bestaan? Die antwoord word deur die Here self gegee in Sy brief aan die gemeente in Pergamus. "Hy het Balak geleer om 'n struikelblok voor die kinders van Israel te werp, naamlik om afgodsoffers te eet en te hoereer." In die dae van die Nuwe Testament was daar mense wat geprobeer het om die sondige gebruike van die wêreldlinge in die gemeente in te voer. Ons herinner aan die poging van die Judaïserende Christene om die besnydenis en ander seremonies van die wet op die nie-Joodse deel van die kerk af te dwing, omdat dit dan onmisbaar vir hulle saligheid sou wees. En ons onthou hoe Paulus hierdie poging teëgestaan het en die leer van saligheid uit genade deur die geloof verdedig het. Toe was daar die wat Paulus se leer misverstaan of selfs moedswillig verdraai het, en gesê het dat hy leer: "Laat ons sondig, sodat die genade meer kan word." Die slinger van kettery het nou na die teenoorgestelde uiterste geswaai, en daar was baie wat hierdie verdraaide beskouing van die evangelie aangehang het: "Hulle belowe vryheid aan hulle, terwyl hulle self slawe van die verdorwenheid is" (2 Pet. 2:19). En hierdie "Antinomiane", soos hulle genoem is, het verwarring in die jong kerk gesaai.

Maar so was dit nie in die gemeente in Efese nie! Daar was onderskeidingsvermoë in hierdie gemeente. Die preekstoel daar was waaksaam. En gevolglik kon die Nikolaïete nie daarin slaag om die saad van kettery daar te saai nie. Daarom moet ook hierdie aanprysing van die kant van die Here onder die bates van die gemeente in Efese gereken word, saam met daardie ander woorde van lof wat tot hom gerig is: "Jy het verdra en besit lydsaamheid, en het ter wille van My Naam gearbei en nie moeg geword nie."

Wat meer kon die gemeente in Efese verlang dat die getuigskrif aangaande sy lewe moet bevat? Hoe trots sou ons gewees het as die Here so 'n brief aan ons eie gemeente of kerk gestuur het!

En tog vermoed ek dat die lede van die gemeente in Efese nie tevrede was met die brief wat die Here aan hulle gestuur het nie. Want dit het ook 'n klag bevat. Sewe gewigtige aanprysinge en een klein klag. En die klag het swaarder geweeg as die lof. "Maar Ek het teen jou." "Ja, Ek weet alles; Ek weet van jou stryd teen die Nikolaïete en Ek weet van die vergrootglas waarmee jy elke leerstuk toets, en Ek weet van jou arbeid en lydsaamheid. Maar Ek het iets teen jou — dat jy jou eerste liefde verlaat het." En ek is daar heeltemal seker van dat toe hierdie brief van die preekstoel van die gemeente in

Efese voorgelees is op die eerste Sondag ná die aankoms van die pos uit Patmos, die glimlag van tevredenheid langsamerhand van die gesigte van die gemeentelede verdwyn het en 'n lang en ongemaklike stilte geheers het. Die eerste deel van die brief was so goed as vergeet, en die gedagtes van al die teenwoordiges was nou op daardie een kort sinnetjie gekonsentreer. Die Nikolaïete het soos die môredou verdamp, die vergrootglas van regsinnigheid in die leer het verdwyn, die lydsaamheid en die arbeid was vergeet, en die gemeente het verstom gestaan voor daardie één aanklag van Christus: "Julle het jul eerste liefde verlaat."

En nadat die eerste golf van verleentheid bedaar het, glo ek dat die lede van die gemeente versoek het dat die brief nog 'n keer aan hulle voorgelees word. En hoe anders het dit nou gelyk! Selfs die woorde van lof wat die Here aan hulle adres gerig het, het nou anders geklink. Omdat hulle nou die brief gelees het in die lig van die Here se klag teen hulle, het hulle vir die eerste maal opgelet dat sekere dinge nie op die lys van aanprysinge voorkom nie.

Hulle het waarskynlik onthou dat Paulus sowat vyftig jaar tevore dieselfde aanprysinge aan 'n ander gemeente gestuur het — die gemeente in Thessalonika. Dit mag wees dat hulle insae gehad het in daardie ander brief, en hulle sou dan nie anders as kon raaksien hoeveel ooreenkoms dit getoon het met die een wat hulle so pas ontvang het nie, en tog ook hoe anders dit was! Paulus het aan die Christene in Thessalonika geskryf dat hy die werk van hulle geloof en die arbeid van hulle liefde en die lydsaamheid van hulle hoop onophoudelik in gedagte hou. Presies dieselfde dinge waarvoor die Here hulle eie gemeente geprys het: hulle werk, hulle arbeid, hulle lydsaamheid. En tog hoe anders! In hulle geval was dit maar net die "werk", die "arbeid", die "lydsaamheid", terwyl in die geval van die Thessalonicense dit die "werk van hulle geloof", die "arbeid van hulle liefde", die "lydsaamheid van hulle hoop" gewees het. Waarin het hulle gemeente dan kortgekom? Net hierin: geloof, hoop en liefde. Die werk was maar net die dop waarin die geloof verberg was. En die gemeente in Efese het sy geloof verloor, maar het nog versigtig die dop van die werke behou. Lydsaamheid was soos die omslag, hoop die ware inhoud. En die gemeente in Efese het sy hoop verloor, maar krampagtig aan die omslag, lydsaamheid, vasgehou. Arbeid was die skulp waarin die pêrel van liefde gelê het. En nadat die gemeente in Efese die pêrel verloor het, het hulle die skulp versigtig in hulle argief bewaar.

Toe die lede van die gemeente in Efese hulle plek van aanbidding daardie oggend verlaat om na hulle huise terug te keer, het die klag van Christus in hulle ore geklink en swaar op hulle hart gedruk. Hulle het begin besef dat dit alleen die liefde is wat in die lewe van 'n gemeente tel. Liefde vir Christus. As daar liefde vir Christus in 'n gemeente is, sal al die ander dinge te voorskyn kom. Maar as sodanige liefde ontbreek, sal al hulle rykdom in armoede verander word. Hoe moet die Efesiese Christene na net hierdie één aanprysing van Christus verlang het! Nie oor hulle standvastigheid teenoor die leer van die Nikolaïete nie, nie oor hulle vergrootglas van regsinnigheid nie, nie oor hulle arbeid en lydsaamheid nie, maar net hierna: "Ek ken jou hart. Ek het meer as vyftig jaar lank My oog op julle gehad, en Ek weet dat julle My nou nog liefhet, net soos julle My in die begin liefgehad het."

Ek wonder wat die Efesiese Christene met hulle brief gemaak het. Ons weet nie wat daarná gebeur het nie. Maar ek weet wat ons met die brief wat die Here aan ons stuur, behoort te doen. Ons behoort ons hart oop te maak om die klag van die liefdevolle Saligmaker vir onsself te neem. Elkeen van ons behoort sy eie hart aan 'n strenge ondersoek te onderwerp en homself af te vra : "Het ek nog my eerste liefde vir Christus?" Dit sou voorwaar bedroewend wees as Hy wat, "omdat Hy Sy eie mense in die wêreld liefgehad het, hulle liefgehad het tot die einde toe", aan u of my moes sê: "Jy het jou eerste liefde verlaat. Jy het die skulp behou, maar jy het die pêrel verloor." Mag Christus nooit rede hê om hierdie woorde aan een van ons te rig nie.

2. Die brief aan Die Gemeente in Efese (II)

[Openb. 2:1-7]

1 Skryf aan die engel van die gemeente in Éfese: Dít sê Hy wat die
sewe sterre in sy regterhand hou, wat wandel tussen die sewe
goue kandelaars:
2 Ek ken jou werke en jou arbeid en jou lydsaamheid, en dat jy slegte
mense nie kan verdra nie; en dat jy dié op die proef gestel het wat
sê dat hulle apostels is en dit nie is nie, en hulle leuenaars bevind
het;
3 en dat jy verdra het en lydsaamheid besit, en ter wille van my
Naam gearbei en nie moeg geword het nie.
4 Maar Ek het teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het.
5 Onthou dan waarvandaan jy uitgeval het, en bekeer jou en doen
die eerste werke. Anders kom Ek gou na jou toe en sal jou
kandelaar van sy plek verwyder as jy jou nie bekeer nie.
6 Maar dit het jy, dat jy die werke van die Nikolaïete haat, wat Ek ook
haat.
7 Wie ‘n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.
Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die boom van die
lewe wat binne in die paradys van God is.

'N LANG, gespanne stilte het op die voorlees van die Here se brief aan die gemeente in Efese gevolg. Daardie onverwagte woorde van die Here: "Julle het jul eerste liefde prysgegee," het die harte van die lede bedroef. Skielik is die stilte egter verbreek, en die stem van die man wat die brief voorgelees het, word weer gehoor. "Broeders," sê hy, "ek sien dat daar 'n naskrif onderaan die brief is. Luister, en ek sal dit aan julle voorlees." Die geboë hoofde word opgehef en alle oë is met verlangende en angstige verwagting op die man in die preekstoel gevestig. En hy begin lees: "Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die boom van die lewe wat binne-in die paradys van God is."

Dit is glad nie iets ongewoons dat die naskrif van 'n brief wat ons ontvang, die beste deel van die brief is nie. En dit is presies wat gebeur het in die geval van die brief wat aan die gemeente in Efese gerig was. Dit was die naskrif van hierdie brief wat die grootste vreugde aan die ontvangers daarvan besorg het. Maar is dit iets om verwonderd oor te wees? Sou God aan een van Sy gemeentes 'n brief soos die aan Sy gemeente in Efese stuur, sonder om 'n naskrif by te voeg? Sou Hy 'n klag teen een van Sy gemeentes inbring en woorde van bestraffing skrywe sonder om gou 'n boodskap van nuwe belofte en nuwe hoop by te *voeg?* Een ding moet ons nie vergeet nie: Hy wat teen die gemeente in Efese gekla het omdat hulle hul eerste liefde verlaat het, is dieselfde as Hy wat, "omdat Hy Sy eie mense liefgehad het, hulle liefgehad het tot die einde toe". Dit was die klag van 'n hart wat in staat is om lief te hê soos geen ander hart kan liefhê nie, met 'n liefde wat nie maklik ontmoedig word en nie ophou om nuwe weë van toenadering tot die voorwerp van sy liefde te soek nie. Dit was die onuitputlike en ewige liefde van Christus wat 'n naskrif van belofte en liefde gevoeg het by die brief wat aan die gemeente in Efese geadresseer was, soos ook by die briewe aan die ander gemeentes. Hoe dankbaar behoort ons te wees vir die naskrifte van God!

Van naskrifte gepraat — wat is die evangelie anders as 'n groot naskrif van liefde? Die grootste deel van die brief wat God aan ons gerig het, is in beslag geneem deur die wet. Nadat ons egter Sy wet verbreek het en onder die gewig van ons sonde gesink het, het God die naskrif van genade en barmhartigheid bygevoeg, wat in werklikheid "voor die grondlegging van die wêreld" geskryf was. En toe is die naskrif van die kruis bygevoeg, "sodat elkeen wat in Jesus Christus glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê".

Wanneer ons dus die briewe bestudeer wat die opgestane Christus aan die sewe gemeentes in Asië gestuur het, sal ons merk dat hierdie naskrifte van liefde en Gods bestraffinge om die beurt voorkom. Dit moet egter aan die begin beklemtoon word dat die beloftes wat in hierdie naskrifte vervat is, maar net die onderdele van een enkele, heerlike belofte is. En wanneer daardie een groot belofte van naderby beskou word, ontdek ons dat die kern daarvan niks anders as die Persoon van die Here Jesus Christus is nie. Op slot van sake was die dinge wat aan die gemeentes belowe is in die naskrifte by die briewe, niks anders nie as 'n nouer en meer bevredigende gemeenskap met Jesus Christus en 'n beter begrip van Sy bedoeling. Die krone en die trone wat die Here aan die oorwinnaars belowe het, was maar simbole wat sou verbygaan, die oorwinnende Christen sou bly om 'n voller en inniger verhouding tot Christus te geniet.

Hierdie beloftes van die Here aan Sy gemeentes, soos vervat in die verskillende naskrifte, is soos die glinstering van 'n diamant, waarvan die kleur wissel na gelang van die hoek waaruit dit beskou word. En in ons studie van hierdie naskrifte sal ons probeer om die veelkleurige glinsteringe van die beloftes van die Here te sien, sonder om die wesentlike eenheid van die diamant uit die oog te verloor.

Ons is nou gereed om die inhoud van die naskrif van die eerste van die sewe briewe te ondersoek. Ons aandag word onmiddellik getref deur die feit dat die inhoud van hierdie naskrif 'n skakel vorm wat die laaste boek van die Bybel met die eerste verbind. Die naskrif bevat 'n belofte aan die oorwinnaar dat hy sal eet van die boom van die lewe wat binne-in die paradys van God is. Hierdie taal is vir ons bekend. Wanneer ons op die agtergrond van hierdie belofte let, voel ons dat ons op bekende terrein beweeg, want nog die paradys nog die boom van die lewe wat daarin is, is vir ons onbekend. Herinneringe aan daardie tuin leef nog in ons gedagtes; hulle is die duidelikste indrukke wat ons uit die verre verlede behou het. Die verhaal van daardie tuin is fassinerend, miskien meer so as alle ander verhale. Maar wat baat dit om 'n verhaal met so 'n droewige slot in herinnering te roep? Waarom nog vaskleef aan die herinneringe van die paradys en die boom van die lewe, as ons tog uit daardie tuin verdryf is en sy poort deur gerubs bewaak word met 'n vlammende swaard?

Dit is na daardie geslote poort dat die naskrif van die eerste brief ons teruglei. Dit belowe om die poort weer oop te maak en die boom van die lewe wat binne-in daardie tuin is, weer vir ons toeganklik te maak. Dit belowe om die mens na daardie gelukkige, vroeë begin van sy lewe terug te voer. Laat ons dus let op die belofte en op die voorwaarde waarvan die vervulling van daardie belofte afhang.

Die belofte is: die boom van die lewe. Wat is daardie boom? En is dit ons vurige begeerte werd, en die sterk verlange wat dit in ons harte laat ontbrand?

Ons moet gedurig daaraan dink dat ons in hierdie laaste boek van die Bybel in 'n wêreld van simbole beweeg. Die taal van simboliek word in hierdie boek in ryker mate gebruik as in enige ander deel van die Skrifte, en die groot en ewige waarhede word byna uitsluitend in die vorm van pragtige uitbeeldinge aan ons gestel. Ons taak is dus om die waarheid wat agter hierdie bepaalde uitbeelding lê, te ontdek — om die boodskap te vind wat God deur middel van die prentjie van die boom van die lewe aan ons wil bekend maak.

As God van simbole en beelde gebruik gemaak het, dan is dit omdat die waarhede wat Hy aan ons wou meedeel, so groot was dat ons verstand nie in staat is om hulle sonder die hulp van hierdie beelde te begryp nie. En so het God in hierdie geval die prentjie van 'n boom gebruik om tot ons te spreek van die heerlike lewe wat Hy aan die oorwinnaar belowe.

Hoe moet ons ons daardie lewe voorstel? Die mens was gewoond om aan daardie lewe te dink as groot in lengte, 'n lewe wat tot in die oneindige strek. Volgens hierdie beskouing is die ewige lewe 'n lewe min of meer soortgelyk aan die lewe wat ons hier op aarde lei — maar sonder einde. Is dit die soort ewige lewe wat ons begeer? Is ons lewe hier op aarde van so 'n aard dat ons sou verlang dat dit vir altyd moet voortduur? Op sy

beste het die menslike lewe op aarde sy volle maat van pyn en trane, van arbeid en vermoeienis, van onvervulde verwagtinge en bittere teleurstellinge, en baie het onder die gewig daarvan gesink. So is die mens se lewe — u lewe en my lewe. Moet ons dan die ewige lewe wat God ons belowe, voorstel as 'n verlenging van hierdie lewe tot in die oneindige? Sal die ewige lewe 'n oneindige voortsetting van arbeid en moeite wees? Is dit wat aan ons belowe is in die naskrif van die brief aan die gemeente in Efese?

As dit die inhoud van daardie belofte is, behoort ons ons so ver as moontlik uit die omtrek van daardie boom te verwyder, want hoe langer so 'n lewe duur, des te swaarder sal die gewig van sy vloek wees. Dit is egter nie die kern van die belofte nie. Die vernaamste kenmerk van die ewige lewe is nie sy afmetinge nie. Sonder twyfel sál dit 'n lewe sonder einde wees. Maar dit sal nie sy vernaamste kenmerk wees nie. Dit sal ewige lewe wees, nie vanweë lengte nie, maar vanweë kwaliteit. Die boom waarvan die naskrif van die brief aan die gemeente in Efese spreek, is begeerlik nie omdat dit 'n langer bestaan, gepaard met 'n groter hoeveelheid pyn en trane kan voorsien nie, maar omdat dit gans ander soort vrugte kan lewer.

Ons herinner aan wat onse Here gesê het toe Hy Hom tot die Vader in die gebed gerig het: "Dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het." Dit is die ewige lewe — dat die mens daartoe kom om God te ken en te verstaan; dat daar tussen hulle 'n verhouding tot stand gebring word wat die hart van die mens in noue aanraking met die hart van God bring. En binne die raamwerk van hierdie nuwe betrekking van die menslike hart tot God, sal daardie parasiete, daardie indringers — trane, pyn en boosheid — verdwyn, en sal die mens uiteindelik die lewe geniet soos God bestem het dat dit geniet sou word. "Dit is die ewige lewe." Hierdie nuwe toenadering tot Gods eie wêreld, hierdie intieme kennis van God self, hierdie nuwe betrekking tot God, wat onbegrensde moontlikhede aanbied en tot oorlopens toe vol is van 'n lig en blydskap wat onbeskryflik is — dit sal die ewige lewe wees. Dit is die betekenis van daardie mooi simbool. Dit is die vrugte van die boom wat binne-in die paradys is.

Die boom van die lewe sal alleen vir die oorwinnaar toeganklik wees. Oorwinning is dan die voorwaarde waarvan die vervulling van daardie belofte afhang. En nou voel ons skielik soos Tantalus in sy mooi tuin moet gevoel het, toe 'n rukwind elke keer dat hy sy hand uitsteek om die heerlike vrugte te pluk, die tak van die boom buite bereik gewaai het; toe die stroom opgedroog het elke keer dat hy daarby neergekniel het om sy dors met die kristalheldere, koue water te les, en hom troosteloos gelaat het — honger en dors soos voorheen. Op soortgelyke wyse voel ons asof die visioen van die ewige lewe ons skielik ontneem word. Want — so deel die naskrif van die brief ons mee — daardie visioen is nie vir elkeen nie. Dit is nie aan almal sonder uitsondering dat die vrugte van die boom van die lewe aangebied word nie, maar alleen aan die oorwinnaar. Alleen die oorwinnaar sal daardie voorreg geniet. Slegs 'n sekere groep mense sal aanspraak kan maak op die lewe wat deur die vrugte van daardie boom gesimboliseer word. Aan hulle alleen sal die ewige lewe *gegee* word.

Dit is vanselfsprekend dat sekere vrae by ons sal opkom. Behoort ek tot daardie kring van bevoorregte mense? En indien nie, hoe kan ek daartoe kom? Ek sien die boom wat so begeerlik is; ek kry 'n visioen van die ewige lewe en ek wil daarvan besit neem. Maar is ek onder die oorwinnaars? Hoe kan ek weet dat ek een van hulle is? Of, om dit duideliker te stel, wat bedoel ons presies met 'n "oorwinnaar"? Wat is die aard van die oorwinning wat die onmisbare voorwaarde is om die ewige lewe te verkry, en hoe kan ek daardie oorwinning behaal?

Die apostel Johannes gee die antwoord op hierdie vrae in een van sy geskrifte: "Dit is die oorwinning wat die wêreld oorwin, naamlik ons geloof." Geloof in die persoon en werk van die Here Jesus Christus — dit is die oorwinning. Dit is die enigste en onontbeerlike vereiste vir die besit van die ewige lewe.

Maar om enige moontlike misverstand uit die weg te ruim, moet ons 'n duidelike omskrywing gee van wat ons met "geloof" bedoel. Ons bedoel nie 'n teoretiese en

verstandelike geloof nie. Selfs die duiwels — so deel Jakobus ons in sy brief mee — het so 'n geloof. Nie 'n geloof wat maar net die aanvaarding van sekere leerstukke, of die herhaling — hoe opreg dan ook — van sekere artikels van die geloof is nie. So 'n geloof het nog niemand gered nie. Die geloof waarvan ons spreek, is iets veel diepers. Dit is geloof wanneer die siel met al sy laste en bekommernis, met al sy verwagtinge en vrees, en met al sy sonde, op die kruis van Christus steun. Toe Christus tussen die mense op hierdie aarde gewoon en gewandel het, het Hy op 'n keer gesê: "Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee." En toe Hy aan die kruis gehang het, het Hy daardie woorde nog 'n keer uitgespreek — al het niemand van die wat rondom Hom was, hulle gehoor nie. In daardie uur van Sy versoeningsofferande, toe Hy aan die kruis vasgespyker was, was dit asof Sy uitgestrekte hande 'n uitnodiging aan almal gerig het en Sy hele wese met oneindige liefde die woord van daardie selfde uitnodiging herhaal: "Kom, almal van julle wat die las van die kennis van julle sonde en skuld dra en wat vermoeid is vanweë julle ongelyke stryd met die Bose. Kom, en Ek sal julle rus gee. Leun swaar op My kruis. Neem My uitnodiging aan deur 'n eenvoudige daad van vertroue, en julle sal rus vind." Hoe eenvoudig is die weg van die lewe! En hoe moeilik is dit. vir baie mense om te vind juis vanweë die eenvoud daarvan! Dit was op dieselfde wyse dat die mens die vrugte van die boom van die lewe in die begin verloor het. Hy het dit moeilik gevind om die woorde van God te glo, al was hulle so eenvoudig; hy het verkies om geloof te heg aan die influisteringe van die Bose. Hy het nie vertroue gehad in Gods Woord nie, en die gevolg was dat hy die ewige lewe verloor het. As die mens dus die lewe wat hy verbeur het, weer wil verkry, moet hy terugkeer na dieselfde ou slagveld waarop hy die eerste *geveg* verloor het. Dit is nodig dat die stryd weer aangeknoop en die slag gewen moet word. Die mens moet nou doen wat hy daardie keer versuim het om te doen: hy moet vertroue in Gods Woord hê. Hy moet sy hart open en met 'n paar eenvoudige woorde sê: "Ek dank U, o Christus! Ek kan nie ten volle begryp waarom U dit alles juis vir my. gedoen het nie, waarom U moes neerdaal en vir my sondes gekruisig word nie! Maar al kan my verstand nie die geheim begryp nie, neem my hart die feit van U offerande as my enigste hoop aan. Belas soos ek is met my sonde, kom ek na U, sodat U my kan vergewe en my die ewige lewe kan gee."

Dit is die oorwinning — julle geloof. Wanneer u dit gedoen het, sal u die ou, ou stryd gewen het, en sal u aanspraak kan maak op die heerlike belofte wat vervat is in die naskrif van die brief wat ons so pas bestudeer het. Terwyl ons voortgaan met ons studie van die briewe wat volg, sal ons die volheid van baie ander beloftes aangebied word en baie meer sien en geniet van die glinsteringe van die diamant van Christus. Die beloftes kan egter nooit u eie word tensy u hierdie eerste belofte het nie. Gryp dus hierdie belofte van God aan: eet van die vrugte van die boom van die lewe wat binne-in die paradys is.

3. Die Brief aan Die Gemeente in Smirna (I)

[Openb. 2:8-11]

8 En skryf aan die engel van die gemeente in Smirna: Dít sê die eerste en die laaste, wat dood was en lewend geword het:
9 Ek ken jou werke en verdrukking en armoede maar jy is ryk en die lastering van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar ‘n sinagoge van die Satan.
10 Vrees vir niks wat jy sal ly nie. Kyk, die duiwel gaan sommige van julle in die gevangenis werp, sodat julle op die proef gestel kan word; en julle sal tien dae lank verdrukking hê. Wees getrou tot die dood toe, en Ek sal jou die kroon van die lewe gee.
11 Wie ‘n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Die wat oorwin, sal deur die tweede dood geen skade ly nie.

NADAT DIE briewebesteller die brief aan die gemeente in Efese in daardie stad gelewer het, het hy noordwaarts gedraai en na die stad Smirna gegaan. Hoe verskillend was die omstandighede van die gemeente in hierdie stad! Die lippe wat sy kus van broederlike liefde ontvang het, was nog gespanne van lyding en pyn. Heel waarskynlik het die hande wat die brief ontvang het, die merke van onlangse mishandeling gedra. En toe die briewebesteller vra na die plek waar die gelowiges bymekaarkom om hulle Here te aanbid, is hy na 'n afgeleë en geheime plek gebring, om daar kennis te maak met die gemeente in Smirna. 'n Groot verskil tussen die gemeente in Efese en die in Smirna — want die gemeente in Smirna was 'n vervolgde gemeente. En in die tyd toe die pos uit Patmos in Smirna aangekom het, was die vervolging op sy ergste.

Ons weet nie wanneer en hoe die gemeente in Smirna ontstaan het nie. Dit is heel moontlik dat Smirna die evangelie vir die eerste keer gehoor het gedurende daardie onvergeetlike jare wat Paulus in Efese deurgebring het, toe — om Lukas se treffende uitdrukking te gebruik — al die inwoners van die groot provinsie Asië die evangelie gehoor het (Hand. 19:10). Die naam van die stad Smirna word egter nie in die Handelinge van die Apostels vermeld nie.

Dit was inderdaad 'n dag van groot oorwinning vir die jong kerk toe dit Smirna binnegedring het, want daardie stad was een van die mooiste en belangrikste in die hele oostelike kom van die Middellandse See. Drie stede — Pergamus, Efese en Smirna — het met mekaar gewedywer om die titel van die eerste stad van Asië. Smirna het egter 'n end aan die stryd gemaak toe daar op die stad se muntstukke 'n klein sinnetjie aangebring is om te meld dat dit die eerste "in grootte en skoonheid" was — 'n aanspraak wat sy mededingers nie durf betwis het nie. Smirna was nie alleen groot en mooi nie, maar ook 'n uiters ryk stad, omdat 'n standhoudende stroom van die rykdom van die Ooste in Smirna se hawe ingevloei het.

Daar is 'n besondere rede waarom ons hierdie besonderhede noem. Die rykdom van die stad Smirna het op die een of ander subtiele wyse te doen met die inhoud van die brief wat ons nou wil bestudeer, of liewer met die omstandighede van die bepaalde gemeente aan wie hierdie brief gerig was. Want om arm te wees te midde van algemene armoede, is 'n beproewing wat in die reè'1 nie bo 'n mens se vermoë is om te verduur nie; maar om baie arm te wees in 'n omgewing van oorvloed en weelde — dit maak armoede dubbeld bitter om te verduur. En dit was teen die agtergrond van groot materiële rykdom dat die gemeente in Smirna geroep was om die las van groot armoede te dra.

Laat ons egter na die plek van aanbidding van die gemeente in Smirna gaan. Dit is Sondagoggend. Langs ompaaie en verlate straatjies kom die gelowiges uit die verskillende dele van die stad na die eenvoudige en onindrukwekkende gebou wat hulle in 'n plek van aanbidding omgeskep het. Die opkoms is groot — groter as op enige ander

Sondag; want sonder twyfel is die berig gedurende die afgelope week versprei dat daar 'n brief vir hulle van Patmos af gekom het. Tekens van armoede is oral in die vol kerk te sien.

Op die preekstoel staan 'n man wat aan ons goed bekend is, tensy ons dit heeltemal mis het met ons historiese berekeninge. Hy is inderdaad een van die bekendste manne uit daardie vroeë tydperk van die kerkgeskiedenis. 'n Paar jaar nadat die brief uit Patmos aan die gemeente in Smirna gestuur is, het Ignatius, die leraar van die gemeente in Antiochië, onderweg na Rome en martelaarskap, deur Smirna gereis, en daar kennis gemaak met Polycarpus, wat toe die leraar van die gemeente in Smirna was. Daar is sterk aanduidinge dat Polycarpus daardie amp beklee het toe die briewebesteller van Patmos in Smirna aangekom het. Heelwat later, op hoë ouderdom, sou Polycarpus geroep word om sy lang lewe van diens met die marteldood te verseël. Nou, soos ons hom op die besondere Sondag op die preekstoel van die gemeente in Smirna sien staan, is hy nog 'n jong man. Deur hierdie getroue hande is die brief uit Patmos daardie Sondagoggend geopen: deur die lippe van hierdie toegewyde dienskneg van die Here is die inhoud daarvan vir die eerste keer van die preekstoel van die kerk in Smirna gelees. Laat ons ons plek tussen die vergaderde gemeentelede inneem en saam met hulle na die voorlees van die brief luister.

Die openingswoorde van die brief is dieselfde as in die geval van die ander ses: "Ek ken . . . ." "Ek ken jou verdrukking en armoede." Maar voordat die voorleser by hierdie woorde in die brief kom, het die inleidende sin die aandag van die hoorders getref: "Skryf aan die engel van die gemeente in Smirna: Dit sê die eerste en die laaste, wat dood was en lewend geword het." Hierdie sin herinner ons aan die woorde wat die Here aan Johannes gerig het aan die begin van Sy onderhoud met hom op die eiland Patmos. Toe het Hy aan hom gesê: "Moenie vrees nie; Ek is die eerste en die laaste, en die lewende; en Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid. En Ek het die sleutels van .... die dood."

Die gemeente aan wie hierdie brief geadresseer was, was besig om 'n tyd van groot lyding deur te maak. Dit was besig om die dal van doodskaduwee te betree. En die brief wat nou van die preekstoel af voorgelees word, is gestuur deur Iemand wat ook daardie dal betree het en die dood gesmaak het. Dit was nie 'n brief van 'n vreemdeling, van iemand wat op 'n afstand staan en nie die gemeente se droefheid kan verstaan, of sy pyn kan aanvoel nie. Nee, Hy wat daardie brief geskryf het, het dieselfde droefheid gesmaak en dieselfde pyn gely; daarom kon Hy sê: "Ek ken dit."

Hoe duidelik moet die lede van die gemeente in Smirna daardie Sondagoggend die teenwoordigheid van hulle Here onder hulle gevoel het! Hoe naby was Hy! Hoe kosbaar moet daardie vereenselwiging van hulle Here met Sy kerk vir hulle in hulle omstandighede gewees het! Dit was of Hy vra: "Ly julle armoede? Dit kan nie wees dat julle armoede groter is as die wat Ek gesmaak het nie; toe Ek op aarde gewoon het, het Ek geen plek gehad waar Ek My hoof kon neerlê nie. Gaan julle 'n tyd van droefheid deur? Gedurende die jare dat Ek op aarde geleef het, was Ek bekend as die Man van smarte; Ek het 'n beker van 'n droefheid soos geen mens ooit kan smaak nie, tot sy bitterste droesem toe geledig. Het die dood aan julle deur geklop? Ook dit is nie iets waarmee Ek onbekend is nie. Ek, die Lewende, was dood, maar kyk, Ek leef tot in alle ewigheid!"

Watter bemoediging moet die vergaderde gemeente daardie Sondagoggend uit hierdie boodskap van Christus geput het! Die innige verbintenis tussen die Here en Sy mense! Die klopping van Sy hart sáám met die hartklop van Sy kerk! "Ek het die sleutels van die dood en sy ryk. Ek ken die donker probleme waarmee julle te worstel het; Ek ken die moeilike omstandighede wat van alle kante op julle druk; Ek ken die vrae wat julle kwel, op baie waarvan julle geen bevredigende antwoord kan vind nie. Van al hierdie dinge hou Ek die sleutels. Aan My behoort die sleutels van lewe en dood, wat die donkerste probleem kan ontsluit. Die sleutels van al julle omstandighede lê in My hand."

Dit is die geheim van moed en hoop in 'n wêreld vol vrees en kommer. Ek kan vir my

kind sê : "Moenie vrees nie," onderwyl my eie hart die prooi van die donkerste vrees kan wees. Maar wanneer Christus sê: "Moenie vrees nie," bedoel Hy: "Ek weet alles; Ek ken julle omstandighede. Ek hou die sleutel van al julle probleme. Julle hoef nie te vrees nie." Dit is 'n bemoediging omdat dit 'n belofte is.

Wat was nou die dinge wat die Here geken het aangaande die gemeente in Smirna? Dit mag ons help om 'n indruk te kry van die besondere omstandighede waarin daardie gemeente verkeer het, en om die inhoud van die brief wat dit ontvang het, beter te verstaan. Die Here sê dat Hy alles weet van die beproewing van daardie gemeente en van die vervolginge waaronder dit gely het. Hy sê ook dat daardie vervolginge in sekere mate aan die Jode toegeskryf kon word, en dat die verarming van die Christene die bepaalde vorm van hulle vervolging was.

Dit sal nie moeilik wees om ons daarvan 'n voorstelling te maak nie. Ons weet uit verskeie bronne dat die Jode in groot mate verantwoordelik was vir die vervolginge wat die gemeente in Smirna verskeie kere moes verduur. 'n Brief van die gemeente in Smirna aan die sustergemeente in Philomelium, verstrek besonderhede oor die martelaarsdood van hulle leraar Polycarpus en vertel ons ook dat die Jode heelhartig met die heidene saamgespan het in hulle eis dat Polycarpus vir die leeus gewerp moes word. Toe daar nie aan hulle wens voldoen is nie, het hulle ywerig op daardie Sabbatdag hout bymekaargemaak vir die vuur waarin "die onbesnede ongelowige" verbrand moes word, en daardeur die Sabbatswet geskend om hulle doel te bereik. Dit blyk dat die Jode ook vroeër 'n vername rol gespeel het in die vervolging van die gemeente in Smirna, waarna die brief uit Patmos verwys. En die besondere vorm van vervolging was om die Christene te verarm. Blykbaar het die Jode by die Romeinse owerhede die soort klagte teen die lede van die gemeente ingedien wat tot die onteiening van hulle besittinge sou lei. So is die Christene in Smirna beroof van die eenvoudigste lewensmiddele, en behoeftig en dakloos gelaat.

Ons kan ons goed voorstel hoe bitter hierdie toestand van armoede in 'n stad soos Smirna moet gewees het. Smirna was 'n stad waarin alles met die maatstaf van rykdom gemeet is. Sommige van die armes in daardie dae was waarskynlik vroeër welgestelde mense. Daar was waarskynlik 'n tyd toe hulle eie goedere aan die besige waterkant van die stad afgelaai of verskeep is. Vroeër het ook hulle mense se waarde bepaal volgens die enigste maatstaf wat hulle gehad het — die van materiële welvaart. En nou was hulle arm en behoeftig ter wille van Christus. Wanneer hulle nou deur die strate van Smirna loop, het hulle hul eertydse kennisse probeer vermy, sodat hulle nie hul verbasing en bejammering sou sien nie.

Elke dag wat verbygaan, elke nuwe dag van ontbering, verleentheid en vernedering moet daardie Christene van Smirna met toenemende dringendheid voor die vraag gebring het: "Is dit die moeite werd? Is Christus en Sy liefde so 'n swaar opoffering van ons kant werd?" En elke dag wat verbygegaan het, het die lyn van vasberadenheid om hulle mond dieper getrek, hul gesig met 'n helderder lig bestraal, totdat hulle hart, met 'n nuwe warmte deurstraal, die antwoord kon gee: "Ja, Hy is dit werd! Hierdie en baie ander opofferinge is maar 'n klein prys om vir Christus en Sy liefde te betaal!" So het dit dan gebeur dat hulle liefde vir Christus al groter geword het, namate materiële goedere onder die lede van die gemeente in Smirna skaarser en skaarser geword het. En terwyl die gemeente in Efese met verloop van tyd sy eerste liefde verlaat het, het die gemeente in Smirna daarin geslaag om aan sy eerste liefde 'n tweede, dieper, skoner liefde toe te voeg. Dit was die uitvloeisel van die bittere ondervinding van vervolging en, meer as enige ander soort liefde, het dit die stempel van egtheid gehad omdat dit die gevolg van groot opoffering was.

Terwyl Hy na die armoedige gemeente kyk, het die Here dit soos volg aangespreek: "Ek weet; Ek ken dit alles — jou armoede, jou vervolginge, jou verdrukking." Maar, eienaardig genoeg, Hy het nie voortgegaan om 'n oplossing vir hierdie probleme van Sy gemeente te gee nie; nie eens 'n aanduiding dat die vervolging binnekort ten einde sou loop nie. Inteendeel, Sy enigste woord van bemoediging aan daardie gemeente, wat

alreeds so swaar beproef was, het die voorspelling ingehou van nuwe beproewinge wat vir hulle wag. "Vrees vir niks wat jy sal ly nie," het Hy aan daardie gemeente gesê. "Kyk, die duiwel gaan sommige van julle in die gevangenis werp, sodat julle op die proef gestel kan word; en julle sal tien dae lank verdrukking hê." Aan 'n gemeente, alreeds swaar belas, beloof die Here ander laste wat binnekort bygevoeg sou word.

Hoe moet ons die Here se swye ten opsigte van die vraagstukke en die lyding van daardie getroue kinders van Hom in die gemeente van Smirna verklaar? Daar is 'n ou verhaal wat ons die antwoord op hierdie vraag kan gee. Dit is die verhaal van 'n vrou wat droom dat sy drie ander vroue sien neerkniel en bid. Toe sien sy skielik dat die Here die knielende vroue nader. Toe Hy by die eerste een kom, buig Hy oor haar en fluister woorde van teerheid en bemoediging. Toe Hy by die tweede vrou kom, plaas Hy net in die verbygaan Sy hand op haar skouer. Die derde vrou het Hy nie eens aangeraak nie, maar net met liefde aangekyk. Toe het die dromende vrou by haarself gedink: "Met watter teerheid het die Here die eerste vrou lief! Hy het ook die tweede vrou lief, maar nie met soveel teerheid as die eerste nie. Maar dit lyk asof Hy ontevrede is met die derde vrou!" Daarop het die Here Hom tot haar gekeer en gesê: "Hoe vleeslik is jou gedagtes! Daardie eerste vrou het baie swak geloof en het baie bemoediging nodig, sodat sy nie sal val nie. Die tweede vrou het 'n baie sterker geloof, en haar liefde vir My is baie dieper. Daarom het sy geen woorde van My kant nodig nie; die aanraking van My hand is vir haar genoeg. Die derde vrou het 'n geloof en 'n liefde van die hoogste gehalte. Ek is besig om haar vir baie groter dinge voor te berei.

Ek is besig om haar op te lei vir 'n baie verantwoordelike diens wat Ek aan haar gaan toevertrou; en deur middel van My tydelike swye help Ek om haar geloof te versterk en haar karakter te ontwikkel, sodat sy in staat sal wees om daardie besondere diens te onderneem." Is dit nie miskien die betekenis van die Here se swye in verband met die lyding van Sy gelowiges in Smirna nie? Is dit nie moontlik dat Sy swye die besondere manier was waarop Hy besig was om hulle voor te berei vir een of ander hoër diens wat Hy vir hulle in die oog gehad het nie? En is dit nie moontlik dat, wat lyding en pyn in ons eie lewe betref, die Here se skynbare swye dieselfde doel dien nie?

Hierdie teenswoordige lewe is maar net die voorbereidingstyd vir 'n oneindig groter en beter lewensvorm. In hierdie lewe is ons maar net besig om die gereedskap bymekaar te maak wat ons in staat sal stel om enige diens wat in die lewe hierna aan ons toevertrou mag word, met welslae uit te voer. En ons is ook besig om ons hart hier voor te berei om op gepaste wyse te reageer op die geluksaligheid wat dit daarbo te wagte is. Daarom is dit duidelik dat die graad van ons blydskap in daardie ander lewe, sowel as die soort diens wat aan ons toevertrou sal word, geheel en al sal afhang van die wyse waarop ons van ons geleenthede in hierdie teenswoordige lewe gebruik maak. Dikwels is dit die doel van die vuur van verdrukking in die lewe van die Christen. Dit is die vuur wat die yster van sy karakter hard maak. Hoe groot sal ons verlies wees as ons nie ons beproewinge in die regte gees benader nie, en die poort van daardie ander lewe met onvoldoende gereedskap bereik!

Dit is in hierdie lig dat ons die troos wat die Here Sy gemeente in Smirna aangebied het, moet beskou — meer beproewinge vir die duur van "tien dae". Daardie "tien dae"! Daar was al 'n eindelose bespreking oor die moontlike betekenis van daardie tien dae, en 'n hele vertoning van teorieë wat hierdie woorde probeer ophelder het. Sommige het gesê dat die "tien dae" ongetwyfeld die tien vervolginge was wat die kerk sou deurmaak; maar in werklikheid was die vervolginge nie net tien in getal nie! Ander het myns insiens 'n meer aanneemlike verklaring van die "tien dae" gegee. Hiervolgens sou die dae van die volk van God versigtig afgetel word; niks sou aan die toeval oorgelaat word nie. Dit was asof die Here aan Sy gemeente in Smirna gesê het: "Dit is nie vir julle om te weet hoe lank julle beproewinge sal duur nie, maar Ék weet, en Ek kan julle verseker dat dit nie 'n dag langer sal duur as wat vir julle nodig is nie. As selfs die hare van julle hoof getel is, kan julle seker wees dat die kleinste besonderheid van daardie beproewinge versigtig geweeg sal word in die hand van 'n alwetende en liefdevolle Vader, wat sekerlik nie sal toelaat dat julle bo julle kragte versoek sal word nie. En al sou die duur van julle

beproewinge julle hele leeftyd dek, sal dit maar net tien kort dae wees, 'n enkele korte oomblik in vergelyking met die eindelose ewigheid van geluk!"

Hier moet ons let op 'n kort tussensin wat die enigste lofprysing voorstel wat die Here tot daardie gemeente gerig het: "Maar jy is ryk." "Ek ken jou armoede — maar jy is ryk." Al is dit die enigste woord van aanbeveling wat die Here tot Sy gemeente in Smirna rig, is dit tog van groot betekenis! Vir die gemeente in Efese het die Here sewe punte van aanbeveling gehad, maar almal saam kon nie opweeg teen die één klag wat daarop gevolg het nie. Maar wat die gemeente in Smirna betref, is daar geen klag om teen die één aanbeveling op te weeg nie. "Maar jy is ryk." Die rykdom van die gemeente in Smirna was van 'n blywende aard. Daar is rykdomme wat vanweë hulle aard nie van lange duur is nie. Hulle is bestem om vroeër of later te bederf en te vergaan. So is die rykdomme van die wêreld — die rykdomme wat in die hawe van Smirna afgelaai of verskeep is. Daar is egter rykdomme wat ewigdurend is. Dit is die skatte wat 'n mens vir hom in die hemel bymekaar kan maak. En dit was die skatte van die lede van daardie armoedige gemeente. Hulle was ryk aan liefde, ryk aan geloof, ryk aan die hoop op die ewige lewe wat hulle met Christus sou leef.

As ons die einde kon naspoor van die ryk mense in Smirna, wat alleen aan wêreldse goedere ryk was, sou ons hulle in die geselskap vind van die wat nie die rykdom wat Christus aanbied, verkry het nie. En daar sal hulle deur die eindelose ewigheid bly, terwyl die lede van daardie armoedige gemeente in die hemelse voorhowe verkeer en gedurende die afgelope neëntienhonderd jaar reeds 'n voorsmaak geniet van die onuitspreeklike blydskap wat hulle deel sal wees wanneer die getal gelowiges voltallig sal wees en die tafel van die bruilofsfees van die Lam gedek sal word, en die Here die geselskap van Sy eie mense op 'n nuwe en voller wyse sal geniet. By die een hoek van die tafel, nie ver van die Here af nie, sal Polycarpus en die lede van sy gemeente aansit. Dan sal daardie Christene uit Smirna waarskynlik hulle ou stad en sy rykdom onthou. Hulle sal vir seker hulle gemeentelike lewe op aarde onthou, hul armoede, hul honger en hul besondere versoekinge. En hulle sal die Meester van die fees aanspreek met woorde vol van 'n nuwe gloed en betekenis, en aan Hom sê: "Daardie opofferinge, liewe Here, die armoede en die honger .... dit was die moeite werd om dit alles te verdra ter wille van U en U liefde." En hulle beker van blydskap sal oorloop wanneer hulle daardie klein tussensin onthou in die brief wat hulle deur die pos van Patmos ontvang het: "Maar julle is ryk."

Ons beny daardie gemeente vanweë daardie tussensin, vanweë daardie vier woorde wat die Here in hulle brief ingevoeg het! Maar ons kan iets beters doen. Ons kan daardie Christene van Smirna navolg. En ons kan gehoor gee aan die woorde van die Here: "Moenie vir julle skatte bymekaarmaak op die aarde, waar mot en roes verniel en waar diewe inbreek en steel nie; maar maak vir julle skatte bymekaar in die hemel, waar geen mot of roes verniel nie en waar diewe nie inbreek en steel nie." Laat ons nie ons waardebegrip verloor nie. Laat ons nie onder die bekoring van die rykdom en die heerlikheid van hierdie wêreld kom nie, want al hierdie dinge is tydelik. Maar laat ons hart vervul wees met die liefde van Christus, met die begeerte om in voller mate Sy verlossingswerk te smaak, en met die drang om op daardie groot feesdag naby Hom gevind te word. Dan, sal ons, wanneer die wêreld en sy rykdom verdwyn het, aan die tafel die plek kry wat vir ons afgesonder is, by die arm en tog so ryk Christene van Smirna, want "die wêreld gaan verby en sy begeerlikheid, maar hy wat die wil van God doen, bly vir ewig".

4. Die Brief aan Die Gemeente in Smirna (II)

[Openb. 2:8-11]

8 En skryf aan die engel van die gemeente in Smirna: Dít sê die eerste en die laaste, wat dood was en lewend geword het:
9 Ek ken jou werke en verdrukking en armoede maar jy is ryk en die lastering van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar ‘n sinagoge van die Satan.
10 Vrees vir niks wat jy sal ly nie. Kyk, die duiwel gaan sommige van julle in die gevangenis werp, sodat julle op die proef gestel kan word; en julle sal tien dae lank verdrukking hê. Wees getrou tot die dood toe, en Ek sal jou die kroon van die lewe gee.
11 Wie ‘n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Die wat oorwin, sal deur die tweede dood geen skade ly nie.

ONS KEER nou terug na die gemeente in Smirna, sodat ons genot kan put uit die lees van die naskrif wat onderaan die brief aan hulle gevoeg is. Ek het gesê "naskrif". Ek moes gesê het "naskrifte". Dit was waarskynlik om die saaklikheid van die aanprysing wat die Skrywer van die brief aan sy vrome gemeente gestuur het, te vergoed — in die oorspronklike teks bestaan dit uit net drie woorde — dat Hy nie één nie, maar twee naskrifte daaraan toegevoeg het. En deur middel van hierdie naskrifte het Hy daardie gemeente twee groot beloftes gegee: die een 'n positiewe, die ander 'n negatiewe.

Dit sal miskien ons studie beter dien as ons met die tweede belofte, die negatiewe, begin, en dan voortgaan na die positiewe belofte. En as ons dan aan die einde van ons studie kom, sal ons ontdek dat hierdie twee beloftes, die negatiewe sowel as die positiewe, maar net twee kante van één belofte van die Here is. Ons het reeds in ons studie van die brief aan die gemeente in Efese geleentheid gehad om daarop te let dat al hierdie beloftes maar net die glinsteringe van één enkele diamant is — die openbaringe van 'n innige betrekking tussen die gelowige en die persoon van die Here.

Die tweede naskrif, wat die negatiewe belofte bevat, lui soos volg: "Die wat oorwin, sal deur die tweede dood geen skade ly nie." Dit was uiters gepas dat die belofte met verwysing na die tweede dood aan die gemeente in Smirna gegee sou word. Soos ons reeds gesien het, was hierdie gemeente besig om die dal van doodskaduwee te betree; hulle het wrede vervolging verduur en, soos die Here hulle in Sy brief meegedeel het, sou dit nie bedaar nie, maar in felheid toeneem. En dit was in verband met daardie vervolginge dat die lelike woord "dood" uitgespreek is. Die kille skaduwee van 'n dreigende gevaar het reeds oor daardie beproefde gemeente gedaal, en die Here wou die lede daarvan deur middel van Sy brief voorberei vir die uur wanneer daardie gevaar 'n werklikheid sou word, wanneer die dood in 'n tyd van groot ontbering sommige van die lede van hul gemeente sou wegskeur.

Dit sou egter maar net die eerste dood wees. Die belofte van die naskrif volg: "Die wat oorwin, sal deur die tweede dood geen skade ly nie." Moet ons dan verstaan dat daar anderkant die eerste dood 'n tweede dood is? En word die naskrif op so 'n wyse gestel om die indruk te skep dat hierdie tweede dood 'n nog vreesliker ondervinding is as die eerste? Sou dit nie baie meer wees as wat die menslike hart ooit kan verduur nie?

Die dood is 'n bittere beker, een van die bitterste wat die mens moet drink. Van al die pyn wat die mens ken, is daar waarskynlik geen pyn so wreed soos die hartseer wat deur die ingryping van die dood veroorsaak word nie. Daar is geen donkerder oomblik, geen oomblik wat met soveel pyn en wanhoop gepaard gaan nie, as die wanneer die mens by 'n oop graf staan en die oorblyfsels van 'n geliefde persoon vir altyd vir sy oë bedek word. Alleen hy wat hierdie donkere ondervinding deurgemaak het, kan daaroor praat. En hy is die laaste persoon wat begeer om dit te doen.

Dit, sê die Here, is egter maar die eerste dood; en daaragter skuil die bedreiging van 'n tweede dood. Agter daardie donker skaduwee is 'n ander wat nog donkerder is. Agter daardie bittere ondervinding wat ons die dood noem, is daar 'n ander wat oneindig bitterder is, "die tweede dood". Nou skryf die Here aan Sy gemeente in Smirna: "Daardie eerste skaduwee sal julle nie kan vermy nie. Julle sal die bittere ondervinding van die dood smaak. Maar Ek het iets van oneindige waarde om julle aan te bied. As julle onder die oorwinnaars getel word, sal julle aan daardie ander skaduwee, die vreeslikste van die twee, ontkom. Die tweede dood sal julle nie tref nie."

In ons oordenking van hierdie briewe sal ons nog meer naskrifte teëkom wat kosbare beloftes van God aan Sy volk bevat. Ek twyfel egter of daar één van die beloftes is wat 'n groter troos aan die mens se hart kan bring as dit: "Wees nie bevrees nie; julle is onder diegene vir wie die tweede dood nie sal kan tref nie."

Dit is die eerste keer dat melding gemaak word van "die tweede dood" in die boek Openbaring. Die toestand waarna hierdie uitdrukking verwys, is egter nie onbekend aan die student van die Nuwe Testament nie. Ons het dit alreeds in die Evangelies teëgekom. Dit was die Here self wat daaroor gespreek het toe Hy nog op die aarde gewoon het. Hy het gesê: "Moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie; maar vrees Hom liewer wat die siel sowel as die liggaam kan verderwe in die hel." Die eerste dood is die dood wat sy hand op die liggaam kan lê, en die Here het gesê: "Moenie daardie dood vrees nie. Daardie dood is nie so vreeslik soos dit lyk nie. Vrees liewer die dood wat die liggaam kan doodmaak en die siel kan verderwe." Dit is die tweede dood. En dit is 'n eindelose dood. Dit is die dood wat sy kloue in die siel van die mens slaan en dit tot in alle ewigheid in die digte, onvriendelike duisternis van 'n onherroeplike verwydering van God af hou.

Aan hierdie verskriklike ondervinding van die tweede dood het onse Here die benaming "hel" gegee. Ons erken dat dit vir 'n mens nie aangenaam is om oor hierdie onderwerp te spreek of daarvan te hoor nie. Dit is die rede waarom hierdie woord so selde in ons dag van die preekstoel af gehoor word. Dit is 'n onaangename onderwerp en dit is heeltemal natuurlik dat die gewone prediker dit graag wil vermy. As ons egter getrou wil wees aan die bediening wat onse Here aan ons toevertrou het, kan ons hierdie onderwerp nie heeltemal in ons prediking vermy nie. Was daar ook 'n hart so teer soos die hart van Jesus? Ons kan ons goed voorstel met hoeveel pyn onse Here die woorde gebruik het: "Die buitenste duisternis: daar sal geween en gekners van die tande wees"; of: "Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele." Dit moet met groot droefheid in Sy hart gewees het dat Christus hierdie woorde uitgespreek het. Maar Hy het nie nagelaat om hulle uit te spreek nie.

Dit is die tweede dood: daardie toestand wat die mens se verstand nie kan begryp en sy tong nie kan beskryf nie, en wat die eerste dood, vergelykenderwys, soos 'n nietige episode in die drama van die menslike lewe laat lyk. Die mens se vervreemding van God, die finale toesluit van die deur vir alle ewigheid — dit is die tweede dood. En volgens die Here se belofte, sal die oorwinnaar nie deur hierdie tweede dood getref word nie. Hierdie verskriklike ondervinding sal nie sy deel of lot wees nie.

In ons studie van die naskrif van die eerste brief het ons reeds gesien wie die oorwinnaar is. Ons onthou dat Johannes gesê het: "Dit is die oorwinning, naamlik ons geloof." Wat die geestelike wêreld betref, kan ons maar van één oorwinning praat: die oorwinning van Jesus Christus oor die dood. Die Vors van die lewe het die dood oorwin en het oor die graf geseëvier. En geloof? Geloof is om daardie oorwinning aan te gryp en dit ons toe te eien. Watter ander oorwinning kan teen so 'n vyand doeltreffend wees? Met watter ander wapens as hierdie sou ons die tweede dood durf tegemoetgaan? Met ons eie deug en ons eie geregtigheid? Met ons goeie werke — wat die profeet "'n besoedelde kleed" noem? Enigeen van hierdie wapens sou reeds by die eerste ontmoeting nutteloos blyk teenoor die wapenrusting van daardie gedugte vyand. Die versoenende kruis van Jesus Christus en Sy opstanding is die enigste wapens wat nie teen daardie wapenrusting gebreek het nie.

Voordat ons van hierdie negatiewe belofte afstap om aandag te skenk aan die positiewe belofte, sou ek graag my leser wou vra: "Hoe staan sake met u ten opsigte van die tweede dood? Het dit nog 'n aanspraak op u lewe? Leef u nog in die skaduwee van vrees en twyfel aangaande u ewige bestemming? Het u al ooit deur 'n eenvoudige geloofsdaad die oorwinning wat Jesus Christus oor die dood behaal het, vir u toegeëien? So nie, doen dit vandag, doen dit nou! U kan nie seker wees dat u môre nog hier sal wees nie. Ons leef in 'n wêreld waaroor die doodskaduwee hang — die skaduwee van die eerste dood. Hoe vreeslik sal dit wees as u moet ontdek, wanneer u uit daardie skaduwee uitkom, dat die afgryslikheid van 'n ander skaduwee op u wag — die van die tweede dood!"

Laat ons nou daardie donker skaduwee agter ons laat en ons wend na die sonskyn van die eerste belofte. "Wees getrou tot die dood toe, en Ek sal jou die kroon van die lewe gee." Hierdie belofte bied die oorwinnaar iets wat baie meer bevredigend en volmaak is as wat binne die bestek van die vorige belofte gevind kan word. Wat die Here aan Sy volk belowe, is nie net die ontwyking van die skaduwee nie. Dit is nie net 'n ontkoming uit die graf nie. Dit is iets meer positiefs — iets baie voller en ryker: die lewe self! Toe Polycarpus, die bejaarde leraar van die gemeente in Smirna, saam met 'n onbekende getal lede van sy gemeente hierdie tydelike lewe onder pyn en lyding vaarwel gesê het, het hulle nie alleen ontdek dat die skaduwee van die tweede dood voor hulle uit gewyk het nie, maar ook dat 'n oneindig groter en voller ervaring op hulle gewag het. Aan hulle is nie alleen 'n ontkoming van die dood gegee nie, maar die lewe self; of, nog beter, "die kroon van die lewe".

Ek sê "nog beter", want hierdie beeld van die kroon van die lewe kan ons miskien help om op 'n meer bevredigende wyse na te gaan wat die oorwinnende Christen te wagte is wanneer sy skuit die strand van die voller en skoner lewe bereik. Ons moet natuurlik nie vergeet dat dit slegs beeldspraak is nie. Op watter ander wyse kon God aan ons beperkte verstand 'n beskrywing van die lewe in die hemel gee? Dit is egter 'n beeld vol ryke betekenis. En as ons rede het om onsself te reken onder diegene aan wie daardie kroon van die lewe *gegee* sal word, voel ons seker ook die begeerte om te weet presies wat hierdie beeldspraak beteken — wat die "kroon" voorstel.

In die eerste plek is die kroon die simbool van die koninklike omgewing waarin die oorwinnende Christen sy lewe daarbo sal deurbring. Ons hoef die boek Openbaring en die beeld van die lewe in die hemel, wat onse Here ons daarin gee, nie baie diep te bestudeer om agter te kom dat die koninklike kleur hier oorheersend is nie. Reeds in die inleiding tot die boek lees ons dat Jesus Christus "ons gemaak het konings en priesters" (1:6). In 'n ander mooi toneel sien ons die Here Jesus omring van die vier-en-twintig ouderlinge en hoor ons hulle sing: "U het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers." Ons word verder herinner aan die gelykenis van die ponde, en die woorde wat die heer tot elkeen van sy diensknegte gerig het: "Jy moet gesag hê oor tien stede .... oor vyf stede." Kan daar 'n duideliker voorspelling wees van die aard en wese van die toekomstige lewe van die oorwinnende Christen as dit?

Die mens is geskape om 'n koning te wees. Hy is geskape sodat hy gesag kan uitoefen. En die lewe in die hemel sal volmaak wees omdat dit in hierdie lewensbelangrike behoefte van die menslike natuur sal voorsien. Christus sal die oorwinnende Christen verwelkom, en onderwyl Hy die koninklike kroon op sy hoof sit, sal Hy vir hom sê: "Toe Ek jou geskape het, het Ek bedoel dat jy 'n koning moet wees. Maar jou ondervinding met die sonde het jou van die kroon en septer van jou koninklike gesag beroof. Kyk, Ek gee die koningskap wat jy verloor het, aan jou terug. Laat hierdie kroon die teken wees van die nuwe koninklike waardigheid wat in die opstandingslewe jou deel sal wees. Wees 'n onderdaan en 'n koning; dra gesag oor tien stede in hierdie onbegrensde koninkryk van My, wat nie deur die sonde besoedel is nie."

Ten tweede, hierdie kroon is die simbool van oorwinning. Dit herinner ons dadelik aan die lourierkrans wat by die Olimpiese Spele in ou Griekeland op die hoof van die wenner geplaas is. Ons kan daardie man volg op die pad terug na sy afgeleë tuiste, oor

berge en deur riviere en, eindelik, weer tuis op sy dorp. Ons kan die toejuiging hoor waarmee hy begroet word. En daar is niks kosbaarders in sy besit as die lourierblare wat hy in sy hand hou nie. Dit is die betekenis van die kroon van die lewe — dit is die kroon van oorwinning. Die Christen keer van 'n harde stryd in die arena na sy hemelse tuiste terug. Christus verwelkom hom, en onderwyl Hy die kroon op sy hoof sit, sê Hy vir hom: "Jy het oorwin! Slegs daar benede kon jy vir die oorwinning stry en oorwin. Nou het jy 'n ander lewensvorm binnegegaan, waarin daar geen mededinging meer kan wees nie. Die arena is daaronder, op die sondige aarde. Dit is slegs dáár dat die Christen die geleentheid het om te stry en te win. Dit is slegs daar, in 'n vyandige omgewing, dat hy vir sy Saligmaker kan getuig. In daardie arena het jy gestry — en oorwin. Kyk, hierdie kroon sal deur eindelose eeue heen 'n teken wees van jou oorwinning. Soos jy My voor sondige mense bely het, so is hierdie kroon 'n waarborg dat Ek jou voor die engele van My Vader sal bely."

En, ten slotte, hierdie kroon sal 'n kroon van blydskap wees; dit sal 'n feestelike kroon wees. In die ou tyd het gaste wat by 'n feesmaal aansit, 'n blommekrans op hul voorhoof gedra as teken en simbool van die vreugde van daardie uur. Sal daardie kroon dan gemis word by die hemelse feesmaal? Sal die uiterlike tekens van daardie onuitspreeklike blydskap afwesig wees by die tafel wat in die Vader se huis gedek sal word?

Ek dink graag aan Polycarpus toe hy uit die koue waters van die doodsrivier gekom en die wal van die hemelse lewe uitgeklim het. Daar het sy Meester hom ingewag en die kroon van groot blydskap geplaas op daardie hoof wat nog die tekens van groot lyding gedra het, en vir hom gesê: "Jy het deur 'n groot verdrukking gekom. Ter wille van My het jy die beker van 'n groot droefheid gesmaak. Maar nou behoort dit alles aan die verlede. Kyk, Ek het jou trane afgevee, Ek het jou wonde genees, en Ek het hierdie kroon van blydskap op jou hoof gesit — 'n teken en 'n belofte dat droefheid nooit weer jou lewe sal tref nie: blydskap sal jou ewige en onvervreembare deel wees."

Ek sou baie graag ons studie van die brief aan die gemeente in Smirna hier wou beëindig. Dit sou vir ons inderdaad tot groot troos wees as ons ons oordenking op hierdie noot van triomf en blydskap kon afsluit. Dit kan ons egter nie doen nie. Ons moet ongelukkig ook 'n onvermydelike vraag onder die oë sien wat 'n verontrustende uitwerking op ons gemoed kan hê en ons selfs pyn kan veroorsaak: Sal daardie voller lewe, daardie kroon van die lewe, alle Christene ten deel val? Ag, as ek maar daarop kon antwoord: "Ja, dit sal aan almal gegee word wat aan Christus behoort"! Die Woord van God sê egter: "Nee, dit sal nie aan almal gegee word nie."

Alleen die tweede naskrif van hierdie brief is vir alle Christene bedoel. Vir elke Christen, elke persoon wat in die bloed van Christus gewas is, geld die vervulling van die belofte wat in daardie naskrif vervat is. Nie een van hulle sal die tweede dood smaak nie. Maar nie almal wat aan die tweede dood ontkom het, sal die kroon van die lewe ontvang nie. Alleen hulle wat "getrou tot die dood toe" is, sal dit ontvang.

Dit is die voorwaarde wat sal bepaal of hulle die kroon van die lewe sal ontvang — nie hulle geloof nie, maar hulle getrouheid. Geloof — die steun op die verlossingswerk van Christus aan die kruis — sal eens en vir altyd die aanspraak wat die tweede dood op hulle gehad het, vernietig. Maar van die oomblik dat 'n persoon hom die verlossing deur die geloof toegeëien het en die doodskaduwee van sy lewe gewyk het, gaan hy 'n nuwe stadium binne. Nou lê 'n arena vir hom en wag. Deure van geleenthede word geopen. Die moontlikheid word hom gebied om vir sy Saligmaker te getuig, sowel deur sy woorde as deur sy alledaagse lewe in 'n vyandige omgewing. En of hy die kroon van die lewe ontvang, hang uitsluitend af van sy optrede in daardie arena, van die wyse waarop hy die talente wat aan hom toevertrou is, gebruik, en van die mate van getrouheid waarmee hy van sy geleenthede om te dien en te getuig, gebruik maak.

Ons dink aan daardie plegtige voorstelling van Paulus in sy eerste brief aan die Korinthiërs, waarvolgens daar by die aanvang van die opstandingslewe 'n groot vuur sal wees, waarin elke Christen se werk wat op sy bekering gevolg het, gegooi sal word — sy

dade, gedagtes, woorde, gevoelens en motiewe. Die werke van die een Christen sal ongeskonde deur die vuur kom; hulle sal blyk goud, silwer en kosbare stene te wees. Daardie persoon se werk, sê Paulus, sal bly staan, en hy sal loon ontvang. Die werke van 'n ander Christen sal egter nie die vuurproef deurstaan nie; hulle sal blyk hout, hooi en stoppels te wees. So sal dit kom dat aan sommige Christene "ryklik verleen sal word die ingang" in daardie lewe, terwyl ander "gered sal word, maar soos deur vuur heen". Met ander woorde, sommige Christene sal dit net-net regkry om die skaduwee van die tweede dood te ontkom, terwyl ander boonop die kroon van die lewe sal ontvang. Daar is Christene wat net binnekant die poort van die ewige lewe sal kom en dan daar sal bly — en niemand kan ontken dat om selfs só ver te kom, onuitspreeklike blydskap sal wees nie. Maar daar is ander wat daardie hemelse land verder sal binnegaan en naby die troon sal wees. Dan sal Hy wat op die troon sit, die kroon van die lewe op hulle hoof plaas en vir hulle sê: "Mooi so, goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou, oor veel sal Ek jou aanstel. Deel in die vreugde van jou Meester."

By watter een van die twee groepe Christene sal ons gevind word? Mag ek die wens uitspreek dat geeneen van my lesers tevrede sal wees om net in die gebied te bly wat deur die tweede naskrif van hierdie brief gedek word nie, hoe goed dit ook al is nie, maar dat almal die drang sal voel om tot by die eerste naskrif te vorder — om nie net aan die onheilspellende skaduwee van die tweede dood te ontkom nie, maar om die kroon van die lewe uit die hande van die Here te ontvang.

5. Die Brief aan Die Gemeente in Pergamus (I)

[Openb. 2:12-17]

12 En skryf aan die engel van die gemeente in Pérgamus: Dít sê Hy
wat die skerp tweesnydende swaard het:
13 Ek ken jou werke en die plek waar jy woon, waar die troon van die
Satan is. En jy hou vas aan my Naam en het die geloof in My nie
verloën nie, selfs in die dae waarin Antipas my getroue getuie was,
wat gedood is by julle waar die Satan woon.
14 Maar Ek het enkele dinge teen jou: dat jy daar mense het wat
vashou aan die leer van Bíleam wat Balak geleer het om ‘n
struikelblok voor die kinders van Israel te werp, naamlik om
afgodsoffers te eet en te hoereer.
15 So het jy ook mense wat vashou aan die leer van die Nikolaïete,
wat Ek haat.
16 Bekeer jou; anders kom Ek gou na jou toe en sal teen hulle oorlog
voer met die swaard van my mond.
17 Wie ‘n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.
Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die verborge
manna, en Ek sal hom gee ‘n wit keursteen, en op dié steen ‘n
nuwe naam geskrywe wat niemand ken nie, behalwe hy wat dit
ontvang.

DIE BRIEWEBESTELLER van Patmos, wat sy reis oor land van die hawestad Milete begin het, het verder noordwaarts gegaan en die stad Pergamus bereik. Daar het hy aan die leraar van die gemeente die Here se brief, wat aan hulle gerig was, oorhandig. Ons bring nou 'n kort besoek aan die gemeente.

Die toestande in Pergamus is heeltemal anders as die van Efese en Smirna. Dit is vir ons duidelik as ons let op die bepaalde dinge wat die Goddelike Sender sê dat Hy van hierdie gemeente weet.

Dit was seker nie vir die gemeente nodig om die brief meer as één keer van die preekstoel te hoor om te besef wat die Here van die kerk as die kenmerkende eienskappe van hulle gemeente noem nie. "Ek ken die plek waar jy woon," sê die Here. En die woorde verwys nie maar net na 'n standplaas of posadres nie; hulle verwys na iets wat baie belangriker en meer betekenisvol is. "Ek ken die plek waar jy woon," skryf die Here, "waar die troon van Satan is."

Dit was dan in daardie bepaalde stad in Klein-Asië — so sê die Here — dat die Satan sy troon opgerig het. En dit was langsaan daardie troon dat hierdie paar gelowiges hulle kerk gebou het. 'n Baie interessante, maar nogal gevaarlike posadres hierdie van die gemeente in Pergamus! As 'n mens die posadres van daardie gemeente op 'n koevert wou skrywe, sou hy, in ooreenstemming met die gegewens in hierdie brief, moet skrywe: "Aan die Gemeente van Christus, naas die Troon van die Satan, Pergamus." 'n Moedige posadres vir 'n Christelike gemeente — en 'n bietjie gevaarlik!

Waarom sou onse Here Pergamus aangedui het as die plek waar die Satan sy troon opgerig het? Skrifverklaarders het dit op allerlei wyse probeer verklaar, maar nie altyd met welslae nie. Die verklaring wat ek die bevredigendste vind, is die wat nou verbind is met die geskiedenis van die stad Pergamus, aan die een kant, en met die geskiedenis van die vroeë kerk, aan die ander kant.

Toe die briewe aan die sewe gemeentes gestuur is, was dit nog nie van ampsweë verbode om 'n Christen te wees nie. Binne-in die waarlik liberale en toegeeflike raamwerk van die Romeinse ryk was almal vry om enige van die bekende godsdienste aan te hang en aan die godsdiensoefeninge wat daarmee gepaard gegaan het, deel te

neem. Die Christelike kerk, wat volgens die beskouing van baie 'n aanhangsel van die Joodse sinagoge was, het gedeel in die beskerming wat aan laasgenoemde verleen was. Daar was egter één voorwaarde: naas die godsdiens van sy eie keuse, moes elkeen ook aan die staatsgodsdiens deelneem. In daardie tyd het dit neergekom op die verering van die vergoddelikte persoon van die keiser. Voorwaar 'n liberale raamwerk, veral as ons in aanmerking neem dat die staatsgodsdiens glad nie streng in sy eise was nie. By sekere groot geleenthede, op sekere feesdae in die jaar, was elkeen verplig om 'n bietjie wierook voor die borsbeeld van die keiser te brand en so aan die godsdiens van die staat deel te neem. Dit was al.

Nadat iemand daardie verpligting nagekom het, was hy vry om die god van sy eie keuse te dien. Daardie paar korrels wierook was die betreklik lae prys wat die godsdienstige gewete betaal het vir die reg om die god van sy eie keuse te dien. En die godsdienstige gewete van die meeste mense het die prys van harte betaal. Hulle het geen moeite ondervind om plek vir nog 'n god in hulle Pantheon in te ruim, waarin daar tog reeds so 'n groot verskeidenheid van gode was nie.

Vir die godsdienstige gewete van die meeste mense was dit maklik om daardie gebruik te aanvaar. Maar nie vir die Christelike gewete nie. Die hand van die Christen het dit nie maklik gevind om daardie paar korreltjies wierook op die vuur te gooi nie. Vir die Christelike gewete was dit nie 'n saak van die hoeveelheid wierook nie; dit was 'n saak van beginsel. Die God van die Christene was die enigste God, en daar kon nie eens 'n klein plekkie langs Christus vir 'n ander god ingeruim word nie. Dit was die vernaamste oorsaak van die begin van die stelselmatige vervolging van die kerk. Die Christene is nie vervolg hoofsaaklik om wat hulle bely het of omdat hulle Christus gedien het nie — want hulle was vry om Hom te dien — maar omdat hulle geweier het om ook aan die persoon van die keiser goddelike eer te bewys.

Watter rol het Pergamus nou in die saak gespeel? Pergamus was die setel van die Romeinse regering in die groot provinsie Asië, waarin al sewe gemeentes wat hierdie briewe ontvang het, geleë was. Dit was vanuit Pergamus dat die netwerk van politieke en maatskaplike bedrywigheid vertak het, en hier was ook vanselfsprekend die middelpunt van die staatsgodsdiens in die provinsie. Dit is betekenisvol dat die eerste tempel in Asië wat aan die keiser Augustus gewy is, in Pergamus opgerig is. Hier dus, meer dikwels en met meer prag en praal as elders, is daardie korreltjies wierook tot eer van die keiser gebrand. Hier, vir sover dit die provinsie Asië betref, het die Satan sy troon opgerig in die nuwe fase van sy stryd teen die Allerhoogste. So het dit gekom dat die posadres van die gemeente in Pergamus "langsaan die troon van die Satan" was.

Dit alles is vergange geskiedenis. Wat vir ons van belang is, is om te weet watter soort invloed hierdie eienaardige posadres op die gemeente in Pergamus uitgeoefen het. Watter uitwerking het die troon van die Satan op die gemeente in sy buurt gehad? Ten opsigte van hierdie vraag voel ek my veroorloof om 'n paar taamlik veilige afleidinge te maak, aan die hand van die inhoud van die brief wat die Here aan hierdie gemeente gerig het.

Ons eerste afleiding is dat die gemeente in Pergamus nie vervolging gely het op die tydstip toe hierdie brief van die Here van die preekstoel af voorgelees is nie. Vantevore was dit wel die geval. Dit was waarskynlik tydens daardie vroeëre vervolginge dat Antipas — "My getroue getuie, wat gedood is by julle" — 'n marteldood gesterf het. Ons weet niks van hierdie Antipas af nie, en dit is vreemd dat die kerkgeskiedenis swyg oor die enigste martelaar van die Christelike geloof wat deur onse Here self by die naam genoem word. Uit die inhoud van die brief, waarin die Here met verwysing na hierdie vervolginge die uitdrukking "in die dae" gebruik, kan ons aflei dat die gemeente in Pergamus wel in die verlede vervolging gely het en sekerlik in die toekoms weer vervolg sou word, maar dat hulle nie op die tydstip toe die brief geskryf is, vervolg is nie.

Ons tweede afleiding is dat die gemeente daar in die nabyheid van die troon van die Satan, getrou aan die Here gebly het. Dit is presies wat aanleiding gegee het tot die lofprysing wat die Here tot daardie gemeente gerig het: "Jy hou vas aan My Naam en het

die geloof in My nie verloën nie." In die taal van die Skrifte staan die "Naam" van die Here vir Sy wese en karakter. Dit is betekenisvol dat die klein gemeente in 'n vreemde en gevaarlike omgewing en in die skaduwee van daardie hoë en vreeslike troon, moedig vir die Here getuig en getrou gebly het aan die heilige karakter van sy God. "Jy hou vas aan My Naam en het die geloof in My nie verloën nie."

Voordat ons die omgewing van die troon van die Satan verlaat om by ons derde afleiding te kom, moet ons twee gedagtes noem wat in verband met hierdie omgewing by ons ontstaan. Die eerste is die bemoedigende versekering van onse Here: "Ek ken die plek waar jy woon." God ken u omgewing. Hy ken elke kleinste besonderheid van die omgewing waarin u geplaas is. Hy ken die besondere versoekinge wat aan u werk verbonde is, die gevare wat die geselskap van sekere mense vir u inhou, die moeilikhede wat u teëkom in die kring waarin u beweeg. "Ek weet," sê die Here, "want Ek ken die plek waar jy woon. Jy is naby daardie magtige troon wat so trots en dreigend oprys. En omdat dit sy skaduwee oor jou lewe werp, kan dit jou gedagtes so in beslag neem dat jy voel asof niks anders bestaan nie. Maar My teenwoordigheid is agter en bo dit alles. Geen troon, hoe hoog, hoe sterk ook, kan enige mag oor jou hê solank Ek met jou is nie — Ek wat 'die sleutels van die doderyk en die dood', daardie simbool van oppergesag, het. Ek ken die plek waar jy woon."

Die tweede gedagte in verband met die omgewing van die gemeente in Pergamus is dat die besonder moeilike omstandighede waarin daardie klein gemeente gestel is, nie meegebring het dat die Here die standaarde van Sy verwagtinge en eise verlaag het nie. Vir die gemeente in Efese of vir die gemeente in Smirna was dit miskien maklik — sou 'n mens gedink het — om die Naam van hulle Here hoog te hou. Vir hulle was die omstandighede gunstig om standvastig te bly in die dinge waarin hulle geglo het. Hulle lewe was nie so moeilik nie. Hulle het op 'n veilige afstand van die troon van die Satan gewoon. Maar die gemeente in Pergamus! So naby daardie vreeslike troon! In 'n omgewing so verdorwe, so deurweek van afgodery, onsedelikheid en sonde! Kan 'n mens van so 'n gemeente verwag om dieselfde hoë geestelike peil te handhaaf wat ander gemeentes in meer gelukkige omstandighede getoon het? En tog, selfs nie vir 'n gemeente in die buurt van die troon van die Satan sou die Here Sy standaarde verlaag nie.

Ons is geneig om te dink: "Daardie tye was anders. Toe was dit nie vir 'n Christen so swaar om getrou te lewe in ooreenstemming met die belydenis van sy lippe nie. Ja, daardie tye was maklike tye! Maar vandag! In die buurt van die troon van die Satan! Met die soort werk wat ek doen, met die soort omgewing waarin ek beweeg, met daardie bepaalde soort mense met wie ek te doen het! Om soos 'n Christen te lewe, is vir my baie swaarder as vir ander!" Moenie uself bedrieg nie. Die Here sal nooit Sy eise laer stel omdat u toevallig in daardie besondere plek woon waarin die Satan sy troon opgerig het nie. Hy sal alleen vir u sê: "Ek weet. Ek ken die plek waar jy woon. En moenie vergeet dat dit Ek was wat jou in daardie buurt geplaas het, sodat jy die unieke geleentheid mag hê om in daardie vreemde omgewing aan My Naam vas te hou en die geloof in My nie te verloën nie. Ek wou jou die voorreg skenk om vir My te getuig in 'n uiters vyandige omgewing, ja, in die buurt van die troon van die duiwel — 'n voorreg wat Ek van My gemeentes in Efese en Smirna weerhou het."

Dit is die boodskap wat ons nie moet mis nie, omdat hierdie brief aan die gemeente in Pergamus op die een of ander wyse ook aan ons, die Christene van die twintigste eeu, gerig is. Ons eie posadres is ongeveer dieselfde as die van die gemeente in Pergamus. As die Here met ons in verbinding sou wil tree, is ek seker dat Hy Sy brief sou adresseer: "Aan My kerk, Langsaan die Troon van die Satan." Daarom is dit dat hierdie versekering van onse Here met besondere nadruk aan elkeen van ons gerig is. "Moenie dink," sê Hy vir ons, "dat Ek julle vergeet het nie; dat Ek julle in daardie vreemde omgewing gestel het en julle verlaat het nie. Ek ken die besondere versoekinge van julle omgewing; Ek ken die beproewinge wat julle so swaar vind om te dra; Ek weet hoe uiters moeilik dit is om in julle omstandighede vir My Naam te getuig. Dit alles ken Ek. Maar dit is juis in daardie omgewing, in die gebied waar die duiwel woon, dat Ek My krag

aan julle sal skenk, sodat julle aan My Naam kan vashou en die geloof in My nie verloën nie."

En nou die derde 'afleiding uit die inhoud van die brief aan die gemeente in Pergamus. Hoewel die gemeente as geheel getrou gebly het aan sy belydenis, was daar 'n paar lede wat aan die besondere versoekinge van hul omgewing toegegee het. "Maar Ek het enkele dinge teen jou, dat jy daar mense het wat vashou aan die leer van Bileam wat Balak geleer het om 'n struikelblok voor die kinders van Israel te werp, naamlik om afgodsoffers te eet en te hoereer. So het jy ook mense wat vashou aan die leer van die Nikolaïete, wat Ek haat." Ons het reeds van die Nikolaïete verneem in verband met die gemeente in Efese. Ons het gesien dat hulle in alle waarskynlikheid diegene was wat die dwaalleer van die "Antinomiane" aangehang het en 'n verdraaide leer aangaande die genade van God verkondig en uitgelewe het. Hulle het geleer dat die sonde geen mag meer het oor die mens wat 'n Christen geword het nie. Wanneer daardie persoon eenmaal deur die geloof Christus se versoeningswerk aangeneem het en wedergebore is, kan hy maar sondig, maar sy sonde sal geen uitwerking hoegenaamd op hom hê nie. Die wêreldling moet die sonde vrees, maar nie die Christen nie! Want soos 'n towerkleed sal die genade van Christus hom dan van die gevolge van die sonde bewaar. Dit, in breë trekke, was die leer van die Antinomiane of die Nikolaïete. En terwyl die dwaalleer in Efese uit die gemeente geweer is, het dit daarin geslaag om in die gemeente van Pergamus in te dring, en 'n aantal lede het daarvoor geswig.

Ons weet nie in watter bepaalde vorm hierdie leer in die gemeente in Pergamus voorgekom het nie, maar dit is seker nie te moeilik om te raai nie. Miskien het die nabyheid van die troon van die Satan, daardie middelpunt van keiserverering, in Pergamus 'n besondere kleur aan hierdie dwaalleer verleen. Hierdie stad kon nie wat grootte of skoonheid betref, met Smirna of Efese vergelyk word nie. Tog was dit, as die setel van die regering van die provinsie, 'n besonder aristokratiese stad. Die sosiale lewe in Pergamus was op 'n hoë peil; en bowendien was die sosiale geleenthede vanselfsprekend ten nouste verbonde aan die staatsake. 'n Persoon se lojaliteit aan die staat is getoets aan die mate waarin hy aan die sosiale aangeleenthede deelgeneem het. En die van die lede van die gemeente in Pergamus wat staatsamptenare was, of tot 'n hoër sosiale klas behoort het, het waarskynlik daardie toets die skerpste gevoel. Daarom is dit nie moeilik om te raai wat die listige influisteringe van die duiwel in die oor van die lede van daardie gemeente was nie: "Kyk, jy is nie 'n bekrompe mens nie. Jy weet baie goed dat 'n paar korreltjies wierook hoegenaamd nie belangrik is nie. Is Christus nie in jou hart nie? Het Hy jou nie deur Sy genade gered nie? Dit is die belangrike saak. Hou Christus in elk geval in jou hart. Maar moenie uit die oog verloor dat jy 'n sosiale wese is nie. Jy is nie 'n kluisenaar wat in die woestyn woon nie. Jy woon in Pergamus! En die lewe in Pergamus stel sekere eise aan sy burgers. Daarom, as jy nie uit die sosiale lewe van jou stad uitgesluit wil word, en die onaangename gevolge wil ly wat so 'n ramp sekerlik op jou werk, op jou familie, op jou hele lewe sal hê nie, kan jy nie die burgers van Pergamus se kode van goeie gedrag veronagsaam nie. Kom gerus na die tempel, wees beskaaf. Aangesien die gode, vir sover dit jou aangaan, nie werklike wesens is nie, kan hulle tempel tog geen godsdienstige betekenis vir jou hê nie. Dit is maar net 'n aangename sosiale geleentheid waarheen ek jou nooi. Dit sal natuurlik van jou verwag word om 'n paar korreltjies wierook in die vuur op die altaar te gooi, en daar sal 'n bietjie rook opgaan. Niks anders as rook nie! Op 'n gegewe oomblik, as die ander hulle hoof buig, sal jy joue ook buig — jou hoof, nie jou hart nie! — en dit is dan al. Is dit redelik om te dink dat heilige dinge soos die genade van Christus en jou verhouding tot Hom enigsins geraak kan word deur sulke nietige, uiterlike, stoflike dinge soos 'n paar korreltjies wierook, 'n bietjie rook, 'n effense buiging van die hoof?"

Dit was waarskynlik op hierdie wyse dat die vyand stilletjies sy weg in die gemeente in Pergamus gevind het. Dit was op hierdie wyse dat die kerk wat in die nabyheid van die troon van die Satan gebou is, skielik ontdek het dat die skaduwee van daardie troon sy lewe bedreig. Dit was op hierdie wyse dat sekere lede onbewus die bose gees toegelaat het om in hulle lewe te kom en daardeur die hele gemeente te besmet. Dit was

deur die versoeking om 'n toegewing te maak dat die Bose daarin geslaag het om ingang in die gemeente van Pergamus te vind.

Die duiwel het twee hoofmetodes om die kerk van Christus te probeer afbreek. Die een is deur middel van die frons, die ander deur die glimlag. En laasgenoemde het nog altyd die beste resultate gelewer. In die geval van die gemeente in Smirna het die duiwel gebruik gemaak van die eerste metode. Toe hy skielik 'n gemeente in daardie belangrike stad sien groei, ontwikkel en bloei, het hy gefrons. 'n Onheilspellende trek op daardie uiters lelike gesig. Die frons het ontaard in 'n wrede en langdurige vervolging van daardie klein gemeente. En dit was 'n volslae mislukking. Die lelike frons op die vyand se gesig en die bittere vervolging het die geloof net dieper laat wortelskiet in die harte van die Christene in Smirna. Daarom het die duiwel, nadat sy fronsaanval misluk het, sy taktiek in die geval van Pergamus verander, en die glimlagmetode toegepas. En deur middel van hierdie metode, deur middel van mooi woorde en beleefde uitnodigings na sosiale geleenthede, van listige beroepe op die onbekrompenheid van die gelowiges en die geheime drang om 'n kompromis te tref, het die duiwel daarin geslaag om die gemeente in daardie stad baie meer kwaad te berokken as wat hy deur die metode van openlike vervolging in die gemeente in Smirna gedoen het.

Die geestelike klimaat van Pergamus het nog altyd geblyk gevaarlik te wees vir die kerk. Ongeveer tweehonderd-en-dertig jaar ná die dag toe hierdie brief van die preekstoel van die gemeente in Pergamus gelees is, het die klimaat van daardie stad as gevolg van 'n bevelskrif van Konstantyn die Grote die amptelike klimaat van die kerk geword. Op daardie dag het die keiser aan die kerk gesê: "Hierdie fase van jou geskiedenis is verby. Jy sal nie langer vervolg word nie. Jy sal net 'n paar korreltjies wierook op die altaar van burgerlike gesag en wêreldse belange brand, en in ruil daarvoor sal ek jou onder my beskerming neem." Dit was 'n rampspoedige dag toe die kerk besluit het om die klimaat van Smirna vir die van Pergamus te verruil.

Hierdie is egter groot en ernstige sake wat ons liewer aan die kerkhistorici moet oorlaat. Wat vir ons 'n saak van praktiese belang is, is die feit dat elke Christen in hierdie dae sy lewe in Pergamus deurbring. En aan elke Christen sê die Here: "Ek ken die plek waar jy woon. Jy beweeg in 'n vyandige land, jy gaan deur die gebied van die vyand. Maar My verwagtinge en My eise bly net so hoog soos altyd. Ek self het jou in daardie omgewing gestel, sodat Ek jou die groot geleentheid en voorreg kan aanbied om vir jou Here te getuig binne die vyand se gebied, selfs in die nabyheid van die troon van die Satan."

Die Here sal ons Sy genade skenk om vir Hom te getuig en Sy Naam hoog te hou in ons besondere omstandighede. Die troon van die Satan sal nie vir altyd bly staan nie. Die dag nader wanneer dit afgebreek sal word. En in die skoonheid en heerlikheid van die uur van Sy finale oorwinning sal die Here na ons kyk en sê: "Ek weet alles. Toe jy daar benede gewoon het, in daardie moeilike omgewing, in daardie gevaarlike gebied, het jy nie die geloof in My verloën nie. Nou sal jy met My in heerlikheid woon." Mag dit vir elkeen van ons 'n werklikheid word!

6. Die Brief aan Die Gemeente in Pergamus (II)

[Openb. 2:12-17]

12 En skryf aan die engel van die gemeente in Pérgamus: Dít sê Hy
wat die skerp tweesnydende swaard het:
13 Ek ken jou werke en die plek waar jy woon, waar die troon van die
Satan is. En jy hou vas aan my Naam en het die geloof in My nie
verloën nie, selfs in die dae waarin Antipas my getroue getuie was,
wat gedood is by julle waar die Satan woon.
14 Maar Ek het enkele dinge teen jou: dat jy daar mense het wat
vashou aan die leer van Bíleam wat Balak geleer het om ‘n
struikelblok voor die kinders van Israel te werp, naamlik om
afgodsoffers te eet en te hoereer.
15 So het jy ook mense wat vashou aan die leer van die Nikolaïete,
wat Ek haat.
16 Bekeer jou; anders kom Ek gou na jou toe en sal teen hulle oorlog
voer met die swaard van my mond.
17 Wie ‘n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.
Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die verborge
manna, en Ek sal hom gee ‘n wit keursteen, en op dié steen ‘n
nuwe naam geskrywe wat niemand ken nie, behalwe hy wat dit
ontvang.

HOEWEL DAAR by die brief aan die gemeente in Smirna twee naskrifte gevoeg is, is daar slegs een in die brief aan die gemeente in Pergamus. Een naskrif met twee beloftes! En watter beloftes! Die naskrif by die brief aan die gemeente wat in die buurt van die troon van die Satan gewoon het, is vol groot en mooi beloftes. "Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die verborge manna, en Ek sal hom gee 'n wit keursteen, en op die steen 'n nuwe naam geskrywe wat niemand ken nie, behalwe hy wat dit ontvang." Twee groot beloftes: die verborge manna en die wit steentjie[1] met 'n naam daarop geskrywe.

Laat ons nou probeer om hierdie twee beloftes te ondersoek wat die Here gegee het aan elkeen wat onder die oorwinnaars in die geestelike stryd gereken wil word. En laat ons dit doen deur die volgorde waarin die twee beloftes gegee is, om te keer. Ons sal hulle waarskynlik beter begryp as ons hulle in hierdie volgorde bestudeer. Eers sal ons na die wit steentjie kyk, en dan na die verborge manna.

Dit is seker nie nodig om weer daarop te wys dat ons ons in 'n studie van die boek Openbaring in 'n wêreld van simbole bevind nie; ons moet elke keer agter die simbool die geestelike betekenis soek. Agter "die vrug van die boom", "die riviere van kristal" en "die skitterende krone", lê geestelike waardes wat ons moet verstaan voordat ons die betekenis kan begryp van die besonderhede van die geheimsinnige geestelike wêreld wat die inhoud van die laaste boek van die Bybel uitmaak. Wat *is* dan die geestelike betekenis van daardie wit steentjie?

Die Skrifverklaarders het oor die wit steentjie gestruikel, en gevolglik het 'n ongelooflike verskeidenheid verklaringe die lig gesien. Ek is nie van plan om my lesers op die vreemde rykdom van verklaringe te vergas nie; en ek wil ook nie voorgee dat ek die enigste regte verklaring van hierdie eenvoudige en skone simbool ontdek het nie. Ek het 'n sterk vermoede dat Hy wat die brief geskrywe het, doelbewus gebruik gemaak het van 'n simbool waarvoor daar meer as een wettige verklaring is, om op die manier deur hierdie "steentjie" die veelsydige rykdom van Sy beloftes en die ontsaglike moontlikhede wat daarin opgesluit lê, aan te toon. Ek sal drie van die verklaringe gee — elkeen van hulle, na my mening, 'n wettige en aanneemlike verklaring van hierdie simbool.

[1] 'n Beter vertaling van die *psephos leuke* (ψῆφον λευκὴν) van die Griekse teks.

Die eerste van hierdie verklaringe is die van Andreas, 'n ou Griekse Skrifverklaarder, wat hierdie "steentjie" verbind met 'n gebruik in ou Griekeland. Volgens hierdie gebruik het die regters in 'n kriminele saak hulle uitspraak gegee deur 'n wit klippie of 'n swart klippie, soos die geval mag wees, in 'n kruik te gooi. In die geval van onskuldigbevinding was die klippie wit, in die geval van skuldigbevinding was dit swart. In die groot hofsaak wat heel aan die begin van die Christelike lewe plaasvind, sê die Here dat Hy ten opsigte van die een wat oorwin — dit wil sê, die persoon wat geloof in Christus beoefen het en die vrugte van daardie geloof in sy lewe toon — 'n wit klippie sal ingooi.

Dit mag die juiste verklaring van die simbool wees, of miskien ook nie. Die waarheid wat dit inhou, is egter onweerlegbaar. Dit is 'n waarheid wat met sy troos ons hart moet versterk en met sy blye boodskap ons gees moet verbly! Dink 'n oomblik aan daardie groot hofsaak, waarin ons ewige lot beslis sal word. Stel u die woede van u aanklaer voor, en sy hardnekkige pogings om u uit die hande van Christus te skeur en u vir ewig weg van God af te hou, 'n gevangene in die ryk van die duisternis. Terwyl hy sy akte van beskuldiging teen u ooprol, val die onheilspellende swart klippies die een na die ander in die regter se kruik. Vir elke sondige gevoel wat ooit in u hart opgekom het, een swart klippie. Vir elke onware of onvriendelike woord wat ooit u lippe ontval het, nog 'n swart klippie. Vir elke twyfelagtige motief agter u goeie dade, nog 'n swart klippie. En so groei die hoop swart klippies al hoër. U vra uself af: "Nie eens één wit klippie om by hierdie hoop swartes te voeg nie? Nie eens één nie? Nie één goeie daad van my, nie één goeie woord, nie één goeie gedagte nie?" U dink in wanhoop aan die menslike hart wat "bedrieglik is bo alle dinge"; u onthou dat selfs die geregtigheid wat uit daardie hart voortspruit, soos "'n wegwerplike kleed" is, en u verloor alle hoop dat selfs één wit klippie in daardie donker hoop gevind sal word.

Dan is dit dat die stem van Christus gehoor word: "Aan hom wat oorwin, sal Ek 'n wit steentjie gee. By sy oordeel sal Ek My eie steentjie ingooi." En daardie enkele wit klippie sal in staat wees om daardie hele hoop swartheid en sonde te neutraliseer, want daardie klippie het sy witheid te danke aan die kosbaarste ding in die wêreld: die bloed van Jesus Christus. Hierdie sy van die belofte wat die Here aan die gemeente in Pergamus en aan elke gelowige *gegee* het, is inderdaad belangrik. Dit is uiters noodsaaklik dat elkeen van ons sal vasstel of daar vir hom 'n wit of 'n swart klippie in die hand van die Here lê. Mag God gee dat daar op die dag van u en my verhoor 'n wit steentjie uit Sy hand sal val! Mag ons sondes tot in alle ewigheid bedek wees deur geloof in die versoeningswerk van Christus.

'n Ander moontlike verklaring van hierdie wit klippie staan in verband met die "wit dag" waarna Aeschylus in een van sy treurspele verwys. Dit was die gebruik onder die ou inwoners van Thracië dat iemand 'n klippie in 'n kruik gooi vir elke dag wat hy lewe. As dit 'n gelukkige dag was, het hy 'n wit klippie ingegooi; as dit 'n ongelukkige dag was, was die klippie wat hy ingegooi het, swart. Wanneer hy te sterwe gekom het, is die kruik gebreek en die klippies gesorteer en getel, en as die wit klippies meer was as die swartes, is gesê dat daardie man 'n gelukkige lewe gelei het.

Wanneer die kruik van ons lewe gebreek word, watter soort steentjies sal daarin gevind word? Sal daar meer wit klippies wees as swartes? Dit is presies wat die Here ons belowe in die naskrif wat Hy gevoeg het by die brief aan die gemeente in Pergamus. Hy sê: "In die kruik van jou lewe sal Ek My wit steentjie gooi. In jou lewenspatroon sal Ek 'n nuwe bestanddeel invoeg wat ware blydskap en blywende geluk vir jou sal verseker, heeltemal ongeag die veranderlike uiterlike omstandighede."

Daardie "wit keursteen" behoort ongetwyfeld in die eerste plek tot die opstandingslewe. Die gelowige se kruik sal in daardie lewe niks as wit klippies bevat nie. Maar die hemelse lewe begin reeds hier benede. En dit is in die kruik van 'n mens se lewe hier op aarde dat Christus belowe om die wit keursteen van Sy blydskap te gooi. Ons het reg op die blydskap wat Hy vir ons kom verseker het, en ons moet op daardie blydskap beslag lê. En wanneer daardie wit steentjie deur Sy genade in die kruik van ons lewe gegooi word, sal die swart steentjies, wat altyd nog in elke mens se lewe in hierdie

wêreld aanwesig sal wees, 'n deel van hulle swartheid en hulle mag om bitterheid te veroorsaak, verloor. Op hulle sal geskryf wees: "Vir hulle wat God liefhet, werk alles ten goede mee."

Die derde verklaring van die simbool van die "wit steentjie" lei ons af van 'n ander gebruik wat in die antieke wêreld algemeen was. Daar was die sogenaamde "steentjie van vriendskap" (in Latyn: *tessera),* waarop sekere tekens of letters geskrywe was en wat die besitter daarvan die reg van gasvryheid gebied het in die huis van die man wat dit aan hom *gegee* het. Dit was as 't ware 'n toegangskaartjie tot die huis, tot die tafel en tot die familiekring van daardie vriend. Saam met sommige Skrifverklaarders glo ek ook dat dit die waarskynlikste verklaring van die "wit keursteen" is, en dat dit so 'n *tessera* was wat die Here aan die "oorwinnaars" in Sy gemeente in Pergamus gegee het: 'n wit steentjie wat vir die besitter daarvan die reg van toegang tot die huis en die tafel van die Here verseker het.

Die noue verband tussen hierdie verklaring en die verduideliking wat ons van die troon van die Satan in die vorige hoofstuk gegee het, is duidelik. Van hierdie *tesserae,* van hierdie wit steentjies, was daar baie in omloop in die aristokratiese kringe in die stad Pergamus. Deur middel van sekere geheimsinnige maar betekenisvolle tekens wat daarop voorgekom het, het hulle vir hul besitters die reg van toegang tot die een of ander fees, of maaltyd, of belangrike sosiale geleentheid verseker, waarby die onmisbare wierook dan voor die borsbeeld van die keiser gebrand sou word. En ons kan ons goed voorstel hoe gretig die mense in die hoogste kringe van die stad Pergamus sou gewees het om daardie wit steentjies in die hande te kry. En ons kan ons voorstel met watter trots die besitter van so 'n wit keursteen dit aan ander sou getoon het — die bewys dat die beste huise en deftigste kringe in Pergamus vir hom oopgestaan het.

Wanneer iemand in Pergamus 'n Christen geword het, moes hy die wit steentjies van die deftige kringe in sy stad prysgee, omdat die mense onwillig was om iemand in hulle huise te verwelkom wat onder verdenking van dislojaliteit aan die staat gestaan het. En selfs as so 'n wit steentjie aan 'n Christen aangebied sou word, sou hy bang wees om dit aan te neem, omdat hy geweet het dat daardie steentjie met sy onskuldige voorkoms hom onvermydelik nader aan die troon van die Satan sou bring; dit sou hom in 'n wêreld van kompromis inlei, en wanneer hy eers dáár gekom het, sou hy hom op glibberige grond bevind. Sommige van die Christene in Pergamus het uit bittere ondervinding tot die ontdekking gekom dat die Christelike lewe nie behoorlik in 'n atmosfeer van kompromis gelei kon word nie; 'n mens sou òf die Naam van Christus hoog hou, òf hulde bring aan die troon van die Satan. Dit is waarom die wit steentjies in die stad Pergamus nie in die hande van die Christene gevind is nie. En die Christene in Pergamus het om daardie rede verkleineerd gevoel.

So was dit dan aan mense wat van die wit steentjies van menslike vriendskap ontdaan was, dat die Here Sy eie wit keursteen *gegee* het. Hy het daarmee vir hulle gesê: "Ek ken die plek waar julle woon. Ek weet van die gevolge wat julle te vrees het omdat julle Christene is. Ek weet dat julle nie langer in sekere huise welkom is nie omdat julle My dissipels is, en dat julle ter wille van My Naam uit die sosiale kringe uitgesluit is. Wees nie daaroor ontsteld nie. Klein is julle verlies en slegs van korte duur. Want Ek gaan julle My eie wit keursteen gee. Ek sal My huis vir julle oopstel en julle na My tafel nooi. En wanneer die feesmaaltye van hierdie wêreld ten einde loop, sy vreugdes verdwyn en sy wit steentjies vergaan, sal My fees maar net begin en sal julle blydskap nog maar aan die begin wees, terwyl julle wit keursteen nooit sal vergaan nie."

By 'n sekere geleentheid het die Here so 'n wit steentjie aan Simon Petrus gegee. Petrus het aan Hom gesê: "Kyk, ons het alles verlaat en U gevolg. Wat sal daar dan vir ons wees?" En die Here het hom geantwoord: "Petrus, voel jy gegrief omdat jy daardie wit steentjie van menslike gemeenskap om My ontwil moes prysgee? Moenie jou daaroor bekommer nie. Daar is niemand wat huis of grond, ouers of broers en susters ter wille van My en die evangelie verlaat het, wat nie honderd maal soveel sal terugontvang en boonop die ewige lewe sal beërwe nie. En die bevoordeelde sal die persoon wees wat die

wit steentjie van die hemel verkry het."

Maar laat ons verder gaan. Dit sal nie 'n onbeskrewe wit steentjie wees nie; daar sal iets daarop geskrywe wees: "'n nuwe naam wat niemand ken nie, behalwe hy wat dit ontvang". In ooreenstemming met die gebruik van daardie tyd was 'n persoon se naam die uitdrukking van sy persoonlikheid en karakter. Wanneer die Here dus sê: "Ek sal hom gee 'n wit keursteen waarop 'n nuwe naam geskrywe sal wees," gee Hy eenvoudig die belofte van 'n radikale verandering wat in die persoonlikheid en karakter van die besitter van daardie wit steentjie sal plaasvind, wanneer daardie persoon hom in die onmiddellike teenwoordigheid van God bevind.

Wat dit presies beteken en wat die omvang van die vervulling van hierdie belofte sal wees, is buite ons teenswoordige begripsvermoë. Wat sal in ons persoonlikheid plaasvind? Wat sal die nuwe vermoëns wees waarmee ons bedeel sal word en wat ons sal voer oor die grense van ons huidige aktiwiteite, wat nog so beperk is en ons so dikwels laat sug en kla? Uit watter nuwe gesigspunte sal ons die wêreld beskou, wat dan vir ons met 'n nuwe lig omhul sal wees? Oor al hierdie sake kan ons nou maar net gis. Maar al hierdie dinge, en oneindig veel meer, word ingesluit in die belofte van die nuwe naam wat op ons wit keursteen geskrywe sal wees. 'n Nuwe naam, 'n nuwe mens, 'n nuwe persoonlikheid wat met 'n nuwe visie en begrip Gods wêreld sal beskou en vir die eerste keer sy skoonheid en harmonie ten volle sal waardeer.

Let daarop dat hierdie belofte ook in volkome ooreenstemming is met die besondere omstandighede van die gemeente waaraan dit gerig is. Die Here het daardie gemeente aangeprys omdat dit Sy Naam hoog gehou het juis in die gebied waarin die troon van die Satan opgerig was. "Omdat julle vashou aan My Naam," sê Hy, "sal Ek julle 'n nuwe naam gee." Ons naam is onafskeidbaar verbonde aan die Naam van onse Here. Die nuwe persoonlikheid wat ons in die opstandingslewe sal kry, het sy bron in die persoonlikheid van Jesus Christus.

Alleen die persoon wat uit die hande van Christus 'n nuwe natuur en 'n nuwe lewe deur die nuwe geboorte, die saad van die goddelike lewe self, ontvang het, kan verwag om op daardie salige dag die "nuwe naam" te ontvang, en as 'n nuwe mens Gods wêreld te aanskou.

Wanneer dit plaasvind, sal die ander belofte ook vervul word: "Ek sal hom gee om te eet van die verborge manna." Wat moet ons nou verstaan onder die simbool van die verborge manna? Die Here het Moses beveel om 'n kruik vol manna te maak en dit in die verbondsark te sit, sodat die Israeliete altyd herinner kon word aan die wonderlike wyse waarop God hulle in die woestyn gevoed het. Eeue later was daar 'n oorlewering onder die Jode, diep in hulle harte gewortel, dat, toe die tempel tydens die val van Jerusalem deur die Babiloniese leër verwoes is, die profeet Jeremia hierdie kruik met manna geneem en dit in die een of ander onbekende spelonk in 'n berg versteek het. En een van die mooiste dinge in die Messiaanse verwagtinge van die Jode was dat die Messias, wanneer Hy kom, daardie verborge kruik met manna uit die spelonk sou bring en Sy hongerige en verdrukte volk sou voed. Dit is slegs 'n volksoorlewering sonder enige historiese grond; tog is dit 'n beeld van die diepe bevrediging wat Gods koninkryk aan die behoeftige en verwagtende harte van Sy eie volk sal gee. Dit was asof die Here aan Sy dissipels in Pergamus gesê het: "Dit is waarom Ek julle daardie wit steentjie gee. Daardie klippie was My uitnodiging na die hemelse maaltyd. En wanneer die feestafel gedek is vir die bruilof van die Lam, sal Ek die verborge manna uithaal en julle honger versadig en julle diepste begeertes vervul."

Honger in hierdie lewe word nooit werklik versadig nie. Maar in die koninkryk van God, so sê Sy Woord aan ons, sal die wat aan Hom behoort, nooit weer honger en dors kry nie. In die opstandingslewe sal die volkome harmonie tussen die mens se persoonlikheid en sy omgewing herstel word. Dan sal ons rustelose hart met sy baie begeertes wat uit die aard van die saak onvervuld gebly het, en sy baie drome wat nooit verwesenlik is nie, uiteindelik 'n volle en volkome versadiging ondervind. En die nuwe naam wat aan elkeen gegee sal word, sal hom in volkome harmonie met die hart van

God bring.

Wanneer dit plaasvind, sal diegene wat, selfs terwyl hulle aan Christus behoort het, dikwels "hulle geld afgeweeg het vir wat geen brood is nie, en hulle arbeid vir wat nie kan versadig nie", van die verborge manna eet en vir die eerste keer die geluk van volkome versadiging ondervind — volkome versadiging wat tog altyd hernieu word. Want, op 'n wyse wat ons begrip te bowe gaan, sal die versadiging van die honger nie die honger self ophef nie. Daar sal vordering in die hemel wees, vordering in die oneindige gebied van die opstandingslewe. En hoe meer ons versadig word, hoe groter sal die vermoë van ons hart word om 'n nog groter mate van versadiging te geniet. So sal God die voorwerp en die bron van 'n nimmereindigende honger van ons hart word, en die middel tot die toenemende en nimmereindigende versadiging daarvan. Dit is in daardie omgewing dat ons vir die eerste keer die volle en werklike betekenis van die saligspreking van onse Here sal verstaan: "Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid", want — kan ons byvoeg — hulle sal van die verborge manna eet en versadig word.

En nou 'n slotwoord oor die twee beloftes wat vervat is in die naskrif van die brief aan die gemeente in Pergamus. Ons kan nie anders nie as om raak te sien dat albei die gawes van God wat hier genoem word, met 'n mate van geheimsinnigheid omhul is. Die nuwe naam wat op die wit steentjie geskrywe sal word, sal sodanig wees dat alleen sy besitter dit sal herken. En die manna sal "verborge" wees. Albei simbole dui duidelik daarop dat die geestelike omstandighede wat hulle voorstel, van so 'n aard is dat die mens se verstand hulle nie kan peil en dat die mens se rede, met sy teenswoordige beperktheid, hulle nie kan begryp nie. Hoe ons ook probeer om hulle te verstaan, hulle lê buite ons begrip. Hulle behoort tot daardie dinge "wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die hart van 'n mens nie opgekom het nie, wat God berei het vir die wat Hom liefhet". Selfs Johannes, wat naby Christus gekom het en daarom beter in staat was as een van ons om die skrif op die "wit steentjie" te ontsyfer, kon slegs sê: "Dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie; maar ons weet dat ons, as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is" (1 Joh. 3:2). Die nuwe naam op die wit steentjie, die nuwe toestande wat in die opstandingslewe in swang sal wees, sowel as die nuwe bestanddele waarmee die persoonlikheid van die gelowige verryk sal word, sal hom 'n nuwe gesigspunt op die wêreld van die gees gee. Daardeur sal die sluier weggeskeur word wat nou nog die onvergelyklike lewe van die hemel en sy onuitspreeklike heerlikheid, selfs vir die oë van die gelowige, verberg. Op grond van die nuwe naam wat op ons wit steentjie geskrywe is, sal ons in staat wees om God te sien soos Hy is. En die smaak van daardie ondervinding sal soos die soetheid van die verborge manna wees.

Daar is maar een manier om te wete te kom wat die "nuwe naam" sal wees en wat die smaak van die "verborge manna" sal wees. Maak seker dat u op daardie groot dag ook tussen die oorwinnaars sal wees. Maak seker dat u een van die mense sal wees aan wie daardie naskrif gerig is. Neem Jesus Christus as u Here en Saligmaker aan. Ek bid dat nie een van die lesers van hierdie boek die geleentheid sal laat verbygaan om uit die hande van Christus die wit steentjie met die nuwe naam daarop te ontvang, en om aan Sy tafel te sit en saam met al Sy heiliges die verborge manna te eet nie.

7. Die Brief aan Die Gemeente in Thiatire (I)

[Openb. 2:19-29]

18 En skryf aan die engel van die gemeente in Thiatíre: Dít sê die
Seun van God wat oë het soos ‘n vuurvlam, en sy voete is soos
blink koper:
19 Ek ken jou werke en liefde en diens en geloof en jou lydsaamheid
en jou werke, en dat die laaste meer is as die eerste.
20 Maar Ek het enkele dinge teen jou; dat jy die vrou Isébel, wat
haarself ‘n profetes noem, toelaat om te leer en my diensknegte te
verlei om te hoereer en afgodsoffers te eet.
21 En Ek het haar tyd gegee om haar van haar hoerery te bekeer, en
sy het haar nie bekeer nie.
22 Kyk, Ek werp haar neer op ‘n siekbed, en die wat met haar
owerspel bedryf, in ‘n groot verdrukking, as hulle hul nie van hul
werke bekeer nie.
23 En haar kinders sal Ek sekerlik doodmaak, en al die gemeentes sal
weet dat dit Ek is wat niere en harte deursoek, en Ek sal aan
elkeen van julle gee volgens sy werke.
24 En ek sê vir julle en die ander wat in Thiatíre is, almal wat hierdie
leer nie het nie, en die wat die dieptes van die Satan, soos hulle dit
noem, nie leer ken het nie: Ek sal op julle geen ander las lê nie.
25 Hou maar net vas wat julle het, totdat Ek kom.
26 En aan hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, sal
Ek mag oor die nasies gee,
27 en hy sal hulle regeer met ‘n ysterstaf; soos erdegoed word hulle
verbrysel, net soos Ek ook van my Vader ontvang het.
28 En Ek sal hom die môrester gee.
29 Wie ‘n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.

DIE BRIEWEBESTELLER van Patmos het heel waarskynlik in die hawe van Milete aan wal gestap en daarvandaan die briewe gaan aflewer aan die gemeentes in die drie stede naby die Egeïese See. Toe het hy 'n oostelike koers ingeslaan en na die binneland van Klein-Asië gereis om briewe aan die gemeentes in vier ander stede, al dieper die binneland in, af te lewer. Van hierdie vier stede was Thiatire die noordelikste. Nadat hy sy brief in daardie stad afgelewer het, het hy die roete gevolg wat hom suidwaarts sou bring.

Die stad Thiatire was nie baie ver van Pergamus af nie. Dit is die moeite werd om daarop te let dat die briewe wat aan die gemeentes in hierdie twee stede gerig was, wat hul agtergrond betref, 'n mate van ooreenkoms, maar ook 'n skerp kontras, aanbied. Kortom lê die ooreenkoms en die kontras daarin dat dit in Pergamus die troon van die Satan was wat die gemeente probeer binnedring het, en wel met 'n klein bietjie welslae, terwyl dit in Thiatire die gemeente was wat 'n poging aangewend het om die troon van die Satan te verskuif, en in die poging van middels van 'n twyfelagtige aard gebruik gemaak het. In Pergamus het die wêreld sy invloed in die gemeente laat geld; in Thiatire het die gemeente geprobeer om die wêreld te win deur middels wat nooit gebruik moes gewees het nie. En die resultate was op verre na nie goed nie.

Ons weet nie wanneer die evangelie die eerste keer in Thiatire verkondig is of wanneer die gemeente in daardie stad gestig is nie. Die boek Handelinge gee nie die minste aanduiding ten opsigte van hierdie interessante vraagstuk nie. Ongeveer vyftig jaar voordat hierdie brief uit Patmos afgestuur is, ontmoet ons in die stad Filippi in Macedonië 'n vrou met die naam van Lidia, 'n purperverkoopster, wat oorspronklik van Thiatire afkomstig was. Aan hierdie vrou het die unieke eer te beurt geval om, in alle waarskynlikheid, die eerste Christelike gelowige op die vasteland van Europa te wees.

Ons kan nie sê of Lidia enige regstreekse of onregstreekse deel gehad het in die stigting van die Christelike gemeente in haar geboortestad nie. In elk geval, toe die briewebesteller van Patmos die stad Thiatire besoek, het hy daar 'n sterk en bloeiende gemeente gevind. Daar is inderdaad Nieu-Testamentiese geleerdes wat met goeie rede glo dat 'n aansienlike deel van die bevolking van die stad reeds in daardie tyd Christene was. Wat getalle betref, was die gemeente in Thiatire 'n sterk en bloeiende liggaam. Ongelukkig was dit slegs 'n saak van getalle.

Laat ons egter ons ondersoek by die ligtere sy van sake begin, en later by die donker sy uitkom. En laat ons sodoende let op die Here se behandeling van die gemeente en die les op onsself toepas. Die Here het sekere klagtes teen Sy gemeente in die stad Thiatire gehad, baie en ernstige klagtes. Maar voordat Hy Sy klagtes uitgespreek het, het Hy Sy aanprysing aan daardie gemeente gerig. Hy het eers daardie dinge uitgesoek wat hulle tot eer gestrek het. Hoe groot is inderdaad die hart van die Here van die kerk, hoe teer Sy liefde! En hoe bekrompe is ons eie hart! Die tekortkominge van ons broeders, die swakhede in hulle karakter, hulle eienaardighede en teenstrydighede loop geen gevaar om oor die hoof gesien te word nie; en dikwels sien ons niks anders as hierdie dinge raak nie. Ons broeders is alte dikwels die voorwerpe van harde kritiek en baie selde die ontvangers van ons lof. Ons wonder inderdaad hoe dit met ons self sou gegaan het as onse Here dieselfde metodes en maatstawe van oordeel op ons toegepas het wat ons so graag in die naam van waarheid en geregtigheid op ons broeders toepas.

Maar hierdie brief uit Patmos, wat baie skerp bestraffinge bevat, open met 'n hartlike woord van lof vir die kerklike lewe van die ontvanger: "Ek ken jou werke en liefde en diens en geloof en jou lydsaamheid." Omdat dit nodig is dat ons meer tyd aan die onaangename deel van die inhoud van die brief sal bestee, veroorloof ons ons net één kort opmerking oor hierdie lof van onse Here vir Sy gemeente in Thiatire.

Die Here het Sy gemeente in Thiatire geprys, en dit is die moeite werd om daarop te let dat Hy die aanmerking byvoeg dat die gemeente se laaste werke meer oorvloedig as hulle eerste werke is. "In die laaste tyd bereik julle meer as voorheen." Ons word nie vertel presies wat daardie werke van die gemeente in Thiatire was nie. Die Here het nie 'n lys gegee van die goeie werke wat die lewe van die gemeente versier het nie. Hy het egter iets anders gedoen. Hy het die motiewe waaruit daardie werke gespruit het, aan die lig gebring. Hy het voor ons oë die geheime bronne, waaruit daardie goeie werke hulle oorsprong gehad het, blootgelê. Hierdie motiewe was: die geloof en die liefde en die lydsaamheid van die lede van daardie gemeente.

Hierdie klein besonderheid help ons om te sien wat, volgens Gods oordeel, belangriker is: werke, of die motiewe waaruit hulle ontstaan; handeling, of die mens se geheime, innerlike wêreld waarvan die handeling die natuurlike en noodwendige uitvloeiing is. Nooit mag ons die belangrikheid van werke in die lewe van die Christen onderskat nie. Ons moet bereid wees om werke hul regmatige plek in die verlossingsplan te gee. Hulle is die vrug van die boom van die Christelike lewe, en hulle getuig van die egtheid van daardie lewe. Maar voordat daar enige vrug kan wees, moet daar wortels wees. Net soos met boomkwekery, so ook in die Christelike lewe, moet 'n mens by die wortel begin voordat hy vrugte kan hê. Daarom moet ons aandag gee aan die geheime, innerlike wêreld van ons hart. As ons hele wese in daardie innerlike wêreld gevoed word deur 'n lewende gemeenskap met Jesus Christus, sal daar in ons daaglikse lewe onvermydelik 'n uitvloeiing van goeie werke volg.

En nou gaan ons oor tot die donker kant van die kerklike lewe in Thiatire en die klag wat die Here teen daardie gemeente gehad het. In Sy klag maak die Here in so 'n mate van simboliek gebruik dat baie geleerdes die brief as die moeilikste van die sewe bestempel.

Middelpunt van die klag van onse Here is 'n vrou met die naam van Isébel. Baie verklaarders van die boek Openbaring is geneig om in daardie vrou 'n ongesonde toestand eerder as 'n persoon te sien. Maar ek meen dat dit natuurliker is om die verklaring te aanvaar dat dit wel 'n persoon was, een of ander bepaalde vrou, wat die

vernaamste oorsaak was van die moeilikheid in die gemeente in Thiatire en van die bestraffing van die Here wat dit ten gevolg gehad het. In alle waarskynlikheid was "Isébel" nie die werklike naam van daardie vrou nie, want al was dit ook oorspronklik haar naam, sou sy dit ongetwyfeld ná haar bekering verander het. "Isébel" was waarskynlik die naam wat die Here gebruik het om 'n duidelike beeld van haar karakter en haar werksaamheid binne die gemeente te gee. In die hele geskiedenis van die koninkryk van Israel was daar geen naam wat sulke afskuwelike herinneringe gewek het as die naam van Isébel nie. Haar werksaamheid het 'n skadelike en verderflike uitwerking op die ryk van Israel gehad. Van net so 'n skadelike aard was die optrede van daardie onbekende profetes binne die gemeente in Thiatire.

Wat hierdie valse profetes se bedrywighede betref, moet twee punte beklemtoon word. Die eerste word aangedui deur die naam wat God aan haar gegee het. Isébel het baie kwaad in die koninkryk van Israel gedoen, maar die ergste kwaad het sy op die gebied van die godsdiens gepleeg. Dit was Isébel wat die Baäldiens in Israel ingevoer het. Sy het dit nie gedoen deur die diens van Jahweh te vervang of onderdruk nie. Sy het probeer om 'n sintese, 'n samesmelting van die twee godsdienste teweeg te bring. En as gevolg van die listige poging het die aanbidding van die ware God in die dae van die profeet Elia so te sê uit die land van Israel verdwyn.

Te oordeel na die naam wat die Here aan daardie onbekende profetes in die gemeente in Thiatire gegee het, lyk dit waarskynlik dat sy een of ander soortgelyke samesmelting van die kerk met die wêreld, en van die boodskap van die kerk met die beginsels van die wêreld, probeer invoer het. En daardie samesmelting het vir die gemeente in Thiatire dieselfde dodelike gevolge gehad wat die samesmelting van die Baäldiens met die diens van Jahweh eertyds vir die godsdienstige lewe van Israel gehad het.

Die tweede saak wat in verband met die bedrywighede van daardie profetes beklemtoon moet word, kan help om lig te werp op die besondere vorm wat die samesmelting in die gemeente in Thiatire aangeneem het. Dit staan in verband met die vreemde uitdrukking wat ons in hierdie brief teëkom, "die dieptes van die Satan". In Sy brief prys die Here daardie lede van die gemeente "wat die dieptes van die Satan nie leer ken het", soos ander in daardie gemeente hulle daarop beroem het dat hulle dit wel leer ken het nie. In Pergamus het ons kennis gemaak met die troon van die Satan; hier in Thiatire kom ons iets nog boosaardigers teë — "die dieptes van die Satan".

Ons kan slegs gis oor die werklike betekenis van hierdie geheimsinnige uitdrukking. Ons het egter alle rede om te glo dat ons gissing op feite gegrond is. Hierdie uitdrukking gee ons 'n skakel tussen die leer van die profetes en 'n welbekende dwaalleer wat die vroeë kerk tot op sy fondamente geskud het.

Die Nikolaïete wat ons in die gemeentes in Efese en Pergamus teëgekom het, het heel waarskynlik die dwaalleer van die "Antinomiane" voorgestaan; en ons het rede om te glo dat die mense, van wie daar in die brief aan die gemeente in Thiatire gesê word dat hulle "die dieptes van die Satan leer ken het", aanhangers was van die dwaalleer van die "Gnostieke". Ons kan die "Gnostieke" kortliks kenskets deur hulle die aristokrate van die Christelike kerk te noem. Die ander, die groot massa van gewone Christene, die laer stand, is beskou as oppervlakkige Christene wat tevrede moet wees met wat God in die evangelie aan hulle geopenbaar het. Maar die Gnostieke, die mense van "kennis" *(gnosis),* was die "intelligentsia" van die kerk. Deur middel van nuwe openbaringe wat hulle van God ontvang het en waarvan die groot meerderheid van Christene uitgesluit was, het hulle diep gedelwe in die waarhede wat in die evangelie geopenbaar is. Hulle was — soos hulle hulself ewe voldaan bestempel het — "die mense van die dieptes". Op die willekeurige wyse het twee soorte Christene binne die kerk te voorskyn gekom: die Christene van groep A en die van groep B. Vir die Christene van groep B sou die melk van die Christelike evangelie genoegsame voeding wees, terwyl die van groep A nie so maklik tevrede gestel sou word nie. Hulle moes die oppervlak verlaat en die "dieptes" ondersoek en, deur middel van daardie eksklusiewe openbaringe, nuwe en volledige

vorme van die waarheid ontdek.

Dit was uit hierdie "dieptes" — waarskynlik die wat onse Here bestempel het as "die dieptes van die Satan" — dat 'n uiters bedorwe leer gespruit het, naamlik dat die voortreflikheid van 'n "geestelike" mens saamgehang het met sy vermoë om te sondig, of selfs die sonde na te jaag, sonder dat dit enige skadelike uitwerking op sy siel sou hê. Die groot massa Christene, die wat tot groep B behoort het, moes ten alle koste die sonde vermy. Hulle was die mense van die een Boek en van die kinderlike geloof, wat, as hulle in aanraking met die sonde sou kom, daardeur oorheers kon word. Vir die mense van 'n voortrefliker gees sou die sonde egter van sy sondige aard ontdoen word. Daarom kon, nee, móés hierdie mense die sonde najaag met die sekerheid dat dit nooit hulle innerlike lewe sou binnesluip nie, en op die wyse sou hulle dan die bewys lewer van hulle onverskilligheid teenoor die sonde en hulle heerskappy daaroor. Vir hulle was die sonde iets wat hulle net oppervlakkig kon raak, iets wat nooit in aanraking met hul siel kon kom nie. Hulle was die mense binne die kerk wat "die dieptes van die Satan" gepeil het. Hulle was die mense wat so ver gegaan het om die Bose self in te span om met hulle saam te werk om die volwassenheid van hulle Christelike ondervinding te bevorder!

'n Mens sidder om die moontlikheid van so 'n toedrag van sake binne die kerk te noem. Dit is egter 'n historiese feit dat so 'n dwaalleer sy verskyning binne die vroeë kerk gemaak en baie verlei het. En, soos ons sien, het dit in die gemeente in Thiatire ingesluip deur die prediking van daardie valse profetes.

Ek stem saam met die verklaarders van die boek Openbaring wat sê dat die vernaamste motief wat aan die grond gelê het van daardie beweging binne die gemeente in Thiatire, die opregte verlange van sekere Christene in daardie stad was dat die kerk 'n groter invloed op die lewe van die wêreld rondom hulle moes uitoefen. Daardie mense het ingesien dat daar baie min hoop vir die kerk was om enige noemenswaardige invloed op die wêreld uit te oefen solank dit van die wêreld afgesonder bly. Wat gedoen moes word, was voor die hand liggend: die muur wat hierdie twee groepe mense van mekaar geskei het, moes afgebreek word. En daardie muur was niks anders as die sonde nie; of liewer, die verskillende beskouinge wat hierdie twee liggame aangaande die sonde gehad het. Vir die wêreld was sonde nie iets boos nie; dit was uiters begeerlik. Vir die kerk, aan die ander kant, was sonde 'n vreeslike mag, waarvan Christus Sy volk deur Sy dood aan die kruis moes verlos. Daarom het die kerk die sonde met alle mag vermy.

Nou het die aristokrate van die "Christelike" gees ingestap en gesê: "Hoe ongelukkig tog dat iets wat in sigself onbeduidend is omdat dit nooit die innerlike lewe van die verligte Christen kan binnedring nie, skeiding tussen die kerk en die wêreld moet bring, en die kerk daardeur sy geseënde invloed op die wêreld ontneem! Ons moet daardie muur afbreek. Ons moet uitgaan en die wêreld op sy eie terrein ontmoet; ons moet dit vir die wêreld moontlik maak om ons te verstaan en in die seëninge te deel wat ons in ons geestelike lewe geniet."

En die beleid het verbasende gevolge gehad. Daar bestaan geen twyfel nie, die gemeente in Thiatire het 'n groot oorwinning behaal — wat getalle betref. Die mees onverwagte name uit die deftige kringe in die stad Thiatire was skielik te vinde op die register van die Christelike gemeente in Thiatire. Thiatire was nie Smirna nie! In Smirna was al die Christene, onder leiding van Polycarpus, hulle bekrompe en dweepsieke leier, Christene van groep B. En kyk net met watter gevolg — vervolging! Die Christene in Smirna het volgehou met daardie onbeholpe en ouderwetse beskouinge oor sonde en gevolglik het hulle hulself gehaat gemaak. Hulle was verplig om hulle huis van aanbidding in 'n afgeleë en onbekende deel van die stad te bou, om hulself teen die veragting en haat van die mense te beskerm. Maar hier in Thiatire het die gemeente sy huis van aanbidding in die buurt van die beste klubs van die hoëlui gebou. Al die vooraanstaandes was lede van die gemeente — en kyk watter invloed het die kerk uitgeoefen!

Ja, watter invloed! Maar wie het die invloed uitgeoefen — en op wie? Die invloed van die kerk op die wêreld? Nee, ongelukkig nie! Maar kyk na die invloed wat die wêreld op

die gemeente uitgeoefen het. So verregaande en vernietigend was dit dat die Here die gevolge "hoerery" genoem het. Ek dink nie die uitdrukkinge wat die Here in hierdie brief gebruik het, het na sekere bepaalde sondes van die mense in daardie gemeente verwys nie; hulle was waarskynlik die simbole van sekere geestelike toestande. Wat anders kon die Here die samesmelting van die kerk met die wêreld noem as geestelike hoerery? 'n Lelike woord, ja! Maar dit was die enigste woord wat 'n sekere toedrag van sake afdoende kon beskrywe. Die kerk is die bruid van Christus. Die kerk moet volkome en uitsluitend aan Christus behoort. In Thiatire is daar 'n proefneming gemaak om die gemeente deels aan Christus en deels aan die wêreld te laat behoort, sodat die wêreld daardeur vir Christus gewin kon word. En die uitslag van daardie proefneming was 'n toestand wat Christus geestelike hoerery genoem het. In plaas dat die kerk die wêreld gewin het, het die wêreld die kerk oorwin — ten minste in sekere mate.

Hierdie brief bring voorwaar 'n baie ernstige boodskap. Mag God ons van sulke bedrog en so 'n val bewaar! Die kerk moet heilig bly. Dit moet hom van die wêreld afsonder. Die wapens wat dit in sy stryd gebruik, moet geestelike wapens wees. Die stryd om die waarheid kan nie gevoer word met wapens wat uit die wapenhuis van die leuen geleen word nie. Die oomblik dat die kerk die maatstawe van sy geloof of sy gedragsleer ter wille van beleidsoorweginge verlaag, bevind hy hom op glibberige terrein, wat hom sekerlik nie sal help om die wêreld tot sy vlak te verhef nie, maar hom langsamerhand en onvermydelik tot die vlak van die wêreld sal verlaag. Laat die muur heel bly. Laat die peil van die Christelike lewe hoog gehou word. Laat ons Gods oorloë met Gods wapens voer. Alleen op hierdie wyse sal ons in staat wees om 'n goeie invloed op die wêreld uit te oefen.

8. Die Brief aan Die Gemeente in Thiatire (II)

[Openb. 2:19-29]

18 En skryf aan die engel van die gemeente in Thiatíre: Dít sê die Seun van God wat oë het soos ‘n vuurvlam, en sy voete is soos blink koper:
19 Ek ken jou werke en liefde en diens en geloof en jou lydsaamheid en jou werke, en dat die laaste meer is as die eerste.
20 Maar Ek het enkele dinge teen jou; dat jy die vrou Isébel, wat haarself ‘n profetes noem, toelaat om te leer en my diensknegte te verlei om te hoereer en afgodsoffers te eet.
21 En Ek het haar tyd gegee om haar van haar hoerery te bekeer, en sy het haar nie bekeer nie.
22 Kyk, Ek werp haar neer op ‘n siekbed, en die wat met haar owerspel bedryf, in ‘n groot verdrukking, as hulle hul nie van hul werke bekeer nie.
23 En haar kinders sal Ek sekerlik doodmaak, en al die gemeentes sal weet dat dit Ek is wat niere en harte deursoek, en Ek sal aan elkeen van julle gee volgens sy werke.
24 En ek sê vir julle en die ander wat in Thiatíre is, almal wat hierdie leer nie het nie, en die wat die dieptes van die Satan, soos hulle dit noem, nie leer ken het nie: Ek sal op julle geen ander las lê nie.
25 Hou maar net vas wat julle het, totdat Ek kom.
26 En aan hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee,
27 en hy sal hulle regeer met ‘n ysterstaf; soos erdegoed word hulle verbrysel, net soos Ek ook van my Vader ontvang het.
28 En Ek sal hom die môrester gee.
29 Wie ‘n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.

SOOS ONS reeds gesien het, het die naskrif onderaan die brief aan die gemeente in Pergamus twee beloftes bevat. Die inhoud van die naskrif by die brief aan die gemeente in Thiatire is net so lank en bevat ook twee beloftes. "Aan hom wat oorwin en My werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee, en hy sal hulle regeer met 'n ysterstaf; soos erdegoed word hulle verbrysel, net soos Ek ook van My Vader ontvang het. En Ek sal hom die môrester gee."

Ons moet daarop let dat hierdie naskrif nie alleen twee beloftes bevat nie, maar ook dat hierdie beloftes van veel wyer toepassing is as die wat aan die ander gemeentes gegee is. Die beloftes vervat in die briewe wat ons tot dusver bestudeer het, is van belang alleen vir die ontvanger en vir niemand anders nie. Dit is "aan hom wat oorwin" dat die vrug van die boom van die lewe en die kroon van die lewe en die wit keursteen gegee sal word. Al hierdie dinge is tekens van die verskillende aspekte van die oorwinnaar se eie gelukkige lewe in die hemel en van daardie geseënde gemeenskap wat, noudat die sonde dit nie langer vertroebel nie, sy hart met die hart van sy Meester verbind op 'n wyse en in 'n mate wat in hierdie teenswoordige lewe ons begrip en verstand te bowe gaan.

In die naskrif wat by die brief aan die gemeente in Thiatire gevoeg is, word die beloftes baie breër toegepas. Hier geld die beloftes nie uitsluitend die oorwinnaar self nie, maar ook 'n groot skare mense op wie die oorwinnaar invloed sal uitoefen. Daarom sal die geluk van die oorwinnaar by die vervulling van hierdie beloftes 'n dubbele bron hê: blydskap vanweë sy gemeenskap met sy Verlosser, 'n geseënde gemeenskap op 'n gans nuwe vlak; en vreugde vanweë sy verhouding met ander wesens, op wie se lewe hy invloed sal hê. "Aan hom wat oorwin, sal Ek mag oor die nasies gee, en hy sal hulle regeer met 'n ysterstaf."

Ken ons nie hierdie belofte nie? Ons het dit in die boek van die Psalms teëgekom. In die tweede psalm hoor ons die Vader die Seun aanspreek — God wat tot die Messiaanse Koning spreek: "Eis van My, en Ek wil nasies gee as U erfdeel en die eindes van die aarde as U besitting. U sal hulle verpletter met 'n ysterstaf, U sal hulle stukkend slaan soos 'n erdepot."

Dit was aan Christus in die eerste plek dat hierdie belofte gegee is. Dit was aan Hom dat die nasies van die aarde as 'n erfdeel deur die Vader beloof is. Maar in Sy groot liefde en die vrygewigheid van Sy hart, vind die Here behae daarin om Sy skatte met Sy eie volk te deel. Hy kom in ons lewe in en deel in ons trane en droefheid, sodat Hy Sy heerlikheid, Sy krag en die onuitspreeklike blydskap van Sy sondelose bestaan met ons kan deel. En dit is presies wat gebeur het met hierdie bepaalde belofte wat die Vader aan Hom gegee het. Sy liefde het Hom nie toegelaat om dit vir Homself te hou nie. Daarom het Hy hierdie uiters skone belofte van Sy Vader, die belofte van mag oor die nasies, aan die oorwinnaar in die kerk oorgedra.

Ons moet egter hier duidelikheid hê. Wanneer ons sê dat Christus hierdie belofte aan die oorwinnaar in Sy kerk oordra, bedoel ons natuurlik nie dat Hy daarvan afstand doen nie. Die erfdeel van die nasies behoort aan Christus. Maar ons wat in Hom geglo het, is Sy "mede-erfgename". Dus, sonder om van Sy erfdeel afstand te doen, nooi Hy ons om dit saam met Hom te geniet. Toe Hy op aarde gewoon het, het Hy trone aan ons belowe. Maar — soos ons sal sien wanneer ons die brief aan die gemeente in Laodicea lees — Hy het aan die oorwinnaar belowe dat hy saam met Hom op Sy eie troon sal sit. Nie trone nie, maar 'n troon. Christus se eie troon. Één troon vir Christus en vir Sy volk. Juis hierin lê die saak van praktiese belang vir ons, en ons moenie toelaat dat dit ons ontgaan nie. Die onontbeerlike vereiste vir die vervulling van Gods beloftes in die lewe van die gelowige is sy vereenselwiging met Christus self. Al Gods beloftes is in Christus verborge. Hulle is onafskeidbaar met Hom verbind, en kan slegs in Hom vervul word. Die enigste manier dus waarop ons Gods beloftes in ons lewe kan toeëien en geniet, is deur 'n noue en onafgebroke gemeenskap met Christus te bewaar. En wanneer ons dit so aanvaar het, het ons dan nie die grondgeheim van die Christelike lewe uitgespel nie? Is dit nie presies wat ons bedoel wanneer ons van iemand sê dat hy 'n Christen is nie?

Maar laat ons na die belofte terugkeer en sy inhoud na die beste van ons vermoë probeer ondersoek. "Aan hom wat oorwin, wat My werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee; en hy sal hulle regeer met 'n ysterstaf; soos erdegoed word hulle verbrysel." 'n Belofte van mag.

Hierdie selfde belofte is deur onse Here by minstens twee geleenthede aan Sy eie volk gegee toe Hy nog op aarde geleef het. By een geleentheid het Petrus aan Hom 'n vraag gestel: "Kyk, ons het alles verlaat en U gevolg. Wat sal daar dan vir ons wees?" En op daardie angstige vraag het die Here geantwoord: "Voorwaar Ek sê vir julle dat julle wat My gevolg het, in die wedergeboorte wanneer die Seun van die mens op Sy heerlike troon gaan sit, op twaalf trone sal sit en die twaalf stamme van Israel sal oordeel." By die ander geleentheid het Hy vir die laaste maal in die geselskap van Sy dissipels aan tafel gesit. In daardie uiters belangrike nag van Sy aardse lewe het Hy nog 'n maal dieselfde belofte aan hulle gegee: "Ek beskik vir julle 'n koninkryk soos My Vader dit vir My beskik het, sodat julle kan eet en drink aan My tafel in My koninkryk en op trone sit om die twaalf stamme van Israel te oordeel." En weer, in twee van Sy gelykenisse — die gelykenis van die talente en die van die ponde — is hierdie selfde belofte duidelik veronderstel: "Jy moet gesag hê oor tien stede, en jy moet wees oor vyf stede."

Waaruit bestaan hierdie belofte van mag? Dit is nie maklik om te sê nie. Ons kan slegs sê dat hierdie belofte, saam met die ander in hierdie sewe briewe, vir 'n kort oomblik die sluier lig en ons vlugtig op die lewe daar anderkant laat kyk. 'n Alte kort oomblik! Ons sou graag 'n voller aanskouing wou gehad het, want daar is waarskynlik geen onderwerp wat van so groot belang vir ons is as die lewe in die hemel nie. Daarom sou ons meer gedetailleerde inligting oor die onderwerp verwelkom het. Maar selfs die skrale inligting wat ons uit die korrespondensie van die opgestane Here met Sy

gemeentes kan versamel, is genoeg om één fundamentele feit te beklemtoon: dat daar in daardie lewe 'n vervulling van al die diepste behoeftes van die mens sal wees. Al hierdie beloftes in die sewe briewe is maar die verskillende fasette van die één groot en alles insluitende belofte, naamlik dat die mens in die lewe hierna homself uiteindelik sal herontdek en die werklike vervulling van die diepste behoeftes van sy lewe sal ondervind.

Die vraag ontstaan: met watter behoeftes van die mens stem hierdie belofte ooreen? Watter een van al die behoeftes van die menslike hart sou volgens ons oordeel die grootste wees? As ons hierdie vraag sou stel aan 'n persoon wat moeg is van die lewensarbeid en gebuk gaan onder die las daarvan, sou sy antwoord waarskynlik wees: "My grootste behoefte? Wat ek die meeste begeer? Om 'n bietjie te rus — dit is die grootste behoefte van my lewe." Sy antwoord sou egter nie met die werklikheid verband hou nie. Omdat hy gebuk gaan onder die moeilike omstandighede van sy lewe, het hy 'n verkeerde antwoord gegee. Maar ná 'n bietjie ernstige nadenke sou hy moet erken dat selfs in die beswarende omstandighede van sy lewe, werk — en nie rus nie — die grootste behoefte van sy lewe is.

Ons moet natuurlik nie vergeet nie dat ons arbeid ineengestrengel is met die vloek wat as gevolg van ons sonde op ons geval het. Werk is onvermydelik verbind met die sweet van moegheid en die dorings van hierdie vloek. En omdat die mens 'n afsku het aan die dorings wat 'n onafskeidbare deel van sy werk hier benede geword het, verkeer hy in die versoeking om van die hemel te droom as 'n plek van geheiligde en heerlike luiheid. *Wanneer ek in my erfdeel ingaan, dink hy by homself, sal die dorings vir ewig uit my lewe uitgepluk wees. Meer nog, die blote behoefte om te werk, sal ongetwyfeld verdwyn. Het ek nie daardie ondankbare aarde met my sweet benat en het ek dit nie versorg nie? Het ek nie daaroor gebuk en, moeg en uitgeput soos ek was, die beste wat ek gehad het, daaraan gegee nie? En in ruil het dit my die dorings van die vloek gegee! Maar daarbo, in daardie skone opstandingslewe, waar die lewensomstandighede heeltemal en radikaal anders sal wees, sal daar nie langer dorings wees nie.* En hy stel daardie algehele verandering van omstandighede voor asof dit die einde van alle werksaamheid sou beteken, en die verdwyning van die behoefte om te werk, terwyl hy in werklikheid moes besef het dat daardie verandering slegs beteken dat die dorings in sy lewe ontwortel word, en dat die behoefte om te werk — een van die diepste en belangrikste behoeftes van die menslike natuur — van die gevolge van die vloek van God bevry word.

Al hierdie beloftes wat God ons deur middel van die pos uit Patmos gee, lei ons maar net weer terug na ons gelukkige en feitlik vergete begin, toe God ons na Sy eie beeld geskape het. En 'n sorgvuldige studie van hierdie beloftes sal hulle werklike betekenis aan die lig bring, naamlik dat ons in die opstandingslewe langs die weg van verlossing na daardie eerste begin sal terugkeer. Daar sal bevind word dat ons lewe, deur genade herskep, weer eens die stempel van die beeld van God sal dra. God is die Skepper. Daarom is die mens beskik om 'n klein skepper te wees. Hy is met skeppingskrag toegerus, waarvan die vrug, hoe dit ook deur die sonde bevlek is, 'n mens se verbasing en eerbied wek. Die mens — 'n klein skepper! Sy begaafde hande, hoe hulle ook deur hebsug en selfsug verontreinig is, het die lewe geskenk aan nuwe wêrelde van skoonheid. Is dit dan moontlik vir daardie klein skepper om verlaag te word wanneer hy die ander, voller lewe binnegaan? Sal sy hande beroof word van hulle wonderlike skeppingskrag? Baie beslis nie. Die werke van sy hande sal eenvoudig van die smet van die sonde gereinig wees; die dorings van die vloek sal verwyder word en 'n nuwe gesigseinder vir sy werk sal voor hom oopgaan. "My Vader," het Jesus gesê, "werk tot nou toe en Ek werk ook." Wie kan hom die wêrelde van skoonheid en harmonie voorstel wat hierdie oomblik deur Gods hande in die grenselose ruimtes van Sy heelal geskape word? En daardie skeppende werksaamheid sal nooit ophou nie. Die bewaring en beheer van daardie skepping sal in alle ewigheid nooit ophou nie. En in die een of ander hoek van daardie wêreld sal die oorwinnaars uit die gemeente in Thiatire en uit die kerk van alle eeue hulle werkbank oprig, die klein skeppers aan die sy van die Skepper, en aan

hulle swak hande sal nuwe skeppende kragte gegee word, soos dit kinders van God betaam.

Die skeppende werksaamheid van die oorwinnaars kry sy besondere, kenmerkende en eiesoortige vorm uit 'n ander eienskap van God. God die Koning. God is 'n Regeerder. En die mens is geskape om 'n klein koning, 'n klein regeerder te wees. En in die opstandingslewe sal die koning eindelik besit neem van sy troon. Die werk wat aan die oorwinnaars toegeken sal word, sal 'n koninklike werk wees, dit sal die werksaamheid van konings wees. "Ek sal hom mag gee oor die nasies."

Wat gaan nou die presiese inhoud van hierdie koninklike gesag wees? Waar, hoe en oor wie sal daardie mag uitgeoefen word? Dit is inderdaad interessante vrae waaroor ons 'n bietjie meer lig sou verwelkom het. Maar 'n volledige en bevredigende antwoord daarop gaan ons teenswoordige vermoëns te bowe; dit is een van die verrassings wat God vir die oorwinnaars weggelê het. Die hemel sal 'n plek van verrassings wees. Dáár sal die oorwinnaar kennis maak met die dinge "wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die hart van 'n mens nie opgekom het nie, wat God berei het vir die wat Hom liefhet". En die presiese betekenis van die koninklike mag van die oorwinnaars sal een van daardie dinge wees.

Alhoewel die presiese wese van die koninklike mag uit die aard van die saak vir ons oë verberg is, kan ons oor die mag self geen twyfel hoegenaamd hê nie. En dit is die boodskap van die tweede naskrif in die brief aan die gemeente in Thiatire: "Ek sal hom die môrester gee."

Nog 'n pragtige simbool van die koninklike mag waarmee die oorwinnaars beklee sal word — die môrester. In die taal van die simboliek van die Oudheid was die ster die beeld van die koning, en die Bybel het hierdie ou betekenis van die beeld vir sy eie profesieë geleen. Een van die mooiste profesieë in die Ou Testament, waarin die koms van die groot Koning aangekondig word, lui soos volg: "'n Ster kom te voorskyn uit Jakob, en 'n septer kom uit Israel op" (Num. 24:17). Die ster en die septer, saamgesnoer om, elk op sy eie wyse, die koninklike mag aan te toon wat geplaas word op die skouers van Hom wie se koninkryk sonder einde sal wees. En in hierdie belofte aan die oorwinnaars in die gemeente in Thiatire word die septer — die "ysterstaf" — en die ster weer eens saamgebind om 'n so volledig moontlike beeld te gee van die koninklike mag wat Christus, die Koning, aan Sy eie volk sal skenk.

Die belofte spreek egter nie maar van 'n ster nie, maar van "die môrester". En hoe het die Skrifverklaarders nie oor hierdie môrester gestruikel nie. Waarom, het hulle gevra, sou hierdie bepaalde ster aan die oorwinnaar beloof word? Ek sal my lesers 'n verslag van al die antwoorde wat op hierdie vraag gegee is, bespaar. Die een wat die mees bevredigende lyk, is dat die môrester van al die sterre die mooiste is. Van die ou tyd af tot op ons dag het die digters die heerlikheid en skoonheid besing van die ster wat die daeraad aankondig. Onse Here het hierdie bepaalde ster gekies as 'n gepaste simbool van die koninklike waardigheid van Sy volk in die opstandingslewe omdat dit, wat skoonheid betref, 'n koning onder die sterre van die hemel is.

En ons kan 'n besondere rede sien waarom onse Here dit gedoen het. Die ander simbool van koninklike mag wat Hy so-ewe gebruik het, was iets wat taamlik moeilik was om te hanteer. "Hy sal hulle regeer met 'n ysterstaf." 'n Ysterstaf is 'n swaar voorwerp. En dan volg daar 'n ietwat neerdrukkende prentjie: "Soos erdegoed word hulle verbrysel." Ons is maar alte dikwels geneig om hierdie sy van Gods geregtigheid te veronagsaam en van ons af weg te stoot. Maar in die opstandingswêreld sal Gods geregtigheid sy volle gesag uitoefen. Ons moet egter toegee dat hierdie swaar ysterstaf van Gods geregtigheid sekere moeilike vraagstukke vir ons skep. As hierdie ysterstaf in die hande van sondige mense gegee sou word, al is hulle verlostes, hoe baie onregverdige slae, hoe baie onnodige wonde, hoe baie verwarring sal daarop volg! Maar saam met die ysterstaf is daar die môrester — 'n simbool van koninklike mag wat die skoonheid en die oneindige genade en liefde van die Koning beklemtoon. Die twee sal saam in die hande van die oorwinnaars gegee word — nie die ysterstaf of die môrester

as aparte eenhede nie. Die oorwinnaar sal hom in 'n wêreld van volmaakte geregtigheid en volmaakte liefde bevind. En in hierdie samestelling van die ysterstaf en die môrester sal hy uiteindelik die oplossing vind van sommige vraagstukke in verband met Gods geregtigheid wat hom hier op aarde so dikwels verbyster het.

Altwee hierdie simbole van mag sal die oorwinnaar uit die hande van sy Here ontvang, "net soos Ek ook van My Vader ontvang het". Hoe pragtig pas dit in by die besondere omstandighede van die gemeente in Thiatire! Ons moet onthou dat koninklike gesag aan onse Here aangebied is tydens Sy aardse lewe. Die Satan het Hom al die koninkryke van die wêreld gewys en vir Hom gesê: "Al hierdie dinge sal ek aan U gee as U neerval en my aanbid." Maar onse Here het geweier om hierdie mag uit die hande van die Bose te ontvang. Hy het geweier om van daardie kortpad na mag gebruik te maak. Hy het verkies om te wag en die koninklike mag uit Sy Vader se hande te ontvang.

Soos ons gesien het, het die Satan dieselfde aanbod aan die lede van die gemeente in Thiatire gedoen. Hy het in die oor van daardie gemeente die listige voorstel gefluister dat dit die wêreld moet probeer win en die krag van sy invloed daaroor moet probeer uitoefen deur sy maatstawe te verlaag en die Christendom maklik te maak. Hy het beweer dat die gemeente selfs die Satan se troon kon omverwerp deur van die Satan se eie wapens gebruik te maak. En 'n groot aantal van die lede van daardie gemeente is verlei om 'n valse koninklike mag uit die hande van 'n valse koning te ontvang. Maar aan die wat nie deur daardie dwaling verlei is nie, aan die oorwinnaars, het die Koning die tekens van die ware koninklike mag belowe.

Mag daardie selfde tekens ook in ons hande gegee word! Wanneer daardie nimmereindigende dag aanbreek, mag ook ons die blye besitters van die ysterstaf en die môrester van die ewige koninkryk van God wees!

9. Die Brief aan Die Gemeente in Sardis (I)

[Openb. 3:1-6]

1 En skryf aan die engel van die gemeente in Sardis: Dít sê Hy wat die sewe Geeste van God en die sewe sterre het: Ek ken jou werke, dat jy die naam het dat jy leef en jy is dood.
2 Wees wakker en versterk die wat oorbly, wat op die punt staan om te sterwe, want Ek het jou werke nie volkome voor God gevind nie.
3 Onthou dan hoe jy dit ontvang en gehoor het, en bewaar dit en bekeer jou; as jy dan nie wakker word nie, sal Ek op jou afkom soos ‘n dief, en jy sal nie weet in watter uur Ek op jou afkom nie.
4 Maar jy het enkele persone ook in Sardis wat hulle klere nie besoedel het nie, en hulle sal saam met My in wit klere wandel, omdat hulle dit waardig is.
5 Wie oorwin, sal beklee word met wit klere, en Ek sal sy naam nooit uitwis uit die boek van die lewe nie, en Ek sal sy naam bely voor my Vader en voor sy engele.
6 Wie ‘n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.

DIE BRIEWEBESTELLER van Patmos het sy reis na die binneland van Klein-Asië voortgesit, effens suidwaarts gedraai en in die stad Sardis aangekom. Aan die leraar van die gemeente in daardie stad het hy die brief oorhandig wat daaraan gerig was. As berigte van die reis van die briewebesteller en van die inhoud van die briewe wat tot dusver afgelewer was, die lede van hierdie gemeente reeds bereik het, kan ons ons goed voorstel met hoeveel blye afwagting hulle na sy aankoms in hulle eie stad uitgesien het. Ons kan ons ook die skaars onderdrukte gevoel van trots in hulle harte voorstel, waarmee hulle op 'n sekere Sondagmôre in hul plek van aanbidding bymekaargekom het. As die Here sulke goeie dinge kon vind om aan die gemeente in Efese en aan die gemeente in Smirna te sê, het hulle gedink, wat sou Hy nie van hulle eie gemeente kon sê nie! Want dit was geen geheim dat hulle gemeente 'n gemeente van aansien was nie. Onder al die gemeentes in die westelike deel van Klein-Asië, en moontlik selfs in 'n wyer gebied, het die gemeente in Sardis aangeskryf gestaan as 'n groot, sterk, lewende gemeente. En die roem is bevestig deur die brief uit Patmos. "Jy het die naam," het die Here aan daardie gemeente geskrywe. "Die roem van julle kragtige gemeentelike lewe en van julle menigvuldige werksaamhede het selfs My bereik."

Die plek van aanbidding in die stad Sardis is altyd goed bygewoon, want een van die vernaamste kenmerke van die lewe van die gemeente in hierdie stad was die geesdriftige samewerking van sy lede in alle gemeentelike werksaamhede. Daarom was die kerk op daardie besondere Sondag stampvol; geeneen wou afwesig wees wanneer die hartlike lof wat die Afsender van die brief ongetwyfeld vir hulle eie gemeente teruggehou het, voorgelees word nie. Daar was baie dinge wat Hy kon noem. Sou Hy miskien melding maak van die afwesigheid van dwaalleringe in hulle gemeente? Die gemeente van die Sardiërs was 'n strenge gemeente en het nòg aan Nikolaïete nòg aan valse profetesse van die "Isébel"-tipe gasvryheid verleen. Sou Hy nie melding maak van die kragtige preke wat van hul preekstoel gelewer is, die besielende koor wat hul eredienste met sy musiek verryk het, die groot skares wat hul eredienste getrek het en die gesonde finansiële toestand van hul gemeente nie? Daarom was dit met 'n gevoel van stille vreugde in hulle hart en met 'n glimlag van salige tevredenheid op hulle gesig dat die lede van die gemeente in Sardis daardie Sondagmôre gemaklik in hulle sitplekke teruggeskuif het, gereed om te luister na die brief wat die Here aan hulle gestuur het.

En toe, die donderslag! "Ek ken jou werke," het die leraar uit die brief voorgelees, "dat jy die naam het dat jy leef, en jy is dood!" Dood! Die gemeente in Sardis dood! Die gemeente van die kragtige preke en van die besielende, gewyde musiek; die gemeente

wat geheel en al vry van dwaalleer was; die gemeente van die menigvuldige en oorvloedige werksaamhede wat uitgevloei en so baie ander gemeentes rondom bereik het — daardie gemeente dood! "Ja," het die Here gesê, "al hierdie dinge ken Ek. Julle naam en julle roem is by My goed bekend. Nogtans is julle 'n gemeente wat morsdood is!"

Voordat ons kortliks die historiese agtergrond van hierdie ernstige woorde van onse Here ondersoek, en juis vanweë die erns van Sy woorde, voel ons die behoefte om die gemeente in Sardis 'n paar oomblikke te verlaat en ons na ons eie gemeente te wend. Nog meer, elkeen van ons word gedwing om die deur van sy binnekamer te sluit en, alleen in die teenwoordigheid van God, eerlik en ernstig sy eie hart en godsdienstige lewe te ondersoek. As die Here dit noodsaaklik geag het om sulke strenge taal te gebruik ten opsigte van 'n gemeente soos die in Sardis, is dit nie moontlik dat Hy dit noodsaaklik mag ag om in presies dieselfde terme tot ander gemeentes te spreek nie? En as so 'n onverwagte slag daardie goeie mense in Sardis getref het, is dit nie moontlik dat die Here net so 'n onverwagte boodskap mag hê om aan sommige van ons te rig nie?

Wanneer ons ons met die inhoud van die brief besig hou, moet ons op 'n klein besonderheid let wat in die boodskap vervat word en wat ons miskien 'n beter begrip daarvan sal gee. "Jy is dood!" het die Here gesê, ". . . . want Ek het jou werke nie volkome voor God gevind nie"; of, deur 'n juister vertaling van die Griekse teks: "want Ek het nie jou werke vervul gevind in die teenwoordigheid van God nie." Dit open vir ons 'n nuwe en belangrike aspek van die lewe van 'n gemeente, waaraan ons die noukeurigste aandag behoort te gee. "Ek het nie jou werke vervul gevind in die teenwoordigheid van God nie." Hieruit moet ons aflei dat as 'n gemeente lewend en in sy diens doeltreffend wil wees, dit nie genoeg is dat hy baie en verskillende werksaamhede sal hê om as bewys van sy voortreflikheid voor te hou nie. Dit is nodig dat daardie verskillende bedrywighede die teenwoordigheid van God moet bereik en hul ewige vervulling in daardie goddelike Teenwoordigheid moet vind.

En klaarblyklik het hierdie vervulling ontbreek in die lewe en die werk van die gemeente in Sardis. Daar was groot belofte in die gemeente hier benede, maar alte min vervulling daar Bo. Groot bedrywigheid hier, maar min resultate in die teenwoordigheid van God. Is geen gebede in die gemeente in Sardis opgestuur nie? Sonder twyfel wel. Maar dit lyk asof daardie gebede om die een of ander rede nie hoër as die dak van die kerkgebou gegaan het nie. Is geen liedere gesing nie? Ja, en wat nog meer is, met die pragtigste begeleiding. Maar hulle is nie in die hemelse voorhowe gehoor nie. Is geen offers vir die Here se saak daar gegee nie? Ongetwyfeld wel; maar geen aantekening van hierdie bydraes kon in die boeke van die hemel gevind word nie. En dit alles omdat die verbinding tussen die gemeente in Sardis en die hemel versteur en die verbintenis van sy lede met Christus verbreek is.

Hierdie verbreking van kontak het egter die uiterlike dinge onaangeraak gelaat. En hierdie uiterlike dinge, die formaliteite, hoewel hulle in sigself goed is en onontbeerlik vir die gladde en normale verloop van die lewe van 'n gemeente, waar daar sodanige lewe bestaan, het 'n gevaar en 'n sware verantwoordelikheid geword, want hulle het 'n skynindruk van 'n nie-bestaande werklikheid geskep, die skyn van lewe. En dit is nie moeilik om te glo dat die formaliteite uitvoeriger en aantrekliker gemaak is namate die verbinding van die lede van die gemeente in Sardis met Christus al swakker geword het nie. En gevolglik het die indruk wat deur die lewe van daardie gemeente geskep is, al hoe meer bedrieglik geword, sodat sy roem deur die hele westelike deel van Klein-Asië versprei is. Daar het 'n tyd aangebreek dat die kragtige lewe van die gemeente in Sardis, en sy goeie naam, op almal se lippe was. Die gevolg was dat die lede van daardie gemeente die eerste en bejammerenswaardigste prooi van hul goeie naam geword het, want dit het hul oë gesluit vir die ware toestand van die gemeente. Dit het ook hulle ore toegestop, sodat hulle nie in staat was om die boodskap te hoor wat die hemel 'n geruime tyd lank al aan hulle probeer deurstuur het nie: "Ek ken jou werke, dat jy die naam het dat jy leef, en jy is dood."

Hoeveel beter sou dit vir die gemeente in Sardis gewees het as dit nie daardie goeie naam gehad het nie! Dan sou sy lede nie daardie valse indruk van lewe ontvang het nie; hulle sou betyds die verskyning van die eerste tekens van geestelike verval in hulle gemeentelike lewe gemerk het; hulle sou die eerste onheilspellende geklop aan hulle deur gehoor het en die nodige stappe gedoen het om sake reg te stel Maar hulle is deur hul goeie naam, soos deur 'n verdowingsmiddel, aan die slaap gemaak.

Dit is juis hierdie stand van sake wat as uitgangspunt van ons gedagtes moet dien noudat ons gereed is om die gemeente in Sardis te verlaat en na ons eie bepaalde gemeente terug te keer. Dit moet beklemtoon word dat die goeie naam wat 'n gemeente of 'n persoon mag hê, 'n bron van gevaar mag wees. Ons sal hierdie gevaar van naderby beskou, eers in soverre dit 'n gemeente raak, en dan wat die individu betref.

Die goeie naam wat 'n gemeente (of kerk) mag hê, is ongetwyfeld 'n erfenis van 'n gelukkige verlede. Dit gebeur dikwels dat die teenswoordige toestand van 'n gemeente volkome ooreenstem met daardie gemeente se mooi verlede, en in daardie geval is die aansien wat deur die verlede aan hom nagelaat is, die ware uitdrukking van 'n teenswoordige werklikheid wat net so voortreflik is. Soms gebeur dit egter dat die lewe van 'n gemeente soos die ebgety terugtrek, en sy goeie naam, soos 'n skitterende en droewige oorblyfsel uit die verlede, op die droë sand agterlaat. Die gemeente hou nog styf vas aan sy aansien van vroeër. Hoe verder sy voortreflike verlede agtergelaat word, hoe stewiger staan hy op sy goeie naam. En daardie naam hipnotiseer die gemeente en sus hom in 'n slaap van valse drome, sodat hy nie oplet dat daar geen verband meer bestaan tussen die mooi verlede wat hom die goeie naam besorg het en sy teenswoordige droewige toestand nie.

Kapitaal wat nie nuttig bestee word en gedurig aangevul word nie, raak maklik uitgeput. Daar is geen kapitaal, hoe groot ook, wat nie met verloop van tyd sal verminder as mense gedurig daarvan leef sonder om iets daarby te voeg nie. En die wette wat die kapitaal van ons geestelike lewe beheer, is presies dieselfde. Hierdie kapitaal kan ook uitgeput word — en in 'n baie korter tyd as wat ons moontlik ag — as ons nie gedurig daaraan toevoeg nie. Geen gemeente kan homself aan die lewe hou as hy gedurig teer op kapitaal wat deur die geestelike ondervinding van 'n vorige geslag opgebou is nie.

Daar is die kapitaal van liefde in 'n gemeente — en hoe baie is daar wat troos en hulp gevind het in die gebruik van die rente op hierdie kapitaal, en in die gewyde herinnering aan daardie liefde! Daar is die kapitaal van geloof in 'n gemeente — en wat 'n aansporing tot goeie en mooi dade is die herinnering aan die geloof van die mense van 'n vorige geslag nie, hul lewende aanraking met God en hul vertroue op Hom. Daar is die kapitaal van lewe in 'n gemeente. Wanneer 'n gemeente, soos sy Meester, uitgaan om te soek wat verlore is en hulle na die Vader se huis terug te lei, red hy 'n lewe, en daardie lewe word soos 'n kosbare druppel by die stroom van sy eie lewensbloed gevoeg. Mooi herinneringe is 'n kosbare kapitaal van die verlede. Maar hoe lank kan 'n mens op herinneringe teer? Net soos 'n skip, kan die gemeente nie sy anker in die hawe van gister neerlaat nie. Dit moet na die oop see uitvaar, nuwe storms trotseer, nuwe skatte vergader en nuwe ondervindinge opdoen, en op hierdie wyse by die skoonheid van die ou naam die skoonheid van die teenswoordige werklikheid voeg.

Anders sal die kapitaal van die verlede spoedig uitgeput word. En van al die goeie dinge wat die mense van die verlede vergader het en in die bank van ervaring belê het, sal niks vir ons gelaat word nie behalwe die tjekboek. En die tjekboek self sal 'n las blyk te wees, 'n verlies, omdat die goue letters op sy omslag ons die skyn gee van rykdom wat nie langer bestaan nie, en omdat dit die omvang van ons teenswoordige armoede vir ons oë verberg.

Ons vind 'n droewige voorbeeld van hierdie toedrag van sake op die bladsye van die Ou Testament: die voorbeeld van Simson, daardie aantreklike en beminlike held van die volk van Israel in die donker dae van hulle geskiedenis, daardie kampvegter vir die vryheid van sy volk in 'n tyd toe die magtige vyand hulle daardie vryheid feitlik geheel

en al ontneem het. Baie onverskrokke dade het Simson verrig in sy stryd vir daardie goeie saak; baie heldedade is aan sy naam verbind, totdat die naam Simson sinoniem was met krag. Maar toe het daar iets gebeur. Simson het uit voeling geraak met die bron van sy krag. Die afsny van sy hare was slegs die uiterlike, simboliese voorstelling van die feit dat hy die wet van God oortree het en die verbinding verbreek het met Hom wat die enigste bron van sy krag was. Terwyl hy in hierdie toestand verkeer het, het Simson hom in 'n gevaar bevind soortgelyk aan die wat hy in die verlede die hoof gebied en oorwin het. Daarom het hy opgestaan om die vyand tegemoet te gaan en te oorweldig, maar "hy het nie geweet dat die Here van hom gewyk het nie". 'n Mens kan nouliks 'n droewiger sin in die hele Bybel vind. Dit was nog die ou Simson, maar die Here het Sy teenwoordigheid aan hom onttrek, en Simson was nie daarvan bewus nie. Dit het uitgeloop op sy neerlaag, sy gevangeneming, sy blindheid en sy dood. Daardie droewige wrak, daardie bejammerenswaardige blinde reus, geboei met twee koperkettings, wat nou gebukkend staan oor die meul in sy gevangenis, het in hierdie toestand beland omdat hy op die kapitaal van die verlede probeer teer het terwyl dit reeds uitgeput was.

Dit was presies die geval met die gemeente in Sardis. Soos Simson, het hy nie besef dat die oorwinninge en prestasies in die geestelike lewe nooit onafhanklik staan van die bron van geestelike krag nie, en hy het hom van daardie bron laat afsny. Die gemeente het die ontwikkeling van sy geestelike lewe en van sy persoonlike verhouding tot God verwaarloos en gehoop dat wat hy uit die verlede geërf het, vir sy behoeftes voldoende sou wees. En die dag het gekom dat hy ontdek het dat hierdie kapitaal geheel en al uitgeput is. Hy het ontdek dat hy met twee koperkettings geboei is, besig om die koring van geestelike slawerny in die gevangenis van Gasa te maal. Hoe baie gemeentes in die lang geskiedenis van die kerk het die patroon van die gemeente in Sardis gevolg! Daar is nou nog 'n gevangenis in Gasa wat wag vir die wat steun op die goeie naam van die verlede, en daar is nog altyd die meul van skande en die koperkettings van sonde.

Ons word tot diepe nadenke gedwing deur die feit dat hierdie ramp enige gemeente of kerk, selfs die mees geestelike, kan oorval. Dit kan met u of my gemeente gebeur as ons, die lidmate, nie op die hoede is nie. En dan sal mense wat buitekant die ou kerk met die naam en aansien verbystap, die ou, bekende gebou herken; en van binne af sal die geluid van die meul hul ore tref, die rumoer van baie bedrywigheid waarin die Gees van God afwesig is. En dan sal hulle die bekende woorde onthou: "Jy het die naam dat jy leef, en jy is dood." Mag God elke kerk, elke gemeente, vir so 'n droewige lot bewaar!

Laat ons nou kortliks na die ander kant van die saak kyk, die wat betrekking het op die individu. Elkeen wat in ons teenswoordige, sogenaamde Christelike gemeenskap gebore word, erf 'n naam, die kosbaarste van alle name, die naam "Christen". En dit hou die listigste gevaar in wat ons kan teëkom. Die gevaar bestaan daarin dat 'n mens die naam met die werklikheid kan verwar; 'n mens kan tot die gevolgtrekking kom dat hy 'n Christen is omdat hy die naam dra; hy kan vergeet dat niemand by geboorte 'n Christen is nie, maar dat hy dit moet *word;* hy kan mislei word om te glo dat, omdat hy die naam van sy ouers geërf het, hy vanselfsprekend ook die lewe van 'n Christen geërf het. En aan baie wat Christene genoem word, stuur die Here dieselfde droewige boodskap: "Ek weet dat jy die naam het, 'n groot naam, die mooiste naam wat jy ooit kan verkry — maar jy is dood! Ek het jou naam gehoor, maar nie jou lewe gesien nie. Jou naam is in die een of ander aardse register opgeteken, maar is nooit in die boek van die lewe opgeskrywe nie."

In *Pelgrim se Reis na die Ewigheid* sien ons Christen by 'n groot huis aankom, die "Skone Paleis", wat die hemelse Koning opgerig het sodat die pelgrims hulle kan verkwik ná die vermoeienis van die reis. Die deurwagter het die deur vir die pelgrim oopgemaak, maar voordat hy hom binnelaat, doen hy navraag aangaande sy geestelike ondervinding. Hy wil vasstel dat hy inderdaad 'n pelgrim is. En eers nadat hy die pelgrim die besonderhede van sy ondervinding hoor vertel het, vra die deurwagter hom sy naam, waarop die pelgrim antwoord: "My naam, meneer, is Christen." Eers die ondervinding, dan die naam. Want hoe mooi die naam ook mag wees, as dit nie in ooreenstemming met die ondervinding is nie, word dit gevaarlik. Want dan bring dit die draer onder die

valse indruk dat hy 'n Christen is.

Laat elkeen van ons hierdie belangrike boodskap van die brief aan die gemeente in Sardis vir homself neem. Dit sal jammer wees as ons op daardie laaste dag die onherroeplike woorde van God moet hoor: "Ek weet; Ek weet dat jy 'n naam het. Ek het dit gehoor. Ek het gesien dat dit in die boeke van mense geskrywe is, maar Ek het dit nooit in My boek geskrywe nie. Jy is dood!"

Terwyl ons nog die geleentheid het, laat ons seker maak dat ons naam die ware uitdrukking van ons lewe is. Laat ons die kruis van Christus nader, en uit Sy hande die vergifnis van ons sondes en 'n nuwe lewe ontvang. En laat ons uit Sy hande ook die voortreflikste en mooiste van alle name ontvang.

10. Die Brief aan Die Gemeente in Sardis (II)

[Openb. 3:1-6]

1 En skryf aan die engel van die gemeente in Sardis: Dít sê Hy wat die sewe Geeste van God en die sewe sterre het: Ek ken jou werke, dat jy die naam het dat jy leef en jy is dood.
2 Wees wakker en versterk die wat oorbly, wat op die punt staan om te sterwe, want Ek het jou werke nie volkome voor God gevind nie.
3 Onthou dan hoe jy dit ontvang en gehoor het, en bewaar dit en bekeer jou; as jy dan nie wakker word nie, sal Ek op jou afkom soos ‘n dief, en jy sal nie weet in watter uur Ek op jou afkom nie.
4 Maar jy het enkele persone ook in Sardis wat hulle klere nie besoedel het nie, en hulle sal saam met My in wit klere wandel, omdat hulle dit waardig is.
5 Wie oorwin, sal beklee word met wit klere, en Ek sal sy naam nooit uitwis uit die boek van die lewe nie, en Ek sal sy naam bely voor my Vader en voor sy engele.
6 Wie ‘n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.

BY DIE oordenking van die brief wat die opgestane Here aan Sy gemeente in Sardis gestuur het, wonder 'n mens watter soort naskrif by so 'n brief gevoeg kon word en watter soort belofte aan die ontvanger gegee kon word. Watter belofte kon gegee word aan 'n gemeente wat, volgens die Here se eie uitspraak, dood was? Was dit aan ons gegee om die vraag op te los, sou ons heel waarskynlik die brief aan die gemeente in Sardis sonder 'n naskrif gelaat het.

En tog, hoe vreemd dit ook mag klink, dit is die naskrif van hierdie bepaalde brief wat met die skoonste beloftes vervul is. Paulus het die wet neergeskryf: "Waar die sonde meer geword het, het die genade nog meer oorvloedig geword." En ons vind hierdie beginsel ruim toegepas in hierdie briewe wat die Here aan Sy gemeentes gestuur het. Is die agtergrond van 'n gemeente donker? Dan is die belofte wat die Here aan daardie klein groepie van Sy volk, wat in so 'n neerdrukkende atmosfeer woon, des te ryker en skoner. Want daar moet op gelet word dat die beloftes in die naskrif van hierdie brief nie aan die gemeente in Sardis in sy geheel gegee is nie, maar alleen aan die oorwinnaars in die gemeente. "Jy het enkele persone ook in Sardis," het die Here gesê, "wat hulle klere nie besoedel het nie." Die uitsonderinge was nie afwesig nie. Selfs in daardie dooie gemeente was daar 'n paar lewende Christene, was daar 'n paar opregte kinders van God, en dit was aan hulle dat die beloftes van die naskrif gegee is.

Ons moet altyd in gedagte hou dat selfs 'n gemeente wat gedaal het tot die peil van die dooie gemeente in Sardis, ook ligpunte kan toon. Want geen gemeente is so dood dat daar nie onder sy lidmate 'n paar is wat hulle klere nie besoedel het nie, 'n paar ware kinders van God. As dit aan ons oorgelaat was om oor die gemeente in Sardis 'n oordeel te vel, sou ons waarskynlik met ongeduld die naam van daardie gemeente van die lys van die lewendes geskrap het. Nadat ons die Here se eie beskrywing van sy toestand gelees het, sou die gemeente in Sardis, wat ons betref, nie langer bestaan het nie. Maar hoe anders is die oordele van God! Sy hand is nooit gereed om name van die lyste van. die lewendes te skrap nie. Aan daardie dienaars van Hom wat in hulle heilige ywer altyd gretig is om die onkruid uit die saailand van die kerk uit te trek, sê Hy nog steeds: "Nee, dat julle nie miskien, as julle die onkruid bymekaarmaak, die koring daarmee saam uittrek nie." En aan ander wat net so gretig is om vuur van die hemel af te bid op die dorpe van die Samaritane, sê Hy: "Julle weet nie van hoedanige gees julle is nie." Nog meer, die liefdevolle hart van die Saligmaker is altyd bereid om ryk en mooi beloftes te stuur aan daardie paar getroues van Hom in die geestelike Sardis, wáár hulle ook woonagtig mag wees in die hedendaagse godsdienstige wêreld.

Daar bestaan geen twyfel nie dat die naskrif wat by die brief aan die dooie gemeente in Sardis gevoeg is, inderdaad vol skone beloftes is.

Die eerste belofte is: "Wie oorwin, sal beklee word met wit klere." Daar is 'n treffende besonderheid in verband met hierdie belofte wat nie oor die hoof gesien moet word nie. Onse Here was as 't ware so haastig om die boodskap te stuur aangaande die wit klere wat Hy aan Sy getroues in die dooie gemeente in Sardis sou gee, dat Hy die inhoud van die naskrif reeds in die hoofgedeelte van die brief opgeneem het. Hy het gesê: "Jy het enkele persone ook in Sardis wat hulle klere nie besoedel het nie, en hulle sal saam met My in wit klere wandel, omdat hulle dit waardig is."

Die witheid van die klere is 'n uitdrukking wat nie vreemd is aan die taal van die eeue nie. In elke eeu en te alle tye was wit die feestelike kleur; dit was die kleur van reinheid en vreugde en heerlikheid. Ons onthou daardie pragtige visioen wat die drie begunstigde dissipels op die bergtop gesien het, toe die Here "voor hulle van gedaante verander het, en Sy aangesig geblink (het) soos die son, en Sy klere wit geword (het) soos lig."

Dit lyk asof alleen 'n witheid wat met glinsterende lig vergelyk kan word, enigsins 'n indruk kan gee van daardie heerlike gesig wat die oë van die drie dissipels getref het.

Die uitdrukking "klere", hetsy wit of gekleurd, word dikwels met 'n simboliese betekenis in die Skrif gebruik. In 'n gesig wat deur die profeet Sagaria in die Ou Testament aan ons meegedeel word, verskyn die hoëpriester as die verteenwoordiger van die sondige volk van Israel met vuil klere beklee; met verloop van tyd word hulle van hom weggeneem, en word hy in nuwe, skoon klere ("feesklere") geklee. Dit was natuurlik 'n simboliese handeling, 'n lewende gelykenis om op treffende wyse die vergifnis voor te stel wat aan die berouvolle volk van Israel aangebied is, en die uitwerking daarvan op hulle individuele en gemeenskapslewe. Later, in een van onse Here se gelykenisse, word vertel van 'n man wat die uiters ongelukkige fout begaan het om 'n bruilofsfees by te woon sonder om 'n bruilofskleed te dra. Paulus lê ook nadruk daarop dat die klere van die oue mens afgelê en die van die nuwe mens aangetrek moet word. Nog baie sulke voorbeelde van die simboliese gebruik van "klere" kan aangehaal word.

Ons moet natuurlik ook daarop let dat in al hierdie gevalle verwys word nie na 'n stoflike voorwerp of 'n uiterlike handeling nie, maar na sekere toestande wat in noue verband staan met ons persoonlikheid, met ons karakter en met die geheime wêreld van ons innerlike lewe.

Wat is dan die besondere en kenmerkende betekenis wat ons aan hierdie simbool moet heg waarmee die Here die belofte beklee wat Hy aan daardie handvol getroue dissipels in die dooie gemeente in Sardis gee? Wat is die juiste geestelike waardes van die wit klere wat aan die oorwinnaars in die opstandingslewe gegee sal word? Die wit klere is klaarblyklik slegs materiële dinge. Maar in die geskikte simbole vind ons die witheid van 'n voortreflike karakter, die glans van 'n voorbeeldige lewe en die uitstraling van 'n volwasse persoonlikheid.

Maar 'n nog belangriker feit in verband met hierdie belofte moet in gedagte gehou word: dat die skoonheid van die karakter en die volwassenheid van die persoonlikheid van die oorwinnaar in die toekomstige lewe, 'n duidelike en lewende, hoewel geheimsinnige verband hou met die ontwikkeling en groei van sy karakter hier op aarde. Die simbool van die klere, soos dit in die brief aan die gemeente in Sardis gebruik word, is, op 'n merkwaardige wyse, 'n skakel wat die persoonlikheid van die Christen in die wêreld van sonde en beproewing hier op aarde verbind met sy persoonlikheid in die wêreld van hemelse lig. Het u opgelet aan watter persone die belofte van die wit klere gegee is? Dit is aan die wat "hulle klere nie besoedel het nie". Die witheid van die klere van die opstandingslewe gaan ons verstand te bowe, maar één ding staan vas: hulle sal alleen gegee word aan die wat in hierdie teenswoordige lewe daarin geslaag het om hulle klere wit en onbesoedeld te hou. "Hulle het hulle klere nie besoedel nie."

Dit bring ons weer voor daardie twee aspekte van die Christelike lewe wat ons reeds

in ander dele van ons studie onderskei het en wat gewoonlik onder die benaminge "geloof" en "werke" bekend staan. Laat ons weer daardie grondwaarheid van die evangelie beklemtoon, hierdie keer met die simbool van die wit klere. Dit is 'n erkende feit dat ons pogings, hoe opreg en *vol*hardend ook, nooit kan meewerk om ons klere wit te maak nie. Geen werk van ons, hoe edel ook, kan die vuilheid en skuld van sonde van ons siel verwyder nie. Die enigste manier waarop dit gedoen kan word, is die wat in hierdie boek Openbaring aangetoon word. In sy visioen het Johannes skielik 'n groot skare mense gesien, almal in wit klere, en in antwoord op 'n vraende uitdrukking op sy gesig het een van die ouderlinge gesê: "Dit is hulle wat uit die groot verdrukking kom, en hulle het hul klere gewas en hul klere wit gemaak in die bloed van die Lam" (Openb. 7:14).

Dus, die bloed van die Lam! Alle ander metodes het misluk. Alleen die bloed van die Lam kan die siel reinig van sonde. Alleen die bloed van die Lam kan die gewete wat met 'n gevoel van skuld belas is, tot rus bring. Alleen deur die bloed van die Lam kan ons vergifnis en regverdigmaking in die teenwoordigheid van God verkry — die eerste behoefte van ons lewe. Alleen deur die volbragte en ewige werk van Christus vir homself in die geloof toe te eien, kan die mens se klere wit word.

As hierdie geloof eg is en nie net 'n koue, uiterlike en verstandelike verskynsel nie, sal dit sekerlik vrug dra. Daar sal werke wees om die geloof te bevestig — werke wat die voortdurende gevolg is van Gods genade wat in ons woon. Maar ons moet self deur ons daaglikse, doelbewus hernieude toewyding, ons lewe in aanraking met die genade van God bring, sodat hierdie werke kan volg. Ons sien dus dat, hoewel dit waar is dat alleen die bloed van Christus ons klere wit kan maak, dit net so waar is dat ons self, soos daardie heiliges in Sardis gedoen het, moet sorg dra dat ons klere nie besoedel word nie. En hulle kan alleen onbesoedeld gehou word deur 'n voortdurende en bewuste wilsinspanning om elke besonderheid van ons lewe onder die soewereine wil van God te stel. Dit is presies wat Paulus bedoel het toe hy aan die Christene in Filippi geskryf het: "Werk julle eie heil uit met vrees en bewing; want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na Sy welbehae" (Fil. 2:12-13).

In die opstandingslewe sal ons met wit klere beklee word, maar die materiaal vir hierdie klere word deur Gods genade reeds in hierdie lewe deur ons self geweef. So verkry die kleinste oorwinning of neerlaag in ons teenswoordige lewe groot betekenis. Die oorwinninge en neerlae is maar die drade wat mekaar kruis en waaruit die materiaal vir die klere van die opstandingslewe gemaak sal word. Ons kan nie in ons karakter drade van swak gehalte — drade van sonde en dwaasheid, van onderworpenheid aan die wil van die Bose en aan die luste van die vlees — inweef en nog verwag om daarbo die kleed van 'n ten volle ontwikkelde, volwasse en mooi persoonlikheid te ontvang nie. As die stof wat hier op aarde geweef word, swak is, sal die kleed wat daar aan ons gegee word, noodwendig swak wees. Die wet van oorsaak en gevolg, van kontinuïteit en konsekwensie, word nie ten opsigte van geestelike waardes opgehef nie.

Daar word deur Christene alte min aandag geskenk aan die uiters belangrike feit dat ons persoonlikheid in die opstandingslewe in sekere opsigte maar net die voortsetting op 'n hoër vlak sal wees van ons persoonlikheid hier op aarde. Dit sal ongetwyfeld 'n wonderlike verandering ondergaan sodra ons oor die drumpel van daardie lewe stap. Maar hierdie verandering sal streng volgens die patroon wees wat hier benede begin is. In daardie wêreld van sondelose vreugde is daar wit klere wat aan die oorwinnaars gegee sal word, maar die mooi klere sal noodwendig in hierdie wêreld van sonde en stryd geweef word. Ons kan nou begryp hoe belangrik elke klein besonderheid van ons lewe is: met die gevoel van ons hart, die gedagtes van ons verstand, met wat ons doen en wat ons versuim om te doen, en met ons gewoontes is ons voortdurend besig om die materiaal van ons persoonlikheid in die opstandingslewe te weef.

Dit alles mag taamlik vreemd klink vir die wat gewoond was om na 'n eensydige en taamlik verdraaide leer van regverdigmaking deur die geloof te luister. En dit is hoegenaamd nie die enigste skok vir ons vroom vooroordele wat in die naskrif van die

brief aan die gemeente in Sardis vervat is nie. 'n Heelwat groter skok wag op ons in die tweede belofte wat die Here aan die oorwinnaar gee, en dit lê binne dieselfde gedagtekring wat ons gedagtes in hierdie hoofstuk besig gehou het. Hierdie tweede belofte lui soos volg: "Ek sal sy naam nooit uitwis uit die boek van die lewe nie."

Die simbool wat in verband met hierdie tweede belofte gebruik word, is een wat dikwels in die Bybel voorkom. In sy laaste gesig verklaar die profeet Daniël dat slegs hulle gered sal word wie se name "in die boek opgeskrywe staan". By 'n sekere geleentheid het onse Here Sy dissipels vertel dat hulle nie bly moet wees dat die geeste aan hulle onderworpe is nie, maar dat hulle liewer bly moet wees dat hulle name in die hemele opgeskrywe is (Luk. 10:20). En wanneer Paulus van sommige van sy medearbeiders spreek sonder om hul name te noem, voeg hy by dat hulle name "in die boek van die lewe is" (Fil. 4:3).

Al hierdie voorbeelde gee te kenne dat daar 'n lys is van die wat die gawe van die nuwe lewe uit die hand van God ontvang het. Ons kan hier dink aan wat onse Here gesê het aan die gemeente aan wie die naskrif wat ons nou bestudeer, gerig was: "Jy het die naam dat jy leef, en jy is dood." Die naam van daardie gemeente het beslis op die een of ander aardse lys voorgekom, maar dit blyk dat die Here daardie menslike lyste verontagsaam het. Bo en behalwe die lys wat die mens saamstel, staan God se eie lys. En dit is van die uiterste belang dat 'n mens se naam nie in die eerste plek op 'n aardse lys opgeteken moet wees nie, maar in die boek van God. Alleen hy wie se naam in Gods boek gevind sal word, sal lewe en vir ewig lewe.

En dan volg die hoogtepunt, 'n pragtige slot. Die vervulling van 'n derde belofte wat die Here aan die oorwinnaars in die gemeente in Sardis gee, sal volg: "En Ek sal sy naam bely voor My Vader en voor Sy engele." Met ander woorde, op daardie dag sal die Here die boek van die lewe neem en Hy sal die inhoud daarvan voorlees. Hy sal die name uitroep wat daarin geskrywe is, en in die teenwoordigheid van al Sy engele sal Hy aan Sy Vader sê: "Hierdie is almal Myne. Hulle het hulle klere in My bloed gewas en gevolglik behoort hulle aan My. My genade het hulle gered en My genade het hulle tot die einde toe bewaar. Hulle name word nie daar gevind vanweë hulle sondeloosheid nie. Inteendeel, hulle het in die wêreld van sonde in aanraking gekom met die mag van die Bose, en die bitterheid van die val ondervind. Maar hulle het na My gekom en alles bely, en Ek het hulle vergewe en alles met My bloed weggewas. Met nederigheid in hulle hart en 'n diepe bewussyn van hulle swakheid het hulle na My gekom. Hoe sterker die versoeking geword het, hoe nader het hulle aan My gekom, en deur My genade is hulle nou onder die oorwinnaars. Hulle het tot die einde toe volhard. Hulle het hulle klere nie besoedel nie, en hulle sal met My wandel, met wit klere beklee."

Wat 'n heerlike, blye dag sal dit wees wanneer die Here in die skitterende teenwoordigheid van Sy engele u naam en my naam uit die boek van die lewe sal voorlees! Ek bid dat hierdie woorde van onse Here aan die skrywer van hierdie bladsye sowel as aan elkeen van die lesers gerig mag wees: "Ek sal sy naam nooit uitwis uit die boek van die lewe nie."

11. Die Brief aan Die Gemeente in Filadelfia (I)

[Openb. 3:7-13]

7 En skryf aan die engel van die gemeente in Filadelfía: Dít sê die Heilige, die Waaragtige, wat die sleutel van Dawid het, wat oopmaak en niemand sluit nie, en Hy sluit en niemand maak oop nie:
8 Ek ken jou werke. Kyk, Ek het voor jou ‘n geopende deur gegee, en niemand kan dit sluit nie, want jy het min krag en jy het my woord bewaar en my Naam nie verloën nie.
9 Kyk, Ek gee jou uit die sinagoge van die Satan, van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar lieg Ek sal maak dat hulle kom en voor jou voete neerbuig en erken dat Ek jou liefgehad het.
10 Omdat jy die woord van my lydsaamheid bewaar het, sal Ek jou ook bewaar in die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel.
11 Kyk, Ek kom gou! Hou vas wat jy het, sodat niemand jou kroon kan neem nie.
12 Wie oorwin, Ek sal hom ‘n pilaar in die tempel van my God maak, en hy sal daar nooit weer uitgaan nie; en Ek sal op hom die Naam van my God skrywe en die naam van die stad van my God, van die nuwe Jerusalem, wat uit die hemel van my God neerdaal, en my nuwe Naam.
13 Wie ‘n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.

ONS HET reeds gesien dat die pos uit Patmos baie verrassings vir die ontvangers van die briewe besorg het. Ons het gemeentes gesien wat moedig teen dwaalleringe en ketterye gestry het, net om die klag van die Here aan te hoor dat hulle hul eerste liefde verlaat het. Ander wat deur almal geëer is vanweë hulle onvermoeide en menigvuldige bedrywighede, het uit die Here se brief die verbasende mededeling moes aanhoor dat hulle dood is. Vol verrassings was die possak uit Patmos! En nou nader die briewebesteller die einde van sy rondte, maar sy possak het nog nie die laaste verrassings gelewer nie. Hy nader nou die stad Filadelfia, en in sy sak is daar nog één verrassing — bestem vir die gemeente in daardie stad.

Die inligting wat ons oor die gemeente in Filadelfia het, is maar skraal. Van die Here se brief kan ons aflei dat dit 'n klein en swak gemeente was. "Jy het min krag," het die Here van daardie gemeente in Sy brief gesê. Die gemeente in Filadelfia het nie 'n groot naam vir homself gemaak nie. Nie baie mense het iets van sy werksaamhede en die ontwikkeling van sy gemeentelike lewe geweet nie. Dit was 'n gemeente van "min krag".

Daarom kan 'n mens jou goed voorstel met watter gevoelens van onrus en gebrek aan selfvertroue die lede van daardie gemeente die reis van die briewebesteller deur die stede van Asië gevolg en op sy aankoms in hulle eie stad gewag het. As 'n groot gevestigde en sterk gemeente soos die gemeente in Efese so 'n skerpe aanklag van die Here in Sy brief ontvang het; as 'n lewende en gesonde gemeente soos die in Sardis moet verneem dat hy as 'n dooie gemeente in die boek van die hemel aangeteken is, wat kon die lede van die klein en swak gemeente in Filadelfia verwag uit die brief wat aan hulle afgelewer sou word? Daarom was dit met 'n gevoel van angs dat hulle daardie besondere Sondagmôre na hulle leraar opgekyk het toe hy die brief wat die briewebesteller na hulle gebring het, oopmaak.

En wat 'n aangename verrassing het op hulle gewag! Hoe warm het hulle hart gevoel, hoe helder het hulle gesig gestraal onderwyl hulle leraar die brief voorlees! En toe hy dit klaar gelees het, het die lede van die gemeente in Filadelfia met blydskap

besef dat hulle eie gemeente en die in Smirna die enigste twee was vir wie die possak uit Patmos geen klagtes van die Here gebring het nie. En terwyl die brief wat aan die gemeente in Smirna gerig was, tog, by al die uitdrukkinge van liefde, taamlik terughoudend in sy lofprysinge was, was die brief aan hulle eie gemeente oorvloedig in die lof van die Here.

So was daar dan ook vir die gemeente in Filadelfia 'n verrassing in die pos uit Patmos! Want dit is altyd 'n verrassing wanneer die lof van God tot die hart van die gelowige kom. En in die reël kom Sy lof tot die hart wat dit die minste verwag — tot die sagmoedige en nederige hart. Nie tot hom wat met hoogmoed en die bewussyn van sy eie waardigheid opgeblase is nie, maar alleen tot hom wat diep bewus is van sy swakhede en mislukkinge. Tot hom wat "min krag" het, kom as 'n blye verrassing die lof van die Here.

Laat ons nou ons plek inneem op die kerkbanke van hierdie gemeente van min krag, om te luister na die lof wat die Here aan hulle rig. En laat 'n heilige ambisie ons hart vervul, laat ons biddend verlang dat ook ons sulke lof waardig sal wees.

Die lof wat die Here tot Sy gemeente in Filadelfia rig, het blykbaar met 'n geopende deur te doen. "Kyk, Ek het voor jou 'n geopende deur *gegee."* Ons sal oor hierdie geopende deur nadink. Laat ons in die eerste plek vra wat die betekenis van hierdie simbool is. Waarvan is die geopende deur 'n beeld? Ons behoort dit nie moeilik te vind om 'n antwoord op hierdie vraag te gee nie, aangesien die beeld van 'n geopende deur dikwels en op dieselfde wyse in die Skrifte gebruik word. Wanneer hy van Efese af aan sy vriende in Korinthe skrywe, sê Paulus: "'n Groot en kragtige deur het vir my oopgegaan, en daar is baie teëstanders" (1 Kor. 16:9). In 'n ander brief aan dieselfde mense sê hy: "Toe ek in Troas gekom het om die evangelie van Christus te verkondig, hoewel 'n deur vir my in die Here geopen was, het ek geen rus vir my gees gehad nie" (2 Kor. 2:12). Aan sy vriende in die gemeente in Kolosse skryf hy: "Bid tegelykertyd ook vir ons, dat God vir ons die deur van die woord mag open om te spreek van die verborgenheid van Christus, waarvoor ek ook in boeie is" (Kol. 4:3). En so meer.

In al hierdie uitsprake kan ons slegs één betekenis aan die simbool van die deur gee: dit is die deur van diens. Dit is die deur van getuienis — die getuienis wat die kerk aangaande die Naam van sy Here moet gee. Dit is die deur van geleentheid wat vir die kerk oopgemaak word om sy deel in die groot werk van verlossing te doen. So 'n deur het die Here vir Sy gemeente in Filadelfia geopen. En die lof van die Here word tot daardie gemeente gerig omdat hy deur daardie deur ingegaan het en van die geleenthede gebruik gemaak het wat aan hom gegee was.

Nou is daar uit die aard van die saak 'n noue verband tussen die simbool van die deur en die van die sleutel. Hulle is verwante beelde. Wanneer ons by die simbool van die deur kom, ontstaan die vraag vanself: "Waar is die sleutel waarmee die deur toe- of oopgesluit moet word?" Die Here het 'n antwoord op hierdie vraag gegee selfs voordat Hy van die beeld van die deur gebruik gemaak het. Die openingswoorde van die brief is: "Dit sê die Heilige, die Waaragtige, wat die sleutel van Dawid het, wat oopmaak en niemand sluit nie, en Hy sluit en niemand maak oop nie." So het ons die voltooide beeld — die deur en die sleutel, of liewer, die deur en Hy wat die sleutel hou. Laat ons nou by hierdie geopende deur staan, want ek voel sterk dat die geheim van die lof van die Here vir Sy gemeente in Filadelfia hierin opgesluit is.

Om die volledige en juiste betekenis van hierdie pragtige simbool te kan begryp en dit op ons eie persoonlike lewe sowel as op die gemeenskaplike lewe van die kerk te kan toepas, is dit noodsaaklik om te onthou dat nie één deur nie, maar verskeie deure vir die kerk of vir die afsonderlike Christen oopgemaak word. In die loop van sy lang geskiedenis het die kerk hom op verskillende tye voor geopende deure bevind, en nie almal van hulle is deur die hand van die Here geopen nie. Party van hulle is deur die hand van 'n mens oopgemaak. En die fout van die kerk — 'n groot en noodlottige fout — was dat hy nie altyd stilgestaan het om vas te stel of dit die Here se hand of die van 'n mens was wat hulle oopgemaak het nie. En so het hy deur baie deure ingegaan wat deur

mense oopgemaak is, en die deur wat die Here vir hom geopen het, verontagsaam.

Ons laat vir eers die taal van simboliek daar. Ons let daarop dat die kerk in sy lang geskiedenis dikwels aan die versoeking toegegee het en die ware opdrag wat hy van die Here ontvang het, verwaarloos het deur hom met groot ywer en geesdrif toe te lê op take wat buite die kring van daardie opdrag van sy Meester gelê het. Ironies, as ons die geskiedenis van die kerk noukeurig lees, sien ons dat die vyand voortdurend, volhardend en onverpoos geprobeer het om die kerk buite die grense van die sending wat die Here aan hom toevertrou het, te lok. Aan die begin het die duiwel geprobeer om die kerk omver te werp. Hy het die kerk in die vroeë stadiums van sy geskiedenis deur middel van bittere vervolginge probeer vernietig, maar nie daarin geslaag nie. Hy het slegs daarin geslaag om die vervolgde kerk se wortels dieper in die liefde van Christus te laat inslaan, en dit groter en sterker uit die toets te laat kom.

Ná hierdie mislukking het die Bose sy taktiek verander. Dit is waar dat hy die metode van vervolging, wat vir hom so dierbaar is, nie geheel en al laat vaar het nie, want hoewel dit nie vir hom bevredigende resultate kan lewer nie, gee dit hom tog die geleentheid om uiting te gee aan sy dodelike haat vir Christus en Sy kerk. Maar nou het hy 'n ander metode toegepas en in die voorste aanvalslinie teen die kerk gebruik. En daar kan geen twyfel bestaan dat hierdie metode baie meer bevredigende resultate (vir hom) opgelewer het nie. Dit is asof die duiwel vir homself gesê het: "Omdat ek nie hierdie haatlike skepsel kan vernietig nie, sal ek hom probeer lok na ander terreine as die wat die Here aan hom toevertrou het. Dan sal die dood onvermydelik wees." So het hy dan geprobeer om die kerk weg te lok van sy vernaamste, sy unieke sending, naamlik om uit liefde vir Christus sy getuienis te lewer en die evangelie van Sy verlossingswerk te verkondig.

Veelvuldig en uiters aantreklik was die deure wat die duiwel vir die kerk oopgemaak het. Hy het die sleutels van wêreldlike mag in sy hande gegee. "Jy soek 'n koninkryk," het hy aan die gemeente gesê, "en 'n koninkryk sal ek aan jou gee. Die koninkryk van die hemel waarna jy tot hiertoe gestrewe het, is ver weg, anderkant die wolke. Maar my koninkryk is naby; jy kan dit aanraak en voel. Dink net hoeveel goeds jy kan doen as die sleutels van politieke mag in Christelike hande soos joue geplaas sou word. Dink aan die moontlikhede om die wêreld te hervorm wat voor jou sal oopgaan as jy daardie mag in die diens van die evangelie stel!"

En alte dikwels is die kerk verlei om die noodlottige sleutels in sy hand te neem en hom besig te hou met die droom van politieke mag wat ten dienste van Christus gestel kan word. Maar die opeenvolging van gebeurtenisse het net die teenoorgestelde verloop gehad as wat hy verwag het. Politieke mag het hom nie tot diens van die kerk gestel nie, maar die kerk het met verloop van tyd die dienares van die politieke mag geword. En onderwyl die kerk besig was om by die groot deur van sy politieke strewe in en uit te gaan, is die deur wat die Here vir hom geopen het, die deur van die verkondiging van die evangelie van saligheid, ongebruik gelaat.

Die vyand het ook op listige wyse 'n ander deur vir die kerk oopgemaak, met die bedekte hoop dat dit vir die meer geestelik gesinde mense in die kerk aantrekkingskrag sou hê. Dit was die beroemde deur van die sosiale evangelie. "Wat het jou Here gedoen toe Hy in hierdie wêreld geleef het?" het die vyand die kerk gevra. "Het Hy nie rondgegaan en die siekes genees, die hongeriges met brood versadig en vir die wat veronreg was, opgekom nie? Dit is wat jy moet doen; so moet jy lewe. Laat dit jou sending wees." En die vyand het al die ander bladsye van die Bybel uitgeskeur en net die gelykenis van die barmhartige Samaritaan laat bly. "Laat dit van nou af jou evangelie wees," het hy aan die kerk gesê.

Kon die kerk 'n heerliker sending verlang? En die kerk het aan die werk gespring om die gewonde en siek mense van die wêreld op sy klein esel te sit. En so volkome het die eise van hierdie goeie werk sy aandag in beslag geneem dat hy nooit daaraan gedink het dat sy vernaamste taak nie was om die gewondes te help nie, maar om die sonde wat daardie verskriklike wonde veroorsaak het, te bestry. En weer eens het die spinnerakke

die deur van die evangelie bedek, terwyl die kerk die groot deur van sy maatskaplike bedrywighede gebruik.

So was daar ander deure, en so maak die vyand vandag nog vir die Christen deure oop om hom weg te lok van die één deur wat die Here vir hom oopgemaak het, sodat hy die enigste doel wat sy lewe in hierdie wêreld van sonde behoort te hê, sal verontagsaam. So volkome word die Christen se hart vervul met ambisie en doelstellinge, met menigvuldige belange, so volkome word sy aandag daardeur in beslag *geneem,* dat die talente wat die Here aan hom toevertrou het, ongebruik bly en die deur van sy diens vir Christus met spinnerakke bedek is! Die lof van die Here is aan die gemeente in Filadelfia gerig omdat hy nie deur die listige planne van die vyand bedrieg is en ook nie verlei is om deur indrukwekkende maar valse deure in te gaan nie. Hulle het hulle met alle mag, met die volle mate van hulle "min krag", gewy aan hul opdrag, wat vir hulle die enigste deur van diens was — die deur van die evangelie.

Daar is nog 'n paar sake waarop ons moet let in verband met die lof wat die Here aan Sy gemeente in Filadelfia gerig het. Hierdie aanbeveling is nie gegee vanweë die grootte van die deur wat vir daardie gemeente geopen is nie. In vergelyking met die aanmatigende planne van die gemeente in Thiatire, was die deur wat vir die gemeente in Filadelfia geopen is, klein en beskeie. Die geleentheid tot diens was maar beperk. Maar die Here het die gemeente lof toegebring omdat hy getrou genoeg was om daardie deur te gebruik; omdat hy nie die geleentheid verby laat gaan het terwyl hy wag dat 'n ander belangriker deur vir hom oopgemaak word nie; omdat hy nie gewag het totdat hy met meer krag toegerus was nie. God het die gemeente geprys juis omdat hy al sy krag, hoe min dit ook al was, gebruik het om by daardie skynbaar onbelangrike deur in te gaan. Daarom het God vir die gemeente lof gehad.

Dit is die instelling wat ook in die geval van elke afsonderlike Christen die lof van sy Here sal win. In die groot dag van die oordeel sal die hoogste lof gegee word, nie aan die Christen wat met groot talente bedeel was of aan wie groot geleenthede tot diens gegee was nie, maar aan hom wat getrou bevind was met die klein talente wat tot sy beskikking gestel was. Aan hom sal die Here sê: "Mooi so, goeie en getroue dienskneg; oor min was jy getrou gewees, oor veel sal Ek jou aanstel."

Te oordeel na die ondervinding van die gemeente in Filadelfia, kan ons sê dat die getroue gebruik van die geopende deur van diens deur 'n gemeente of deur 'n individuele Christen dikwels 'n uitbarsting van vyandigheid en teëstand van die kant van die buitestaanders ten gevolg het en dus ook 'n streng toets vir die lankmoedigheid en geloof van daardie gemeente of daardie Christen is. Net soos in die geval van die gemeente in Smirna, is die vyandige reaksie in Filadelfia ook deur die Joodse seksie in daardie stad aangewakker — "die sinagoge van die Satan, van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar lieg."

Luister egter na die belofte wat die Here aan daardie gemeente gee met betrekking tot die persone wat hom moeite aangedoen het: "Kyk, Ek sal maak dat hulle kom en voor jou voete neerbuig en erken dat Ek jou liefgehad het." Ons moet daarop let dat hierdie belofte nie in 'n wraaksugtige gees *gegee* is nie. Dit wil eerder te kenne gee dat die tyd sal aanbreek wanneer die wat die gemeente vervolg en hom droefheid aandoen, self sal kom tot die kennis van die waarheid en die liefde waarmee die Here Sy kerk liefgehad het. In verband met hierdie belofte is daar 'n interessante sin in 'n brief wat Ignatius, die biskop van die gemeente in Antiochië, aan die gemeente in Filadelfia gestuur het, slegs 'n paar jaar nadat die briewebesteller daardie stad besoek het. In die brief verwys Ignatius na sekere Jode wat voorheen die gemeente in Filadelfia vervolg het, maar nou getroue lede daarvan geword en self die evangelie verkondig. Hulle het inderdaad gekom en voor die voete van die gemeente neergebuig en erken dat die Here hulle liefhet.

Dit stel ons in staat om 'n reè'1 neer te lê wat van algemene toepassing in die Christelike lewe is. As die Christen hom getrou betoon ten opsigte van die klein deur van diens wat die Here vir hom open, en uit die liefde vir sy Meester standvastig bly voor die

onaangename reaksies wat onvermydelik daarop volg, sal die Here op een of ander wyse daardie onaangename ondervindinge in bykomende bronne van seën verander. Daar is 'n pragtige beeld hiervan in die boek van die profeet Jesaja. Die profeet sien in 'n gesig hoe die Filistyne, daardie ou en onversoenlike vyande van die kinders van Israel, die Israeliete op hulle skouers dra en hulle tot nuwe oorwinninge lei. Dit word sonder uitsondering in die lewe van die Christen herhaal. Die dinge wat hom droefheid en vernedering besorg het, wat die bron van sware versoekinge en moeite was — hierdie selfde dinge sal, as hulle deur die genade van God in die regte gees verduur word, die Christen op hul skouers dra en hom tot verdere, dieper en ryker geestelike ondervindinge lei. Daar is geen doring in die lewe van 'n Christen wat nie 'n mirtetak van nuwe seëninge kan word nie. Daar is geen Filistyn in die geestelike wêreld wat, as hy oorwin word, nie 'n middel sal word om die lewe van die oorwinnende kind van God te verryk nie.

Met betrekking tot die geopende deur in Filadelfia, is daar nog één saak waarop ons moet let. Ons het tot hiertoe gespreek van die deur wat Christus oopmaak. Dit is maar één kant van die waarheid. Die Here het aan die gemeente gesê: "Dit is Ek wat oopmaak en niemand sluit nie, en wat sluit en niemand maak oop nie." Christus maak nie net oop nie. Hy sluit ook. In die lewe van 'n kerk en in die lewe van 'n Christen is daar geopende deure wat deur die hand van die Here oopgemaak is, maar daar is ook geslote deure wat deur die hand van die Here gesluit is. En hoe droewig is dit nie om die geslote deure te sien nie! Om te sien dat die Here aan 'n kerk of aan 'n kind van Hom besondere geleenthede gee en hulle dan wegneem omdat hulle nie reg gebruik word nie. Om te sien dat die Here die een of ander kind van Hom toerus met baie meer en ryker talente as wat Hy aan ander toevertrou het, en dat die talente nie in diens van die Meester en Sy kerk gestel word nie. Hoe verskriklik dit ook mag klink, dieselfde woorde van veroordeling word oor daardie talente uitgespreek as die wat oor die onvrugbare vyeboom uitgespreek was: "Laat daar uit jou tot in ewigheid nooit weer 'n vrug kom nie!" Die hand van die Here het daardie deur oopgemaak, en die hand van die Here het dit gesluit. En wanneer Hy sluit, kan niemand oopmaak nie.

Hierdie gewigtige betekenis van die deur staan in verband met 'n ewe gewigtige vermaning van die Here aan Sy gemeente in Filadelfia: "Hou vas wat jy het, sodat niemand jou kroon kan neem nie." Hierdie vermaning gee vir ons 'n gesig op die lewe in die hemel, net soos soortgelyke vermaninge in die ander briewe gedoen het. So kan ons te midde van die glans, die skoonheid en die vreugde van die opstandingslewe 'n onuitspreeklik droewige moontlikheid waarneem. Ons kan daar 'n Christen of gemeente of kerk sien, wat moedig die goeie stryd gestry het; die talente wat Christus hom gegee het, goed gebruik het; deur die deur van diens, wat die Here vir hom oopgemaak het, ingegaan het en so die prys en die besondere eerbewyse ontvang het wat gegee word aan die wat hulle Meester getrou gedien het. Met verloop van tyd het daar egter 'n verandering oor hom gekom. Hy het sy geleenthede begin verwaarloos. Hy het nie langer sy talente tot beskikking van die Here gestel nie. Spinnekoppe het hulle spinnerakke oor die deur wat Christus oopgemaak het, begin spin. En die prys het verlore gegaan! Daardie Christen het wel die lewe van die hemel binnegegaan, maar nie soos hy dit wel kon gedoen het nie. Die besondere eerbewyse wat die Here voorberei het toe Hy 'n deur in die lewe van daardie Christen oopgemaak het, het vir hom verlore gegaan. Hy is gered, "maar soos deur vuur heen"!

Die hand van Christus kan 'n geopende deur sluit, en dit kan ook 'n kroon weerhou wat byna gewin is. Juis daarom het Paulus die Christene in die gemeente in Kolosse vermaan met die woorde: "Laat niemand julle van jul prys beroof nie" (Kol. 2:18). En om dieselfde rede gee die Here aan Sy getroue gemeente in Filadelfia die raad: "Hou vas wat jy het, sodat niemand jou kroon kan neem nie." Hy sê: "Die pos uit Patmos het jou 'n aangename verrassing besorg. Maar daar sal meer as een onaangename verrassing in die opstandingslewe wees. Pas op dat jy nie aan die einde die kroon wat jy deur jou getroue en opofferende diens gewin het, verloor nie."

Hierdie selfde woorde rig die Here tot elkeen van ons. Laat ons ons hart voor Hom

oopstel en die ernstige boodskap inneem. Die hemel sal 'n plek van verrassings wees. Mag daar vir ons verrassings van vreugde en oorwinning wees. Mag ons almal die verrassing van die kroon van die oorwinnaar ontvang!

12. Die Brief aan Die Gemeente in Filadelfia (II)

[Openb. 3:7-13]

7 En skryf aan die engel van die gemeente in Filadelfía: Dít sê die Heilige, die Waaragtige, wat die sleutel van Dawid het, wat oopmaak en niemand sluit nie, en Hy sluit en niemand maak oop nie:
8 Ek ken jou werke. Kyk, Ek het voor jou ‘n geopende deur gegee, en niemand kan dit sluit nie, want jy het min krag en jy het my woord bewaar en my Naam nie verloën nie.
9 Kyk, Ek gee jou uit die sinagoge van die Satan, van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar lieg Ek sal maak dat hulle kom en voor jou voete neerbuig en erken dat Ek jou liefgehad het.
10 Omdat jy die woord van my lydsaamheid bewaar het, sal Ek jou ook bewaar in die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel.
11 Kyk, Ek kom gou! Hou vas wat jy het, sodat niemand jou kroon kan neem nie.
12 Wie oorwin, Ek sal hom ‘n pilaar in die tempel van my God maak, en hy sal daar nooit weer uitgaan nie; en Ek sal op hom die Naam van my God skrywe en die naam van die stad van my God, van die nuwe Jerusalem, wat uit die hemel van my God neerdaal, en my nuwe Naam.
13 Wie ‘n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.

BAIE TREFFEND is die naskrif by die brief aan die gemeente in Filadelfia, en ryk is die inhoud van die beloftes wat dit bring. "Wie oorwin, Ek sal hom 'n pilaar in die tempel van My God maak, en hy sal daar nooit weer uitgaan nie; en Ek sal op hom die Naam van My God skrywe en die naam van die stad van My God, van die nuwe Jerusalem, wat uit die hemel van My God neerdaal, en My nuwe Naam." 'n Tweevoudige belofte. Volgens die eerste deel sal die oorwinnaar 'n pilaar in Gods tempel word en sal hy nooit weer uit daardie tempel uitgaan nie. Volgens die tweede sal 'n drievoudige naam — die Naam van God, die naam van die stad van God en die nuwe Naam van Christus — op die voorhoof van die oorwinnaar geskrywe word. Kan die oorwinnaar mooier en ryker beloftes vir homself verlang?

Dit is eintlik oorbodig om te sê dat die tweevoudige belofte, net soos die beloftes in die naskrifte van die ander briewe, betrekking het op die lewe in die hemel. Ons het egter reeds daarop gelet dat die vervulling van hierdie beloftes in die hemel afhang van die nakoming van sekere voorwaardes in die lewe van die gelowige hier op aarde. Daarom volg dit dat ook ons aanspraak kan maak op hierdie mooi beloftes wat aan die gemeente in Filadelfia gegee is, mits daardie voorwaardes in ons lewe nagekom word.

"Ek sal die oorwinnaar 'n pilaar in die tempel van My God maak." Die Here maak hier gebruik van die beeld van 'n majestueuse tempelgebou en van die pilare wat sy dak ophou. Verskeie moontlike verklaringe van hierdie beeld val ons op. Sommige van hulle skyn goed in te pas by die voorstelling wat ons uit ons studie van hierdie briewe van die lewe van die oorwinnaar in die hemel gevorm het, terwyl ander nie so goed daaraan voldoen nie.

Een indruk wat deur die beeld van die pilare van 'n tempel gegee word — miskien die mees voor die hand liggende — het te doen met die feit dat die hele gewig van die gebou deur die pilare gedra word. Die pilare in die tempel laat op die een of ander wyse dink aan die gewig van die tempel wat deur hulle gesteun word. So 'n verklaring van die belofte sou egter dadelik bots met die toestande van die lewe in die hemel. Die

oorwinnaar sal 'n pilaar in die tempel van God gemaak word, maar seer sekerlik nie om die gewig van die koninkryk van God en van die onbeskryflik skone lewe in die hemel te dra nie. Wee die hemel en die lewe in sy voorhowe as die gewig op menslike pilare moet rus, al sou hulle niemand minder as die oorwinnaars in die kerk van Christus wees nie! As dit die geval was, sou die gewelf van die hemel sekerlik barste vertoon, en die lewe in die opstandingswêreld sou in gevaar gestel word. Die gewig van die hemel en van die lewe in die koninkryk van God kan deur slegs één pilaar gedra word, en daardie pilaar is die Here Jesus self. "En onder — ewige arms!" Die arms van ewige liefde en ewige mag, wat Gods werk te midde van 'n vyandige wêreld ondersteun het, in die hart van die mens sowel as in die lewe van die kerk, sal tot in alle ewigheid voortgaan om die gewig van die volbragte werk van God te dra.

Dit is dus duidelik dat ons in 'n ander rigting moet soek na die betekenis van die tempel en van die pilare daarin. En ek glo dat ons 'n tweevoudige betekenis kan sien: die eenwording van die pilaar met die tempel, en die blywende verbintenis van die pilaar met die tempel.

Kyk na 'n groot tempel. Sy poorte is oop, sodat mense kan inkom om te aanbid. Sy voorhowe is ook oop, en kinders kom daarin speel, terwyl sy dak gasvryheid verleen aan die voëls wat hul nes daar gebou het. Dit alles is egter tydelik en verbygaande. Wanneer die winter kom, verlaat die voëls hul nes op soek na warmer lande. Van die kinders bly net die weerklank van hulle gelag in die verlate voorhowe van die tempel, as hulle die skuiling van hulle tuistes opsoek. En die verbygangers wat gekom het om in sy gewyde atmosfeer te bid, laat slegs die gloed van hulle gebede agter, terwyl hulle self deur die eise van die lewe weggeroep word. Hulle was almal slegs besoekers in die tempel; hulle het gekom en gegaan. Hulle is daarheen gebring deur die besef van 'n besondere behoefte, en nadat daardie behoefte vervul was, het hulle hul reis voortgesit en die tempel agtergelaat. Maar so is dit nie met die pilaar binne-in die tempel nie. Dit is nie 'n voël wat sy vlerke uitstrek om weg te vlieg nie. Dit is nie 'n buitestaander wat 'n paar oomblikke versuim, op soek na 'n geskikte omgewing vir sy gebed, en dan weer weggaan nie. Die pilaar is deel van die "wese" van die tempel. Dit is 'n essensiële, integrerende deel van die tempel. Dit kan die tempel nie verlaat nie. Alleen wanneer die tempel self afgebreek word, sal die pilaar daarvan geskei word.

Dit is hier dat ons moet soek na die boodskap wat hierdie beeld van die tempel en die pilaar daarin aan die lesers van die brief oorgedra het. En hierdie boodskap hou nie slegs één besondere aspek van die oorwinnaar se lewe in nabye gemeenskap met God in nie, maar die wese van daardie lewe. Die mens het al verskeie kere in die een of ander soort betrekking tot God getree. Hy het bewus geword van die behoefte om met God in aanraking te kom. Die tyd moes aanbreek dat hy oor die drumpel van die tempel sou stap om te bid. 'n Skielike, onverwagte nood het hom op sy knieë gebring, en die dringendheid van sy nood het hom daartoe gebring om die gevoel van sy hart in die Goddelike teenwoordigheid uit te stort. En toe God hom sy begeerte skenk, het hy waarskynlik die seën aangeneem en sy rug op God gekeer, sodat hy die seëninge van God vry van Gods teenwoordigheid kon geniet. 'n Ander het miskien 'n vae genot in die gemeenskap met God geskep en daarom doelbewus Sy teenwoordigheid gesoek. Maar die dag het aangebreek dat hy hom na elders gewend het op soek na 'n beter en blywende vreugde, en net die weerklank van die vroeëre genot het in die voorhof van die tempel oorgebly. Of dit kan wees dat hy sy nes op die dak van die tempel gebou het. Hy het in 'n lewende gemeenskap met God 'n blywende huis vir sy lewe, sy belange en strewe gesoek. So het hy 'n loseerder in die huis van God geword. Maar die winter het aangebreek met koue winde uit die noorde. Die wind van vervolging het skielik begin waai. En op 'n dag is die nes wat op die dak van die tempel gebou was, leeg gevind. Die inwoner van die huis van God het na lande met 'n warmer klimaat weggevlieg.

So is dit nie met die pilaar van die tempel nie. Die pilaar bly. Dit kan nie weggaan nie. Die verbintenis van hierdie man se hart met die hart van God is van 'n ander, 'n meer blywende, 'n ewige aard. In somerhitte, in winterkoue sal die pilaar binne-in die tempel gevind word. In die sonskyn van voorspoed en in die donker wordende duisternis

van die storm sal daardie man 'n integrerende deel van Gods ewige wêreld bly.

Daar kon nouliks aan die kind van God, waar of in watter tydperk hy leef, 'n meer gerusstellende belofte gegee gewees het. Maar vir die eerste ontvangers van hierdie brief was dit opvallend dat hierdie belofte op 'n besondere wyse by hulle eie bepaalde omstandighede ingepas het. Want die stad Filadelfia het in 'n gebied gelê wat veral aan aardbewinge blootgestel was. 'n Aardrykskundige van die ou tyd sê van Filadelfia dat daar nie 'n enkele dag verbygaan sonder dat die stad deur 'n aardbewing geskud word nie, en hy spreek sy verbasing uit dat daar mense is wat dit waag om hul huise op sulke onvaste en bedrieglike grond te bou. Vir mense wat in 'n stad gewoon het wat aan sulke aardskokke onderhewig was, kon geen beeld aantrekliker gewees het as die van 'n pilaar wat nie beweeg of geskud kan word nie, maar vas staan in die tempel van God.

Hierdie beeld is 'n besonder aangename vir elke kind van God, omdat die menslike lewe self op grond gebou is wat aan aardbewinge onderhewig is; oor al die werke van die mens hang die dreigement van vernietiging. Mense wat byna nooit die grond vas onder hulle voete gevoel het nie, en keer op keer deur die aardbewinge van 'n onvaste lewe getref is, verlang geen beter belofte as die wat in die beeld van die sterk, onwankelbare pilare binne-in die tempel opgesluit lê nie.

Wanneer ons van die onbestendigheid van die menslike lewe spreek, moet ons verduidelik dat ons geen uitsondering vir die geestelike lewe maak nie. Nee, juis omdat die ontvangers van hierdie brief Christene was, is dit die Christelike lewe waarop dit veral betrekking het. Die geestelike lewe, daardie ware en egte gemeenskap tussen die mens en God, is inderdaad gebou op grond wat geneig is om deur aardbewinge getref te word. Is daar grond wat meer aan aardbewinge blootgestel is as die menslike hart? Kan u na u geestelike seismograaf kyk en nie die aanduiding van 'n hele reeks aardbewinge sien nie? Gelukkig is die persoon wat slegs 'n paar sporadiese en swak trillinge in sy geestelike ondervinding kan tel. Maar daar is ander wat kwaai aardskokke gely het en selfs barste in hulle geestelike gebou waargeneem het. Geen groter seën kan aan hierdie mense belowe word nie as dat hulle lewe nie vir altyd op die onvaste grond van die geestelike Filadelfia sal voortduur nie. Hierdie hoofstuk van hulle lewe sal eendag vir goed afgesluit word, en die hart wat die bitterheid van onvoorsiene veranderinge en hewige oorgange geken het, sal eindelik rus vind in die kalm atmosfeer van die tempel met die pilare wat nie geskud kan word nie.

Terwyl ons van Gods tempel spreek, het ons byna vergeet dat Johannes in 'n ander deel van sy visioen die versekering gee dat daar geen tempel in die hemel sal wees nie. Inderdaad, toe hy 'n beskrywing van die stad van God gegee het, het hy die besonderheid bygevoeg: "En 'n tempel het ek nie daarin gesien nie." Hoe moet ons nou die belofte van die tempel en die pilaar daar binne-in versoen met die verklaring dat daar geen tempel in die hemel sal wees nie?

Ons moet onthou dat die tempel hier op aarde 'n plek van kontak tussen die siel van die mens en God is. Maar so 'n behoefte sal nie langer in die opstandingslewe bestaan nie, en in hierdie sin is geen tempel daar nodig nie; daar sal die siel tot 'n ander lewensvlak opstyg, waarin sulke aanrakingspunte nie langer nodig sal wees nie, omdat die hele wese van die gelowige een eindelose verbintenis met God sal wees. Dit is daarom dat Johannes, nadat hy gesê het: "'n Tempel het ek nie daarin gesien nie," voortgaan en byvoeg: "Want die Here God, die Almagtige, is sy tempel, en die Lam."

Ek dink die saak is duidelik. Hier op aarde het ons tempels van verbinding met God, tempels van ontmoetinge met Hom. En ons moet erken dat hierdie oomblikke van gemeenskap, hierdie ontmoetinge maar af en toe voorkom en dun gesaai is. Selfs ons beste tempels hier benede is almal op Filadelfiese grond gebou en aan aardbewinge blootgestel. In die lewe hiernamaals sal sulke tempels nie langer bestaan nie. Wanneer die laaste hewige omwenteling van die dood die op aarde gevormde tempels vernietig het, sal die gelowige hom in die wye tempel van die onmiddellike teenwoordigheid van God bevind. En van daardie tempel sal die gelowige die onwankelbare pilaar wees.

Wat kan ons uit hierdie beeld aflei van ons toekomstige lot? Die hart is vol ontsag by die gedagte aan daardie wonder, en die lippe aarsel om die groot, onuitspreeklike geheim te fluister. Die boodskap van hierdie beeld word aangevul deur 'n ander verwysing in die Woord van God na die glansryke toekoms van die gelowige. In sy eerste brief skryf Johannes: "Dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie; maar ons weet dat ons, as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees." Kan die mens heerliker woorde sê? "Aan hom gelyk!" Dit is presies dieselfde onuitspreeklik skone toekoms wat deur die beeld van die tempel en van die pilaar daar binne-in voorspel word — die eenwording van die persoonlikheid van die gelowige met die van sy Here. 'n Mens aarsel om uitdrukking aan sulke gedagtes te gee, en tog skyn die Woord van God ons gees in daardie rigting te lei: ontmoetinge met God hier op aarde, wat uitloop op die samesmelting van ons persoonlikheid met Syne daarbo; besoeke aan Sy tempel hier op aarde, wat ons pilare van die tempel daarbo maak. Maar die laaste woord oor hierdie voorstelling van die lewe in die hemel word in die naskrif van die laaste van die sewe briewe gevind. Daarby kom ons later.

Dit word vir ons duidelik dat ons gedagtes hier van die laaste boek van die Bybel na die eerste teruggelei word — terug na die eerste bedryf van die drama van die menslike lewe! Toe het die vyand die mens ingefluister: "Jy sal sekerlik nie sterf nie! As jy van die vrug van daardie boom eet, sal jy nie sterf nie, maar jy sal soos God word!" Dit was dan tog nie 'n leuen nie! Of liewer, die leuen was des te gevaarliker omdat dit die kiem van die waarheid bevat het. Ons sou inderdaad soos gode geword het as ons maar net geduldig genoeg gewees het om die vrug van daardie boom uit die hande van God te ontvang. Maar ons was te haastig! En hoewel Gods plan daardeur nie verydel is nie, is die vervulling vertraag. Die avontuur van sonde het tussenbei getree en die uurwerk van God se plan vir die mens het 'n tyd lank stilgestaan. Maar slegs 'n tyd lank. Want in sy laaste stadiums sal ons verlossing ons na daardie boom teruglei, en wat die duiwel in ons ore gefluister het, sal dán waar word — op Gods wyse. God sal dan aan Sy mense die vrug van daardie boom gee en hulle sal "aan Hom gelyk wees". Hulle sal pilare in Sy tempel word, 'n onafskeidbare deel van Gods eie omgewing.

Ons kan hier slegs kortliks na die ander kant van die heerlike belofte kyk. En ons sien dat ook dít in dieselfde rigting wys. Volgens hierdie belofte sal die Naam van God, die naam van die nuwe Jerusalem, en die nuwe Naam van Christus op die oorwinnaar geskrywe word. Deur die naam van 'n persoon op 'n sekere gebou te graveer, word aangedui dat daar 'n besondere verband tussen hom en die gebou bestaan. Die tatoeëring van 'n persoon se naam op die liggaam van 'n slaaf was 'n aanduiding van besitreg. En die skryf van die Naam van God en die naam van die nuwe Jerusalem en van die nuwe Naam van Christus kan slegs beteken die daarstelling van 'n verhouding tussen die vrygemaakte persoonlikheid van die mens en die van God, wat van 'n oneindig intiemer aard sal wees as wat dit hier op aarde was.

Die Naam van die Saligmaker is reeds op die voorhoof van die gelowige geskrywe. Maar Christus het belowe dat Sy nuwe Naam op die opstandingsdag op daardie voorhoof geskrywe sal word. 'n Nuwe Naam, 'n nuwe verbond, 'n nuwe verhouding. Ons wonder wat die aard van daardie verhouding sal wees. Maar laat ons versigtig wees en nie sommer gevolgtrekkinge maak nie — in die menslike taal is daar nog nie woorde om aan daardie verhouding uitdrukking te gee nie. Pis genoeg om te sê dat dit 'n fase in ons geestelike lewe sal wees wat ons teenswoordige ervaring en ons teenswoordige vermoë ver te bowe sal gaan: die nuwe Naam van die Verlosser op ons voorhoof.

Dis egter vir ons van veel groter belang om vas te stel of daardie nuwe Naam ook op ons voorhoof geskrywe sal word. En daarvan kan ons seker wees as ons die voorwaardes wat neergelê is, vervul. Die Here het self hierdie voorwaardes aan ons bekend gemaak toe Hy in Sy brief aan die gemeente in Filadelfia gesê het: "Ek ken jou werke .... en jy het .... My Naam nie verloën nie." Dit is asof Hy gesê het: "Omdat jy My ou Naam nie verloën het nie, sal Ek My nuwe Naam op jou voorhoof skrywe. Omdat jy daar benede die verhouding wat jou siel aan My verbind het, geëerbiedig het, sal Ek jou nou in 'n nuwe verhouding inlei; Ek sal jou na 'n nuwe vlak van geestelike lewe voer; Ek sal jou

met 'n nuwe band aan My verbind."

Laat elkeen van ons die vervulling van hierdie merkwaardige beloftes vir homself toeëien. Mag God ons in staat stel om die Naam van ons Saligmaker hier op aarde *te* eer, sodat Hy by die aanbreek van die opstandingsdag Sy nuwe Naam op ons voorhoof mag skrywe, en ons pilare in Sy tempel mag maak.

13. Die Brief aan Die Gemeente in Laodicea (I)

[Openb. 3:14-22]

14 En skryf aan die engel van die gemeente van die Laodicense: Dít
sê die Amen, die getroue en waaragtige Getuie, die begin van die
skepping van God:
15 Ek ken jou werke, dat jy nie koud is en ook nie warm nie. Was jy
tog maar koud of warm!
16 Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit
my mond spuug.
17 Want jy sê: Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek
nie; en jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en
arm en blind en naak is nie.
18 Ek raai jou aan om van My te koop goud wat deur vuur gelouter is,
sodat jy kan ryk word; en wit klere, dat jy jou kan aantrek en die
skande van jou naaktheid nie openbaar word nie; en salf om jou oë
te salf, sodat jy kan sien.
19 Almal wat Ek liefhet, bestraf en tugtig Ek. Wees dan ywerig en
bekeer jou.
20 Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en
die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom
maaltyd hou, en hy met My.
21 Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit op my
troon, soos Ek ook oorwin het en saam met my Vader op sy troon
gaan sit het.
22 Wie ‘n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.

DAAR BLY in die briewebesteller se sak maar een brief oor toe hy hom suidwaarts haas. In sekere opsig is dit die droewigste brief van almal. Dit is ook die teerste. Dit is gerig aan die gemeente in die stad Laodicea.

Hierdie brief is die droewigste van almal omdat dit die enigste is waarin die Here dit onmoontlik gevind het om ná Sy bestraffing selfs één enkele woord van aanprysing te gee. Selfs in die dooie gemeente van Sardis was daar 'n groepie lewende Christene wat 'n paar woorde van lof uit die mond van die Here ontvang het. Was daar nie so 'n groep gelowiges in die gemeente in Laodicea te vinde nie? Die brief wat die Here aan daardie gemeente gestuur het, gee geen aanduiding van die bestaan van so 'n groep nie. Dit is waarlik droewig dat die Here 'n brief aan een van Sy gemeentes stuur en dat Hy, hoe Sy liefdevolle hart ook verlang om dit te doen, geen woord van lof daarby kan voeg om in 'n mate die bitterheid van Sy bestraffing te verlig nie.

Terselfdertyd is hierdie brief die teerste van die sewe briewe. Die bestraffing het gekom uit 'n hart wat vol liefde was vir die gemeente aan wie die brief gerig is. Daarom het die Here, toe Hy dit nie moontlik gevind het om by Sy bestraffing 'n lofbetuiging te voeg nie, 'n liefdevolle uitnodiging daaraan toegevoeg, die mooiste en innigste uitnodiging op die bladsye van die Nuwe Testament. Daardie gebaar van liefde kon nie onderdruk word nie. Hoe anders as die ander briewe was hierdie brief wat onder in die briewebesteller se sak gelê het! Dit was somber en troosteloos, die enigste onder die sewe wat nie deur 'n woord van lof of 'n teken van goedkeuring versier is nie. Maar die altyd liefdevolle hart van die Here het die gebrek aan lof vergoed deur daardie innige uitnodiging aan hulle te rig. Daardie sware brief is op 'n golf van liefde na die leraar van die gemeente in Laodicea gedra.

Die lede van die gemeente in daardie stad was natuurlik heeltemal onbewus van die toedrag van sake. Hulle gemeente was 'n gemeente wat 'n hoë dunk van sy eie lewe en

bedrywigheid gehad het. En nie sonder rede nie. Toe die briewebesteller van Patmos die treetjies klim en die plek van aanbidding in die stad Laodicea binnestap, het hy hom in 'n indrukwekkende plek bevind. In die ander gemeentes wat hy tot dusver besoek het, kon hy nie anders as om tekens van armoede op te merk nie. Maar niks dáárvan in die gemeente in Laodicea nie! Elders het hy moeilike probleme en dringende behoeftes gesien — nie hier nie. Die lede van die gemeente het hom meegedeel: "Ons is ryk en het aan niks gebrek nie." Is dit vreemd dat dit juis daardie grootpratery van die gemeente in Laodicea was wat aanleiding gegee het tot die bittere klag van die Here teen hom? Die rykdom waarin die gemeente in Laodicea geleef het, was die oorsaak van sy geestelike agteruitgang — ten eerste, omdat daardie rykdom die gemeente gehelp het om 'n hoogmoedige en onafhanklike gees te ontwikkel, wat hom al verder van sy Here af weggelei het, sonder dat hy daarvan bewus was; en, ten tweede, omdat die materiële belange wat met die rykdom gepaard gegaan het, soos die dorings van die gelykenis opgekom en stadig maar seker die geestelike lewe in die hart van die Laodicese Christene verstik het.

Die gemeente in Laodicea is voorwaar 'n treffende voorbeeld van die wyse waarop 'n omgewing sy stempel op die lewe van 'n gemeente kan afdruk. In plaas van sy getuienis vir die Here in die stad Laodicea te lewer en 'n krag ten goede te wees, het die gemeente onder die invloed van hierdie stad gekom en sy kenmerkende kleur aangeneem. Laodicea was een van die belangrike handelsentrums van die westelike deel van Klein-Asië. Die vemaamste produk van die distrik was wol, en die verwerking daarvan het groot bedrywigheid in die stad Laodicea meegebring. Hierdie wol was oor die hele destydse wêreld beroemd omdat dit so sag en glinsterend swart was. Cicero, Plinius en ander het met gloed gewag gemaak van die rykdom wat hulle in Laodicea teëgekom het en van die hoë lewenstandaard wat daar geheers het.

Dit was vanselfsprekend dat die rykdom van die stad sy stempel op die karakter en gedrag van die burgers sou afdruk. Die seuns van Laodicea was almal manne wat bekend was vir hulle openhartigheid en onafhanklikheid van gees. Hulle het goed geweet hoe groot die mag van geld was, en hulle was trots dat daardie mag in hulle hande was. En die mag het op onmiskenbare wyse invloed op hul karakter uitgeoefen. Slegs 'n paar jaar voordat die brief uit Patmos daar aangekom het, is Laodicea, saam met 'n aantal ander stede in Klein-Asië, deur 'n aardbewing vernietig. Soos verwag kan word, het hierdie stede by die Senaat van Rome aangeklop om hulp vir hul heropbou. Almal — met uitsondering van Laodicea! Daardie trotse stad het hom nie so verneder om hulp te vra nie! Dit het gelyk asof selfs die puinhope in Laodicea die gees van onafhanklikheid uitgeadem het. En dit het nie lank geduur nie of daardie trotse stad het, sonder enige hulp van buite, uit sy puin opgestaan, skoner as ooit tevore.

Dit was die kleur wat die stad Laodicea op die gemeente van Christus, wat in sy midde ontstaan het, oorgedra het. Die lede van daardie gemeente het 'n hoogmoedige en selftevrede gees ontwikkel, wat hulle langsamerhand van Christus vervreem het. Daartoe het dit onvermydelik gelei omdat nederigheid die onmisbare onderbou van die Christelike lewe is. 'n Noodsaaklike voorvereiste van die lewe van die gees is 'n diepe gevoel van afhanklikheid. So begin daardie lewe in 'n mens se hart: met die diepe bewussyn dat hy volstrek niks besit nie en dat hy alles uit die hande van God moet ontvang. En *so* groei daardie lewe: met die voortdurende diepe besef dat dit niks besit waarmee dit die daaglikse stryd teen sy baie vyande kan voortsit nie, en dat dit moet voortgaan om alles uit die hand van God te ontvang.

Maar wat van die hart van die Laodiceër? Hoe kan so 'n hart die gevoel van afhanklikheid verstaan en aanvaar? Die Laodiceër sal nie sy hand uitsteek om 'n geskenk te ontvang nie. En as hy dit tog gedoen het toe hy sy saligheid aanvaar het, was dit alleen omdat hy dit op geen ander wyse kon verkry nie. Nou is hy egter van plan om in sy eie krag en deur sy eie vermoë te lewe. En noodwendig maak dit enige kontak tussen sy hart en Christus onmoontlik. Die Laodiceër voel nie in elke besonderheid van sy daaglikse lewe die behoefte aan Christus nie; hy kan vir homself sorg. En so onttrek Christus Hom langsamerhand aan die Laodiceër se lewe.

Maar daar is ook materiële belange met die besit van rykdom gemoeid. En hierdie sake is van groot belang in Laodicea. Die Laodiceërs is gebore handelaars, en hulle handelsbetrekkinge is vir hulle van die allergrootste belang. Die stringe glinsterende swart wol het as 't ware soos sterk arms om die Laodiceërs gevou en die sorge van hul handelsbelange het toegeneem en hul geestelike lewe verstik. So het die besondere soort godsdienstige lewe in Laodicea ontstaan. Dit is die lewe van 'n lou gemeente; die lewe van 'n gemeente wat slegs die helfte van sy toewyding aan Christus gee, onderwyl hy die ander helfte vir die wêreld afsonder.

Daar is sekere soorte ou manuskripte wat as "palimpseste" bekend staan. Hulle was stukke perkament waarvan die oorspronklike skrif afgeskraap is om plek te maak vir die skrywe van 'n nuwe teks. Omdat die oorspronklike teks egter uit 'n historiese oogpunt of andersins waardevoller mag wees as die wat daaroor geskrywe is, het wetenskaplikes 'n metode ontwikkel om die ou teks weer na die oppervlak te bring. En so gebeur dit dikwels dat dele van sowel die ou en die nuwe teks in 'n "palimpses" leesbaar is.

Die hart van 'n Laodiceër is soos 'n soort godsdienstige "palimpses". Christus het die woorde van Sy liefde en verlossing oor die Laodiceër se ou lewe geskrywe. Maar die ou letters was diep in die weefsels van daardie lewe ingeverf. Wêreldse belange en ambisie en die liefde vir rykdom was so diep in die hart van die Laodiceër gewortel dat die ou teks met verloop van tyd weer aan die oppervlak verskyn het en die woorde wat Christus geskrywe het, feitlik verdring het. So is die lou Christen, die Christen wat een voet op die smal pad van Christus het en die ander op die breë pad van die wêreld. Só is die Christen met die verdeelde hart.

Wat het Christus om aan hierdie lou Laodicese Christene te sê? "Ek ken jou werke, dat jy nie koud is en ook nie warm nie. Was jy tog maar koud of warm! Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit My mond spuug." Is dit nie eienaardig nie? Is dit moontlik dat die Here iemand liewer koud wil hê? Is dit nie verkiesliker dat iemand ten minste liewer lou as heeltemal koud sal wees nie? En tog het die Here duidelik verklaar dat Hy eerder verkies dat 'n persoon koud moet wees as lou. Dis omdat daar meer hoop is vir 'n man wat koud en onverskillig staan teenoor die eise van die geestelike lewe as vir iemand wat lou is. Daar is veel meer hoop vir 'n wêreldling wat nog nooit onder die invloed van die evangelie gekom en sy hart vir die liefde van Christus oopgemaak het nie as vir die persoon wat die Christelike lewe net begin ervaar het en nou sy lewe versigtig tussen die twee wêrelde verdeel: 'n deel aan die wêreld van die vlees en 'n ander deel aan die wêreld van die gees.

Wat het Christus nou te sê aan hierdie welgestelde en selftevrede gemeente? "Jy sê: Ek is ryk .... en jy weet nie dat dit jy is wat arm is nie." Wat 'n skerp kontras tussen die Here se oordeel oor die toestand van die gemeente en die oordeel van die gemeente self! 'n Mens kan nie anders as om hierdie gemeente met die gemeente in Smirna te vergelyk en om die teenstelling tussen die twee raak te sien nie. Ook die gemeente in Smirna het hom in 'n ryk omgewing bevind, in 'n groot handelsentrum. In sy geval het die omgewing egter nie daarin geslaag om sy stempel op die lewe van die gemeente af te druk nie. En hierin lê die kontras. Aan die gemeente in Smirna het die Here gesê: "Ek ken jou armoede, maar jy is ryk," terwyl Sy boodskap aan die gemeente in Laodicea was: "Jy sê: Ek is ryk, maar jy weet nie dat jy arm is nie." Daar is twee maatstawe van waarde en twee maniere om die menslike hart te meet: die maatstaf van die wêreld en die maatstaf van God. Volgens die maatstaf van die wêreld kan 'n mens arm wees, maar die Here vertel hom: "Jy is ryk." Aan die ander kant kan iemand volgens die maatstaf van die wêreld, *oi* volgens sy eie oordeel, as ryk beskou word, en tog kan dit wees dat die Here aan hom moet sê^ "Jy is arm en naak." Ek wonder wat die Here se oordeel sou wees as Hy ons eie persoonlike lewe, of die lewe van ons besondere gemeente sou meet. En laat ons nie uit die oog verloor dat die lewe van 'n gemeente uit die saamgestelde lewe van sy lede bestaan nie. Sou die oordeel van die Here ons eie gemeente dan langs die van die ryk maar naakte Laodicea stel, of langs die van die armoedige en tog so ryk Smirna?

Aan hierdie ryk, maar tog arm gemeente het die Here twee raadgewinge gegee en twee uitnodiginge gerig. Sy eerste raadgewing is: "Ek raai jou aan om van My te koop." Om te koop! Verkoop die Here dan Sy seëninge? Bied Hy hulle nie verniet aan nie? Natuurlik bied Hy hulle verniet aan. Maar die Laodiceër, met sy sterk kommersiële instelling, weet goed dat 'n mens op die een of ander manier tog betaal vir alles wat jy kry, al word dit jou ook vry aangebied. Christus se geskenke moet met die munt van nederigheid betaal word. En vir die trotse hart van die Laodiceër was dit inderdaad 'n hoë prys. Hoe kan 'n hart wat daarop roem: "Ek is ryk en het aan niks gebrek nie," hom so verneder om sy armoede en naaktheid en sy algehele afhanklikheid van die genade van Christus te erken?

Maar wanneer die trotse hart hom verneder en die prys betaal het, sê die Here aan hom: "Neem nou!" En hy bied drie dinge aan, dinge waarvoor die distrik van Laodicea beroemd was. Laodicea was veral beroemd vanweë sy mediese skool en die *kollurion,* 'n spesiale oogsalf wat daar voorberei is. "Neem," sê die Here aan die Laodicese Christene, "neem *kollurion* en salf julle oë daarmee, sodat julle kan sien. Ek bied julle nie die *kollurion* aan wat in julle stad vervaardig word en net vir die oë van die liggaam goed is nie, maar die *kollurion* van die Heilige Gees, wat die oë van julle siel sal genees, sodat julle in staat sal wees om julle ware toestand te sien en julle armoede te besef."

Slegs wanneer hulle oë só geopen is, sal die Laodiceërs die tweede geskenk wat Christus hulle aanbied, begeer: "goud wat deur vuur gelouter is." Hy bied hulle egte goud aan — nie die goud van die bankiers en geldwisselaars van hulle stad, wat uiteindelik sal verdof en die eienaars arm sal laat nie. Solank hulle hart aan dáárdie soort rykdom geheg was, sou hulle arm bly en hulle hart vir ewig honger wees; want geen menslike hart is nog ooit ten volle deur die materiële rykdom van hierdie wêreld bevredig nie. Alleen wanneer Christus hulle Sy eie skatte gee, die goud wat deur vuur gelouter is, alleen dán sal die Laodiceërs waarlik ryk wees.

En wanneer hulle ryk word, sal hulle in staat wees om die derde geskenk wat Christus hulle aanbied, te verkry: die "wit klere". Elke Sondag het hulle na Gods huis opgegaan in hul beste klere van glinsterende swart wol, klere van hoogmoed en onafhanklikheid. En natuurlik kon Hy hulle nie in sulke klere ontvang nie. Hoe waardig die klere ook gelyk het, hulle het die Laodicese Christene naak gelaat; daarom moes hulle hul uittrek en klee met 'n nederige, Christelike gesindheid. "Wanneer julle die geskenke ontvang wat Ek julle aanbied," het Christus aan hulle gesê, "sal julle jul geestelike insig terugkry; wanneer julle jul armoede erken het, sal julle die ware rykdom besit; en wanneer julle jul naaktheid erken, sal julle die wit klere van My geregtigheid aantrek."

By daardie eerste uitnodiging wat Christus aan Sy lou gemeente in Laodicea gerig het, het die Here 'n tweede gevoeg: "Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand My stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My." Dit is 'n merkwaardige uitnodiging.

Let, in die eerste plek, op die klag van die Here, 'n klag wat 'n verbasende en bedroewende werklikheid aan die lig bring. Sy woorde: "Ek staan by die deur," gee te kenne dat Hy buitekant staan. En hoe vreemd dit ook mag lyk, is hierdie woorde nie tot wêreldlinge gerig nie, maar tot mense in Sy eie gemeente. Staan 'n oomblik by hierdie woorde van die Here stil en probeer om hulle droewige betekenis te begryp. Die Here buitekant Sy eie gemeente! Daar was 'n tyd toe Hy binnekant was. Toe die gemeente bestaan het uit mense wat nederig was, met 'n sterk bewussyn van hulle afhanklikheid van hul Here, was Hy binnekant, in die middel van daardie gemeente se lewe, in die hart van sy aanbidding. Maar geleidelik het die hoogmoed van die gemeente besit geneem; die lede het hulle klere van suiwer swart Laodicese wol — 'n simbool van hulle onafhanklikheid — aangetrek, en hul hart het vol van wêreldse sorge en belange geword. Die dag het aangebreek dat Christus buitekant Sy gemeente gevind is. Almal was binnekant — behalwe Christus. En die arm Laodiceërs, beklee met die fatsoenlikheid van hulle swart klere, omring deur die rykdom van hulle materiële voorspoed, opgeblase

deur hul gevoel van selfgenoegsaamheid, het nie agtergekom dat die Here nie daar was nie. Hulle het gemeen dat hulle lewe vol was, maar dit was leeg! Dit is 'n verskriklike toestand vir 'n gemeente om in te verkeer. Dit is 'n droewige verloop van sake as 'n gemeente wat voorheen al die seëninge van die Here se teenwoordigheid geniet het, Hom dwing om buite sy hoofingang te staan.

Wat het Christus gedoen toe Hy Hom buitekant Sy gemeente bevind het? 'n Mens sou verwag dat Hy die deur sal oopbreek om weer binne te kom. Of dit sou nog meer waarskynlik wees dat Hy alle belang in daardie lou en hoogmoedige gemeente sal verloor en hulle aan hulself oorlaat. Maar Christus het geeneen van hierdie dinge gedoen nie. Hy het buitekant Sy gemeente bly staan, aan die deur bly klop en voortgegaan om hom die boodskappe van Sy liefde te stuur. En wanneer iemand Sy klop hoor en die deur vir Hom oopmaak — ja, dan sal Christus ingaan en saam met hom aan tafel sit. Wat 'n mooi en ryk betekenis lê in daardie klein uitdrukking opgesluit: "Ek met hom en hy met My"! Dit beteken dat die blydskap van Christus, wanneer Hy weer in die hart van die lou Christen kom en beheer oor sy lewe verkry, net so groot sal wees asof Hy aan 'n tafel sit wat deur daardie Christen vir Hom berei is, en van die vrug van die moeitevolle lyde van Sy siel eet en versadig word. Dan sal Hy sonder versuim Sy eie tafel dek, waar Hy die weer ontwaakte Christen sal onthaal, en die Christen sal uiteindelik besef hoe honger sy siel en hoe leeg sy lewe was. En die feesmaal rondom hierdie tafel sal geen einde hê nie.

Ek wonder of daar onder die lesers van hierdie boek iemand is wat hom in die geestelike omgewing van Laodicea bevind. Daar was 'n tyd toe sy hele lewe aan Christus gewy was. Maar langsamerhand het wêreldse belange Christus uit die middelpunt van sy lewe verdring. Aan so 'n Christen wil ek die vraag stel: Kan u Hom hoor? Kan u die klop aan u deur hoor? Het u waarskynlik gedink dat Hy sou weggaan? Dit was 'n groot fout! Christus gaan nie weg nie. Sy liefde vir u is nou nog teerder, Sy uitnodiging nog hartliker. Maak tog nou die deur van u hart oop! U sal nooit gelukkig wees nie tensy u Christus weer in u lewe verwelkom, Hom die plek aanbied wat aan Hom behoort, en by die tafel van Sy liefde aansit.

14. Die Brief aan Die Gemeente in Laodicea (II)

[Openb. 3:14-22]

14 En skryf aan die engel van die gemeente van die Laodicense: Dít
sê die Amen, die getroue en waaragtige Getuie, die begin van die
skepping van God:
15 Ek ken jou werke, dat jy nie koud is en ook nie warm nie. Was jy
tog maar koud of warm!
16 Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit
my mond spuug.
17 Want jy sê: Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek
nie; en jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en
arm en blind en naak is nie.
18 Ek raai jou aan om van My te koop goud wat deur vuur gelouter is,
sodat jy kan ryk word; en wit klere, dat jy jou kan aantrek en die
skande van jou naaktheid nie openbaar word nie; en salf om jou oë
te salf, sodat jy kan sien.
19 Almal wat Ek liefhet, bestraf en tugtig Ek. Wees dan ywerig en
bekeer jou.
20 Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en
die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom
maaltyd hou, en hy met My.
21 Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit op my
troon, soos Ek ook oorwin het en saam met my Vader op sy troon
gaan sit het.
22 Wie ‘n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.

ONS KOM nou by die naskrif by die laaste brief wat die briewebesteller uit Patmos na die sewe gemeentes in Asië gebring het, en ons sal nou die laaste beloftes bestudeer wat die Here aan die oorwinnaars in Sy kerk gegee het. En onmiddellik besef ons dat dit die heerlikste van al die beloftes is wat die Here deur middel van hierdie briewe aan Sy gemeentes gegee het. "Aan hom wat oorwin," het Hy aan Sy getroues in daardie trotse en selfgenoegsame gemeente geskrywe, "sal Ek gee om saam met My te sit op My troon, soos Ek ook oorwin het en saam met My Vader op Sy troon gaan sit het."

In ons studie van die beloftes wat in die naskrifte van hierdie briewe vervat is, het ons een vir een die sporte bestyg van die leer van die lewe van volle versadiging — die lewe wat gegee sal word aan diegene wat deur die genade van God onder die oorwinnaars gevind sal word. En noudat ons ons voet op hierdie laaste sport gesit het, voel ons dat ons met hierdie laaste belofte die hoogtepunt bereik het en dat dit heeltemal onmoontlik is om nog hoër op te klim. In hierdie laaste belofte bied die Here ons nou iets aan wat deur niks oortref kan word nie. In die voorafgaande beloftes is bome en krone en wit steentjies ons aangebied — almal simbole van die skoonheid van die lewe van die oorwinnaar in die opstandingswêreld. Maar in hierdie belofte word ons die Here se troon self aangebied. In die loop van ons studie van die naskrifte van die vorige briewe het ons deur die sale van die hemelse paleis gestap, en wat ons daar gesien het, het ons hart met ontsag vervul. Nou bevind ons ons meteens in die troonsaal self. En ons sien dat Hy wat op die troon sit, opstaan om die oorwinnaar te verwelkom, en ons hoor Hom sê: "Jy het in die stryd geseëvier!

Kom sit saam met My op My troon, net soos Ek oorwin het en saam met My Vader op Sy troon sit."

Voordat ons verder gaan, moet ons op 'n interessante feit let. Dit is deur middel van die brief aan die lou gemeente in Laodicea dat ons nou in die troonsaal ingelei word. Dit

was in Laodicea dat die gemeente die laagtepunt in die Christelike lewe bereik het, en as gevolg daarvan kon die Here geen enkele woord van lof vind om by Sy brief aan daardie gemeente te voeg nie. Dit was egter aan 'n handjievol mense in daardie gemeente dat die heerlikste van al die beloftes gegee is. Waar die kerk sy laagtepunt bereik het, roep die belofte van God hom tot Sy heerlikste hoogtepunt.

Dit is 'n verrassende feit, en tog is dit net wat 'n mens van die hart van God sou verwag. Dit is vir die verlore kind dat die deure van die Vader se huis altyd oopstaan. Dit is vir die kind wat sy Vader bedroef en seergemaak het dat die tafel gedek word. Dit is vir die seun wat die Vader se geskenke verkwis en die beste deel van sy lewe in die skande van daardie ver land van sonde deurgebring het, dat die beste kleed in die Vader se huis en die ring weggebêre is. En dit is vir die mense in die geringste van die sewe gemeentes dat die deur van die troonsaal in die hemel oopgaan.

Laat niemand die besondere boodskap van bemoediging en hoop mis wat hierdie laaste naskrif aanbied nie. Laat dit veral spreek tot diegene onder die lesers van hierdie boek wat voel dat hulle in hul geestelike lewe nie aan die verwagtinge van die Here voldoen nie; tot diegene wat voel dat hulle versuim het om aan hulle Saligmaker te gee wat Hom toekom; tot diegene wat daarvan bewus is dat hulle hul Meester bedroef en teleurgestel het. En meer nog, laat hierdie boodskap diegene bereik wat voel dat hulle van Christus afgedwaal het; diegene wat, soos die lede van die gemeente in Laodicea, skielik tot hulle droefheid en verbasing ontdek dat die Here nie langer in hulle midde is nie, maar dat Hy buitekant die geslote deur van hul hart staan.

Laat ons oordenking aan al die bogenoemdes die volgende boodskap bring: "Moenie tou opgooi nie! Daar is vir julle nog tyd om dinge reg te maak. Nog 'n geleentheid word julle aangebied om by die bende oorwinnaars aan te sluit en op die troon van Christus te sit. Laat julle verlede agter julle. Laat die kaal boom van julle lewe wat deur die sprinkane van sonde verwoes is, nuwe blare uitstoot en nuwe vrugte voortbring. Christus bied julle nou 'n nuwe uitnodiging, 'n bewys van Sy liefde. Antwoord met julle hele hart daarop, en julle sal vind dat hierdie laaste en heerlikste van al die beloftes van God vir julle weggebêre is."

Terwyl ons by die deur staan wat na die troonsaal lei, kan dit ons nie ontgaan nie dat daar 'n duidelike verskil is tussen hierdie belofte van die Here en die in Sy vorige briewe, met die moontlike uitsondering van die belofte wat aan die gemeente in Thiatire gegee is. Tot hiertoe is sekere dinge deur Christus aan die oorwinnaars toegesê; wat Hy nou aanbied, is iets wat met Hom gedeel word. "Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My op My troon te sit. Saam sal ons die inhoud van hierdie laaste en heerlikste van al My beloftes geniet." Op hierdie wyse vereenselwig die Here Hom baie duidelik met die oorwinnende gelowige, en terselfdertyd openbaar Hy nie net 'n stukkie, 'n faset van die oorwinnaar se lewe in die hemel nie, maar die wese van daardie lewe in sy volkomenheid. En die wese van daardie lewe word opgesom in die vereniging van die gelowige met sy Here, 'n vereniging wat ons verstand te bowe gaan. "Ons sal aan Hom gelyk wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is." "Julle sal saam met My op My troon sit."

'n Mens wonder of Johannes nie, toe hy die brief neergeskrywe het terwyl die Here dit dikteer, gedink het aan 'n voorval wat baie jare tevore plaasgevind het nie. Dit het plaasgevind in die laaste dae wat die Here voor Sy lydenstyd saam met Sy dissipels deurgebring het. 'n Vreemde gesindheid het in daardie laaste dae onder die klein groepie dissipels ontstaan. 'n Voorgevoel van iets belangriks wat op die punt staan om te gebeur, het in daardie eenvoudige harte posgevat. Hulle was vol verwagting. Wie weet, dit mag wees dat die groot dag waarna geslagte lank uitgesien is, nou eindelik sou aanbreek. Miskien sou hulle Meester opstaan en die troon van Dawid vir Homself eis. Daar was nie 'n enkele hart in daardie klein groepie wat nie deur hierdie verwagting met ontsag vervul is nie. Maar terwyl die res van die dissipels net in daardie salige verwagting geleef het, het Johannes handelend opgetree. Saam met sy broer Jakobus, en vergesel deur hulle moeder, het hulle na Jesus gekom en versoek dat Hy in daardie

koninkryk wat Hy nou enige oomblik sou uitroep, aan hulle die twee belangrikste plekke sou gee, die twee trone aan weerskante van die troon van die Koning.

Johannes was sonder twyfel 'n ambisieuse jong man. En ons sien dat Jesus nie 'n enkele woord van veroordeling vir sy ambisie gehad het nie. Hoewel daar selfsugtige en ander twyfelagtige motiewe mee gemoeid was, was daar aan die grond van Johannes se ambisie 'n verlange om naby Christus te wees. Hierdie ambisie, wat ongetwyfeld deur al die dissipels gedeel is, is in Johannes se geval verder gedryf as wat enigeen van die ander dit sou gewaag het. En nou, terwyl die hoogbejaarde Johannes oor die stuk perkament buk waarop hy skryf wat die Here aan hom dikteer, moet hy in 'n opwelling van vreugde meteens besef het dat die Here by wyse van hierdie naskrif 'n antwoord op daardie ou versoek van hom gee — met die verskil, dat die antwoord sy ambisieuse versoek van vroeër ver te bowe gaan. Want God het behae daarin om aan Sy kinders in so 'n mate te gee dat dit hul stoutste verwagtinge ver oortref. Johannes het net 'n troon langsaan die troon van Christus gevra. Dit was reeds durf genoeg. Maar nou sê Christus aan hom: "Nee, as jy onder die oorwinnaars is, sal jy saam met My op My eie troon sit!"

En die woorde wat Hy by daardie belofte voeg, moet Johannes opnuut herinneringe gebring het aan daardie gebeurtenis in die verre verlede. Want die Here het bygevoeg: "Net soos Ek oorwin het en op die troon van My Vader gaan sit het." Op die byna vergete dag van hulle versoek het die Meester nie geweier om dit toe te staan nie; Hy het hulle net gevra: "Kan julle die beker drink wat Ek aanstons gaan drink, en gedoop word met die doop waarmee Ek gedoop word?" Die beker en die doop — simbole van die pyn en vernedering wat Hy binnekort sou ly. 'n Treffende ooreenkoms voorwaar tussen die antwoord wat die Here toe aan Sy dissipels *gegee* het en die woorde wat Hy nou by die belofte gevoeg het. Daardie keer het Hy aan hulle gesê: "Die troon waarvoor julle vra, sal julle s'n wees op voorwaarde dat julle die beker van vernedering met My sal deel." En nou sê Hy vir hulle: "Vir julle sal dit wees om op My troon te sit as julle kan oorwin soos Ek oorwin het."

Met ander woorde, by Sy verheerliking sal daar 'n noue vereenselwiging van die dissipel met die Meester wees, mits daar 'n ewe noue vereenselwiging met Hom in die tyd van Sy vernedering was. "Julle sal julle daar bo baie naby My bevind," sê Christus aan Sy mense, "as julle hier op aarde dig by My bly."

Die woordjie "soos", wat die oorwinning van die dissipel met die oorwinning van Christus verbind, verdien 'n noukeuriger beskouing van ons kant. "Soos Ek oorwin het!" Hoe het Christus oorwin? Dit is belangrik dat ons 'n duidelike antwoord op hierdie vraag kry, want aan ons word gesê dat ons alleen in staat sal wees om saam met Hom op Sy troon te sit as ons oorwinning soos Syne is.

Die veld van ondersoek wat hierdie vraag open, is baie uitgestrek en 'n groot aantal antwoorde — almal goeies en gepastes — kom by ons op. Daar is egter één besondere antwoord wat miskien die mees gepaste van almal is, en wat kan help om ons tot by die kern van die saak te bring.

Ek is geneig om te dink dat die Here toe Hy gesê het: "Ek het oorwin", veral gedink het aan die oorwinning oor die listigste van al die versoekinge waarmee Hy gedurende Sy aardse lewe te kampe gehad het. Dit was in die woestyn dat die Bose Hom met baie en 'n verskeidenheid van versoekinge aangeval het. In een daarvan het hy al die koninkryke van die wêreld aan Christus getoon, en vir Hom gesê: "Sien U hierdie dinge? Hulle is almal myne, en ek gaan hulle aan U gee. Was dit nie die doel van U koms na die aarde nie? Het U nie gekom sodat U U troon op hierdie aarde kan oprig nie? Nou ja, ek gaan U help om daardie doel te verwesenlik op 'n baie makliker wyse as die wat U gekies het. U sal in staat wees om heerskappy oor die koninkryke van die aarde te verkry sonder om na die kruis te gaan!"

Dit was die kern van die listige influistering van die Satan. En dit moet 'n besonder sterk versoeking vir onse Here gewees het, omdat Sy heilige natuur in opstand gekom het teen die kruis en Sy vereenselwiging met die vuilheid van die sonde van die wêreld,

waarvan dit 'n voorstelling was. En nou is die geleentheid Hom aangebied om Sy begeerte vervul te sien en die troon sonder die pynlike ondervinding te verkry. Ek voel dat Sy oorwinning oor hierdie bepaalde versoeking in die Here se gedagte was toe Hy gesê het: "Soos Ek ook oorwin het en op die troon van My Vader gaan sit het." Sy oorwinning het daarin bestaan dat Hy geweier het om die troon te verkry deur die kruis te vermy. En dit is presies die boodskap wat Hy tot die van Sy dissipels rig wat gretig is om hulle die inhoud van hierdie laaste belofte van Hom toe te eien. "Verlang julle," vra Hy, "om saam met My op My troon te sit? Dan moet julle eers oorwin. En julle moet dit op dieselfde wyse dom as Ek. Julle kan nie in die opstandingslewe op die troon sit as julle die kruis in die lewe hier op aarde vermy nie — My kruis, waardeur julle sondes vergewe is, en julle eie kruis, wat julle daagliks om My ontwil moet opneem. Dit sal vir julle onmoontlik wees om My heerlikheid in die hemel te deel, tensy julle eers My vernedering hier op aarde gedeel het."

Ons moet erken dat ons voorstelling van die lewe in die hemel soms taamlik oppervlakkig en armoedig is. Ons hoor van trone en krone en eerbewyse wat gegee sal word aan die wat in daardie skone lewe ingaan, en ons hart spoor ons aan om daarop aanspraak te maak, sonder dat ons ernstige aandag gee aan die voorwaardes wat nagekom moet word om die eerbewyse te ontvang. Ons toegang tot die hemel hang uitsluitend af van ons geloof in die versoeningswerk van Christus. Dit is 'n genadegawe. Niks anders kon ooit daardie deur vir ons oopgemaak het nie. Maar om aanspraak te maak op die eerbewyse van die hemel, op die troon en die kroon — daarvoor moet aan sekere voorwaardes voldoen word, en die vervulling is geheel en al in ons eie hande. En die voorwaarde waarvan ons plek op die troon afhang, is die kruis. As ek die arbeid en die swaarkry hier op aarde vermy; as ek verkies om die Meester alleen op die gelyke en maklike paaie te volg; as ek versuim om vir Sy Naam te getuig omdat dit vernedering vir my sou beteken, het ek die kruis hier onder vermy. En ek sal vir seker die troon daar bo nie ontvang nie.

Die verlies van die troon sal inderdaad baie droewig wees! Om die onmeetlikheid van hierdie gawe te besef, moet ons let op drie dinge wat gesimboliseer word deur die troon, daardie mooiste van al die simbole wat deur die briewe in die possak van Patmos aan ons gegee word.

Ten eerste, die troon waarop Christus sit en wat Hy aan die oorwinnaars aanbied, stel rus voor. Die Here het na ons aarde gekom om 'n bepaalde taak te verrig. Dit was moeilike en pynlike werk. Alleen Sy heilige en sondelose hart kon die pynlikheid daarvan peil. Dink aan die vermoeienis en ontberinge van die drie-en-dertig jaar van Sy vrywillige verlating van die heerlikheid wat Hy by die Vader gehad het van voordat die wêreld geskape is; aan die pyn en skande waarmee daardie tydperk ten einde geloop het: die vernederende ondervindinge in die paleis van die hoëpriester, toe hulle vir Hom gesê het: "Profeteer nou, o Christus! Wie is dit wat U geslaan het?"; die doringkroon op Sy hoof e_n die riet in Sy hand; en toe Golgota! Daar, aan die kruis vasgespyker, toe Hy tussen hemel en aarde gehang het, het Hy die afskuwelikheid van die mens se sonde soos 'n skuimende, onreine golf oor Hom voel breek. Vir die duur van 'n korte en ewige oomblik is die hemel self vir Hom gesluit, en toe Christus die Vader se aangesig weggekeer sien van die sware las van sonde wat Hy dra, het Hy die angsvolle kreet gegee: "My God, My God, waarom het U My verlaat?"

Dit was pynlike werk. Maar uiteindelik het dit ten einde geloop. En ons kan ons met alle eerbied voorstel dat 'n diep gevoel van verligting die hart van die Here vervul het toe Hy, nadat Hy Sy werk volbring het, na Sy Vader teruggekeer het. En daar het Hy op Sy troon "gesit", om te rus van die arbeid, die pyn en die angs waarmee daardie werk gemoeid was.

Dieselfde gebeur met die oorwinnende Christen. Ook in sy geval sal die troon sekerlik rus beteken. Geen worsteling meer vir hom nie; geen noodsaaklikheid meer om te stry nie; geen moeë gees en vermoeide liggaam meer nie. Die swaar wapenrusting sal vir altyd weggesit word, en die oorwinnende Christen sal op die troon sit om te rus. Dáár sal

vir almal rus wees. Maar hoeveel aangenamer sal daardie rus wees vir hom wat weet dat hy sy plig gedoen het, dat hy die werk wat die Here aan hom toevertrou het, afgehandel het, dat hy nie die kruis vermy het nie. En omrede van daardie voltooide werk wag die troon en die rus nou op hom.

Ten tweede, die troon waarop Christus gaan sit het, stel koninklike mag voor. Daar was nooit 'n tyd dat Christus nie 'n koning was nie. Maar toe Hy na ons aarde gekom het, het Hy, sonder om vir 'n oomblik van Sy koninklike status afstand te doen, deur 'n vrywillige daad van selfvernedering opgehou om Sy koninklike mag uit te oefen — iets wat vir die menslike verstand heeltemal onbegryplik is. Dit was die jare van Sy vernedering. Op Pilatus se vraag: "Is U 'n koning?" het Hy bevestigend geantwoord. Toe Petrus in die tuin van Getsémané sy swaard getrek het om Hom te beskerm, het Christus hom beveel om dit in sy skede terug te sit, omdat — so het Hy daarby gevoeg — twaalf legioene van engele op Sy bevel dadelik tot Sy hulp sou snel. Maar die opdrag is nooit gegee nie. Die legioene van engele is nie opgeroep nie, omdat die Koning, om Sy eie redes, verkies het om nie van Sy koninklike mag gebruik te maak solank Hy tussen ons woon nie. Daardie tydperk van vernedering het egter op 'n end gekom; die Koning het weer op Sy troon gaan sit. Hy, wat die bitterheid van verlaging en vernedering gesmaak het, het weer die septer in Sy hand geneem en op die troon van Sy Vader gaan sit, om weer Sy koninklike mag uit te oefen.

Dit is ook die geval met die oorwinnende Christen. Ook hy is 'n koning. Christus self het hom met koninklike mag beklee. Maar hierdie koning gaan hier op aarde deur die dal van vernedering. Hy reis deur vyandige gebied, en die uitoefening van sy koninklike mag is beperk. Maar die tyd sal kom wanneer die pelgrimsreis deur die dal van vernedering verby sal wees, en dan sal die inhuldiging van die koning plaasvind. Hoe heerlik sal die oomblik wees wanneer Christus die Koning aan Sy dissipel sal sê: "Jy het oorwin. Jy het vir My Naam getuig. Jy het My kruis gedra. Kom nou na My troon; kom deel met My My koninklike mag oor hierdie heerlike en uitgestrekte koninkryk van My."

Ten slotte, die beeld van die troon van Christus dui 'n noue en innige gemeenskap met die Vader aan. Dit was vanweë ons sondes dat hierdie gemeenskap vir 'n korte oomblik aan die kruis verbreek is. Maar dit behoort tot die verlede. Daar is versoening gedoen: daardie indringer, die sonde van die mens, is oorwin. Niks kan nou tussen die Vader en die Seun kom nie. En meer nog, daardie jare van vernedering het 'n nuwe, mistieke gemeenskap tussen die hart van die Vader en die hart van die Seun geskep.

Dit is ook waar van die oorwinnende Christen. Hy geniet in die teenswoordige lewe 'n diepe en lewende gemeenskap met die Vader. Maar in die opstandingswêreld sal hy 'n nuwe en oneindig meer intieme en bevredigende gemeenskap met Hom hê — 'n gemeenskap wat mooi gesimboliseer word deur sy plek op die troon van die Vader. Die mate van daardie nuwe gemeenskap en sy presiese aard sal egter afhang van die wyse waarop die gelowige hier op aarde gemeenskap met God gesoek het, en van die mate waarin hy dit ontwikkel het. Hoe geseënd sal die uur wees wanneer die Here aan die oorwinnaar sal sê: "Daar onder op aarde, in die dal van beproewing, het jy gemeenskap met My gesoek en jou gemeenskap met My op jou knieë ontwikkel. Kom nou na My troon. Laat Ek jou in 'n gemeenskap inlei wat baie inniger en mooier sal wees as die wat die beperkinge van die lewe op aarde jou ooit kon laat geniet het."

Hoe droewig gaan dit wees as ek dit alles moet mis! As ek die hemel binnegaan omdat die bloed van Christus my sondes weggewas het, maar tog nie toegelaat word om in die troonsaal te gaan nie! Laat ons die ernstige boodskap van hierdie naskrif ter harte neem. Ons is almal daarvan bewus dat ons geestelike lewe nie is wat dit behoort te wees nie. Ons het die sprinkane van die wêreld toegelaat om 'n groot deel van ons lewe te verslind. Ons het te lank in die geestelike klimaat van Laodicea gewoon. Daarom is die naskrif van die brief aan die gemeente in hierdie stad veral tot ons gerig. Sy boodskap is: "Daar is nog hoop. Julle het nie julle aanspraak op die troon onherroeplik verbeur nie. Julle kan nog vir die verliese van die verlede vergoed. Betaal julle geloftes nou aan julle Here en wy julle opnuut aan Hom, sodat die troonsaal vir julle geopen mag word." Mag

God gee dat ons almal mekaar op daardie groot dag op die treetjies van die troon sal ontmoet.

EPILOOG

DIT IS met gemengde gevoelens dat ons by hierdie laaste deel van ons studie kom. Daar is 'n gevoel van dankbaarheid in ons hart vir die seëninge wat ons uit hierdie reeks oordenkinge ontvang het. Daar is ook 'n sekere mate van teleurstelling, want ons het die onderwerp wat ons besig gehou het, maar net aangeraak; 'n groot deel van die betekenis van die boodskappe wat deur die pos uit Patmos aan die kerk gebring is, het ons ontwyk. Dit was onvermydelik, vanweë die aard van die materiaal wat ons hier behandel het.

Ons moet erken dat die persoon wat die pos uit Patmos aan die gemeentes in die provinsie Klein-Asië afgelewer het, bekend en gelief geword het, sodat ons teësinnig is om van hom afskeid te neem. Daarom sal ons met des te meer blydskap in sy geselskap 'n laaste besoek bring aan die gemeentes wat vir ons so bekend geword het.

Die vermelding van die briewebesteller laat ons dink aan die briewe wat hy moes aflewer, wat die onderwerp van hierdie reeks oordenkinge uitgemaak het— briewe wat deur 'n besondere Persoon aan 'n besondere groep mense geskrywe is. Een van die dinge wat ons by hierdie studie probeer verduidelik het, is dat die tweede en die derde hoofstuk van die boek Openbaring nie maar net deel van 'n boek of deel van 'n essay is nie, maar 'n reeks briewe, gerig aan mense wat in omstandighede geleef het wat hierdie korrespondensie noodsaaklik gemaak het, en dat die briewe met verloop van tyd nie hulle persoonlike karakter verloor het nie. Daarom moet ons hulle inhoud beskou as 'n persoonlike boodskap wat aan elkeen van ons afsonderlik gerig is.

Ons het reeds gesê dat ons teësinnig voel om van die briewebesteller afskeid te neem. Maar as ons daaroor nadink, sien ons dat dit nie nodig sal wees nie, om die eenvoudige rede dat die briewebesteller nie opgehou het om sy rondte by die gemeentes te doen nie. Die hemel het nie opgehou om boodskappe aan hierdie klein kolonie op aarde, wat niks anders is as die kerk van Christus, te stuur nie. Ons kan in herinnering roep die treffende beeld van die Here waarmee die boek Openbaring begin. Hy is die Een wat "tussen die sewe kandelaars" van Sy gemeentes wandel, en as ons luister, sal ons die geluid van Sy voetstappe hoor. Mag hierdie warme bewussyn van die Here se werklike en lewende teenwoordigheid in die midde van Sy volk een van die grootste seëninge wees wat ons deur ons studie ontvang het.

Die briewebesteller is nie ontslaan nie; die possak is nie leeggemaak nie. Die Here het nie Sy boodskappe vir Sy gemeentes uitgeput nie. Hy gaan nooit ver van Sy kerk af weg nie. Hy is altyd byderhand om te vermaan, te versterk, te troos en te lei. En selfs wanneer die louheid van een van Sy gemeentes Hom dwing om te vertrek, gaan Hy nie heeltemal weg nie. Hy staan nog buite die geslote deur en wag geduldig tot die wat binne is, dit oopmaak om Hom weer in hul gemeentelike lewe te verwelkom. En dieselfde is waar van ons persoonlike lewe, wat ons geestelike toestand ook mag wees. As ons aan Christus behoort, is Hy altyd naby en help Hy ons om te groei in ons geestelike lewe en om in 'n nouer gemeenskap met Hom te lewe. Dus, in stede van aan die briewebesteller vaarwel te sê, verseker ons hom dat ons in die toekoms sal sorgdra dat geeneen van die briewe wat hy vir ons bring, onafgelewer na die hemel teruggestuur sal word nie, en dat nie een van Gods boodskappe ons hart koud en onverskillig sal vind nie.

Die briewebesteller se rondte was allesbehalwe eentonig, en hy moet baie interessante dinge gesien het in die gemeentes wat hy besoek het. Selfs as hy net op die stoflike sy gelet het, moet hy 'n groot verskil tussen die gemeentes raakgesien het. In Smirna het 'n eenvoudige woning as plek van aanbidding gedien; in Laodicea het hy met marmer-treetjies 'n indrukwekkende kerk binnegegaan. Maar hy sou in die aard van hul geestelike lewe 'n nog groter verskil opgemerk het. En een van die diepste indrukke wat die briewebesteller op sy reis ontvang het, moet gewees het dat die kerk van Christus uit mense en nie uit engele bestaan nie; uit mense met eienaardighede, tekortkominge en mislukkinge, maar met harte vol van opregte liefde vir Christus — 'n liefde soos geen engel kan voel nie, maar wat alleen kan ontstaan by hulle vir wie Hy gekruisig is.

As 'n engel aangestel was om Christus se briewe aan die gemeentes af te lewer, sou hy ongetwyfeld geskok gewees het om hom skielik, ná die eenstemmigheid en volmaaktheid van die hemel, te midde van die mengsel van koring en onkruid, wat die kerk van Christus uitmaak, te bevind. Maar die Skrywer van die briewe was nie verwonderd nie; Hy het goed geweet hoe diep die sonde in die menslike natuur gewortel is, en dat elke geredde siel deur 'n lang voorbereidingstyd moet gaan voordat dit bevredigend kan reageer op die groot geleenthede wat deur die lewe in die hemel aangebied word. En Hy is gewillig om hierdie voorbereidmgswerk te onderneem met 'n liefdevolle geduld soos geen engel ooit kan hê nie, want Hy is aan Sy kerk verbind met die sterkste band — die band van Sy bloed. Geen engel, hoe edel ook, sou ooit die liefde kon voel wat die hart van Christus vervul het vir 'n Saggeus, 'n Maria Magdalena of 'n Saulus die vervolger, of vir enigeen van die wat Hy van hulle sondes verlos en lede van Sy liggaam gemaak het. En nou is hierdie mense die voorwerpe van Sy teerste liefde, ondanks die teleurstellinge wat selfs die beste van hulle Hom besorg het.

Daar is 'n interessante legende in verband met Christus se terugkeer na die hemel ná Sy opstanding. Daarvolgens sou die hemele deur blydskap geskud gewees het toe dit bekend word dat die Here van Sy verblyf op aarde teruggekeer het. In 'n groot samekoms van engele en aartsengele het Christus Sy besoek aan daardie klein planeet beskrywe, en die engele het met 'n gevoel van ontsag na die vreemde verhaal van die vernedering van die Koning van die hemele geluister. Hulle het gehoor van die dag toe Hy dorstig en moeg by die put gesit en 'n bietjie water van 'n sondige vrou gevra het. Hulle het gehoor van die gasvryheid van die huisgesin in Betanië; van die nagte wat Hy op die bergtop of op die seestrand deurgebring het, omdat Hy — anders as die nederigste van Sy skepsele, wat hulle eie tuiste gehad het — geen plek gehad het waar Hy Sy hoof kon neerlê nie. Met ingehoue asem het hulle na die dramatiese slot van die verhaal geluister, toe Hy hulle vertel van die laaste aandmaaltyd in 'n bovertrek in Jerusalem en van die ure van angs wat Hy in die stilte van die tuin deurgemaak het. Hulle het gesidder by die beskrywing van die verhoor, van die spotkleed en die doringkroon, en eindelik van die kruis self. "Dit was vir My nodig om al hierdie dinge te ly," sou die Here vertel het, "sodat Ek die werk waarvoor Ek na die aarde neergedaal het, kon volbring. Nou is daardie werk volbring, en Ek het na My troon teruggekeer."

'n Diepe stilte het op die slot van die verhaal gevolg. Eindelik het een van die engele die Here 'n vraag gestel wat op die lippe van al die ander was: "En nou dat U die aarde verlaat het, Here, aan wie het U daardie werk toevertrou?" "Ek het dit aan My dissipels toevertrou," het die Here geantwoord. "Aan U dissipels? Het u aan hulle 'n werk toevertrou wat U soveel gekos het? Aan die mense wat in die mees kritieke uur van U sending op die vlug geslaan en U verlaat het! Aan mense, van wie selfs die beste U voor U vyande verloën het! Het U aan hulle so 'n groot werk toevertrou?" "Ja," het die Here geantwoord, "Ek het dit aan hulle toevertrou. Al hierdie tekortkominge wat julle opnoem, en baie meer waarvan julle nie weet nie, ken Ek maar alte goed. Maar Ek weet ook dat daar in hulle hart liefde vir My is, en ondanks al hulle swakhede sal daardie liefde, deur My genade gesteun, hulle in staat stel om My werk tot die einde toe te doen."

"Ek weet . . . Ek ken hulle." Dieselfde woorde waarmee Hy elkeen van die sewe briewe aan Sy gemeentes begin het. Hoe dankbaar behoort ons te wees dat daardie briewe geskrywe is deur Iemand wat alles van ons af weet. Hy ken ons swakhede, ons selfsug en ydele trots. Die geheime van ons hart is almal aan Hom goed bekend. En tog, ondanks dit alles hou Hy nie op om ons lief te hê en te vertrou nie, omdat Hy ook weet dat ons Hom liefhet.

Christus is 'n Vriend. Die possak van die briewebesteller van Patmos het briewe bevat wat deur 'n Vriend aan Sy vriende in die gemeentes in Asië geskrywe is. Ons intiemste vriende mag in ons teleurgestel wees; hulle liefde mag verkoel; hulle mag ons selfs verlaat. Maar Christus is 'n Vriend wat, hoewel Hy alles weet, nooit ophou om lief te hê nie. Dit moet ons met diepe dankbaarheid vervul en ons aanmoedig om ywerig die boodskappe te soek wat die daaglikse pos van die stille uur van gebed en Bybelstudie vir ons bring.

Elke woord van daardie sewe briewe is vir die gelowige dierbaar. Maar as die gemeentes wat die briewe ontvang het, gevra sou word watter deel van hulle brief hulle die meeste op prys gestel het, sou hulle seker geantwoord het: "Die naskrif!" En daar kan seker geen twyfel bestaan nie dat dit ook vir ons die betekenisvolste deel van die briewe is: terwyl die grootste deel van die briewe te doen het met die omstandighede waarin ons hier op aarde lewe, handel die naskrifte oor die wese van die lewe in die hemel. En van die twee is laasgenoemde die belangrikste.

Hierdie sewe naskrifte was sewe klein vensters waardeur ons 'n paar kort kykies op die onuitspreeklike skoonheid van die lewe in die hemel gekry het. En dit is hier dat ons die ontoereikendheid van ons studie besef. Want hoe kan ons oor die lewe in die hemel praat met die beperkte woordeskat wat hier op aarde tot ons beskikking is? Weliswaar het Hy wat hierdie briewe geskrywe het, geprobeer om ons te help deur ruim gebruik van die taal van simboliek te maak. Hy het tot ons gespreek van bome en sterre, van wit klippies en krone. Maar hoeveel van die skitterende skoonheid van die opstandingslewe kon ons selfs met hierdie middele tot ons beskikking begryp? Hoe kan 'n wurm boodskappe van die buitewêreld ontvang en verstaan solank dit in sy kokon opgesluit is? En hoe kan 'n skoenlapper die mure van sy deurdring om aan die wurm wat nog gevange gehou word, 'n beskrywing te gee van groen heuwels en skaduryke valleie, van rooskleurige sonsondergange en skuimende seegolwe? 'n Min of meer soortgelyke toestand ontstaan met betrekking tot hierdie sewe briewe. Die hemelse Sender het boodskappe van groot belang aangaande die lewe in die hemel uitgesaai, maar die menslike hart met sy beperkte ontvangvermoë kan net brokkies van daardie boodskappe opvang. In ons teenswoordige lewe, wat 'n vermenging van materie en gees is, en waarin ons gedwing word om onder die las van ons sondige erfenis te lewe, ontbreek dit ons aan die middele wat ons in staat sou stel om toestande in 'n suiwer geestelike lewe, waar geen sonde hoegenaamd meer bestaan nie, te begryp. Daarom is dit noodsaaklik dat ons gedurig bewus moet wees van ons beperkinge, en nederig en eerlik genoeg moet wees om te erken dat ons die besonderhede van daardie lewe maar net gedeeltelik kan verstaan.

Maar ondanks die fragmentariese en onvolledige weergawe van die boodskappe wat ons in staat is om op te vang, was hulle genoeg om 'n verlange na ons hemelse tuiste te wek en ons hart met ambisie te vervul.

Ek wil daardie woord "ambisie" beklemtoon. Elke Christen het 'n ander soort verlange na die hemel en 'n begeerte om daardie pragtige land van lig en blydskap te bereik. Maar alte dikwels kom hy niks verder nie. In die loop van ons studie het ons gesien dat daar verskillende grade van heerlikheid in die hemel is. En die doel van ons oordenkinge was om in ons die ambisie te laat ontstaan om die hoogste graad te bereik. Dit is hier dat die naskrifte en die hoofdeel van die briewe mekaar ontmoet. Want die toestande van ons lewe in die hemel sal afhang van die wyse waarop ons hier op aarde gelewe het. Die graad van heerlikheid daar bo sal afhang van die hoedanigheid van ons geestelike lewe hier benede. Dit is tot elkeen van ons dat die Skrywer die woorde rig: "Kan jy die beker drink wat Ek gaan drink, en gedoop word met die doop waarmee Ek gedoop word? Dan sal jy saam met My op My troon sit."

Nou kom ons by die volle definisie van die woord "oorwinnaar". Aan die begin van ons studie het ons verklaar dat oorwinning beteken om geloof in die verlossingswerk van Christus te hê. As hierdie geloof eg is, sal dit vanselfsprekend vrug voortbring. En hoewel ons toegang tot die hemel uitsluitend sal afhang van ons geloof in die kruis van Christus, sal die plek wat ons in die lewe van die hemel inneem, afhang van die kwaliteit van die vrugte van ons geloof.

Daarom besef ons dat om net na die hemel te verlang, nie genoeg is nie; ons moet ook ambisie hê. Ons moet vervul wees met die heilige drang om nie met leë hande voor ons Saligmaker te verskyn nie, maar om vir Hom te kan sê: "Hier, Here, is die twee talente wat U my gegee het; ek het nog twee daarby verdien." Ons hart moet strewe na 'n "ryke ingang" in die hemel, en nie 'n ingang "soos deur vuur heen" nie. Dit moet ons

strewe wees om van die lippe van ons Saligmaker te verneem: "Oor min was jy getrou gewees, oor veel sal Ek jou aanstel."

Hoeveel ryker sal ons lewe wees as ons hierdie ambisie ontwikkel, as ons ons gedagtes al meer sou toespits op die skoonheid van die lewe in die hemel, soos dit aan ons geopenbaar is in die naskrifte van hierdie sewe briewe!

En nou wil ek hierdie reeks oordenkinge afsluit met 'n paar woorde van aanmoediging aan elkeen van ons. Daar mag sommige van my lesers wees wat sal sê: "Ek is 'n Christen; daaroor twyfel ek nie in die minste nie. Maar ek het my geleenthede tot diens laat verbygaan, ek het my jare verkwis, ek het nie my talente tot verheerliking van Christus gebruik nie. Daarom sal ek tevrede wees met 'n minderwaardige plek in die hemel." En nou, hierdie briewe met hulle onskatbare naskrifte is aan u geadresseer. God bied u al Sy beloftes aan. En dit is nooit te laat om met hierdie strewe te begin nie. Die Here sê: "Ek sal jou vergoed die jare wat die sprinkaan verslind het." Daar is nog tyd om aanspraak te maak op die troon.

Toe Alexander die Grote gereed was om van Macedonië af met sy groot oorwinningsveldtog te begin, het hy al sy besittinge onder sy vriende verdeel. Aan die een het hy 'n stuk grond *gegee,* aan die ander 'n dorp, totdat alles uitgedeel was. Toe vra sy vriend Perdikkas hom: "Jy het ons alles *gegee* wat jy gehad het. Wat het jy vir jouself oorgehou?" Hierop het Alexander geantwoord: "Ek het hoop vir myself oorgehou — die hoop op 'n groot ryk." "Neem dan die grond en huise terug wat jy my gegee het," het Perdikkas gesê, "en laat my met jou deel in hierdie groot hoop."

Om in ons hart die strewe na hierdie groot hoop te wek, was die doel van ons studie. Die wêreld is, met alles wat dit ons aan rykdom en besittinge kan bied, nie in staat om ons siel te versadig nie. Alleen die hemel kan dit doen. Mag God aan almal van ons hierdie ambisie gee, hierdie strewe na die hemel. Laat ons hoog reik in ons strewe. En wanneer ons die hoogtes bereik, sal ons getuig: "Die helfte is nog nie meegedeel nie!"